

DIE MORFOLOGIE VAN WERKWOORDKATEGORIEË

IN DIE SOTHOTALE

deur

WILLEM JACOBUS KRUGER

Proefskrif voorgelê ter vervulling van die
vereistes vir die graad D.Litt. et Phil. in
Die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van
die Universiteit van Suid-Afrika

Promotor: Prof. D. Ziervogel, D.Litt. (Pret.)

Datum van Indiening: September 1971

ERKENNING

Hiermee word die ad hoc-toelaag wat die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir hierdie navorsing toegeken het, met dank erken. Die opinies uitgespreek en die gevolgtrekkings gemaak, is die verantwoordelikheid van die skrywer alleen en verteenwoordig geensins die menings van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

I N H O U D

	<u>Bladsy</u>
Summary	(i)
Dankbetuigings	(ii)
1. <u>INLEIDING</u>	1
Probleemstelling	1
Die term 'werkwoord'	2
Die begrip 'werkwoordkategorieë'	9
'Modus'	10
'Tyd'	12
'Aspek'	14
Bevestiging en ontkenning	17
Bekende indelings van werkwoordkategorieë in Sotho	18
Metode en aanbieding	22
2. <u>KATEGORIE A</u>	32
Inleiding	32
Kategorie A as naamwoord	33
Kategorie A as werkwoord	38
Samevatting	44
3. <u>KATEGORIE B</u>	48
Inleiding	48
Afwesigheid van onderwerpskakel	50
Die stam	52
Die stabiliseerders	52
Die uitgangsmorfeme -a en -ê	58
Die uitgangsmorfeme -ê/-e	58
Die meervoudsmorfeem -ng	59
Die toonmorfologie van stamme	61

Die voorwerpskakel en refleksief	64
Die ontkenningismorfeem -se-	67
Samevatting	67
4. <u>KATEGORIE C</u>	70
Inleiding	70
Die morfologiese struktuur	72
Die onderwerpskakel	73
Die stam	76
Die uitgangsmorfeem -a	77
Die uitgangsmorfeem -e	78
Die uitgange -ê/-e	79
Die toonmorfologie van stamme	81
Die voorwerpskakel en refleksief	86
Die morfeem -a-	88
Die morfeme -ka-, -sa- en -tla-/-tlô-	93
Die ontkenningismorfeem	95
Samevatting	97
5. <u>KATEGORIE D</u>	100
Inleiding	100
Die morfeem -ng (NS -go)	105
Die skakelelement	110
Die stam	115
Die stabiliseerder	122
Die voorwerpskakel en refleksief	125
Die ontkenningismorfeem -sa-	127
Die morfeme -ka-, -sa- en -tla-/-tlô-	127
Samevatting	128

6.	<u>KATEGORIE E</u>	133
	Inleiding	133
	Die skakelelement	133
	Die stam	134
	Die voorwerpskakel en refleksief	138
	Die ontkenningmorfeem -se-	139
	Die morfeem -tla-/-tlô-	140
	Die morfeem -a-	141
	Kategorie E as deel van 'n woordgroep	144
	Samevatting	146
7.	<u>KATEGORIE F</u>	149
	Inleiding	149
	Die onderwerpskakel	151
	Die stam	152
	Die ontkenningmorfeem -se-	155
	Die subkategorieë	157
	Samevatting	157
8.	<u>SAMEVATTING</u>	160
	Die werkwoord as uitgangspunt	160
	Morfologiese kenmerke van die kategorieë ...	161
	Sisteem van algemene morfologiese kenmerke	165
	Kategoriale werkwoordsisteem van Sotho ...	166
	Toonsisteem van skakelelemente	166
	Toonsisteem van toevallige morfeme	167
	Toonsisteem van werkwoordstamme	167
	Belangrikste morfologiese verskille tussen die drie tale	172

Paradigma van werkwoordkategorieë	175
'n Herinterpretasie van die werkwoordsisteem van Sotho	188
<u>BIBLIOGRAFIE</u>	193
Aangehaalde werke	193
Verkorte lys van ander belangrike geraad- pleegde publikasies	197

S U M M A R Y

0.1 The problem of the subject is treated in chapter 1. Terms like 'verb', 'verb categories', 'mood', 'tense', etc. are clarified. The known divisions of verb categories in Sotho are supplied. This is followed by a discussion of the methodology. Throughout the whole thesis the three Sotho languages, i.e. Northern Sotho, Southern Sotho and Tswana, are treated on a comparative basis.

0.2 The main categories A-F that have been established, are discussed in chapters 2-7. The next step is to ascertain which of the established sub-categories may be incorporated in their structures. By doing so the complete morphological structure of each main category may be determined, analysed and compared. The characteristic morphological and tone-morphological characteristics of each category is then summarised at the end of these chapters.

0.3 In chapter 8 the proposed categorial system of Sotho is summarised as follows:

Six main categories, i.e. A, B, C, D, E and F with nine sub-categories viz. (a), (b); (i), (ii); 1, 2, 3, 4 and 5. The sub-categories are mutually combineable and also combine with the main categories to form the complete verbal system of Sotho. After the complete tone system had been supplied, the outstanding morphological differences between the three languages are discussed in brief. With reference to a paradigm of verb categories, the verbal system of Sotho is consequently given.

DANKBETUIGINGS

Aan prof.dr. D. Ziervogel, my gewaardeerde promotor, vir sy bekwame en besielende leiding.

Aan prof.dr. J.A. Louw vir waardevolle wenke in verband met toonmorfologiese gegewens.

Aan mnr. A.T. Malepe en J.M. Lenake (Professionele Assistentente in die Departement Bantoetale, UNISA) en C.K. Nchabeleng (Klerk in dieselfde departement) vir hulle bereidwillige praktiese hulp.

Aan verskeie kollegas en vriende vir hulle prikkelende kommentaar en besprekings.

Aan al die proefpersone wat my gehelp het.

Aan my vrou en mnr. D.P. Lombard vir hulle hulp met die proeflees en voorbereiding van die proefskrif.

HOOFSTUK 1

INLEIDING

Probleemstelling

1.1.1 Binne die grammatiese raam van bykans elke taal bestaan 'n verskeidenheid woordkategorieë waaronder die werkwoordkategorie inbegrepe is.

1.1.2 Omdat daar verwantskap tussen die werkwoordkategorieë van Noord-Sotho, Suid-Sotho en Tswana is, met dié veronderstelling natuurlik, dat hulle deel uitmaak van die hele Sotho-taalgroep, gaan die werkwoord met sy verskeidenheid kategorieë en subkategorieë op vergelykende vlak beskrywe word. Die moontlikheid van reëlmatige sisteme vir werkwoordkategorieë in al/rie die tale moet dan oorweeg word.

1.1.3 Behalwe dat daar groot verwarring met betrekking tot die werkwoordkategorieë in die Sothotale heers, word dit dikwels as van die ingewikkeldste gedeeltes van die grammatika voorgestel. Cole onder andere, verwys ook as sodanig daarna:

Like most other Bantu Languages, Tswana has a wide variety of verb tenses, the conjugation of the verb usually being one of the most complicated aspects of Bantu grammatical structure.

(Cole, 1955, p. 235)

Studente en selfs leermeesters weet dikwels nie wat die terme 'modus', 'tyd', 'aspek', ens., behels nie. In elk geval

klassifiseer elke tweede Bantoetaalkundige hierdie terme onder verskillende subkategorieë. Duidelik beskrywende en omlynde terme ontbreek nog (vgl. 1.8.1-8).

1.1.4 Grammatici gebruik verskillende metodes wat nêrens duidelik beskrywe is nie om sisteme van werkwoordkategorieë vas te stel. Sommige het 'n semantiese benaderingswyse terwyl ander weer morfologiese kriteria aanwend. Die gebrek aan 'n behoorlike metode en tegniek vir die indeling en hersistemativering van werkwoordkategorieë, is 'n probleem wat nie die aandag kan ontglip nie.

1.1.5 Bogenoemde aspek openbaar onmiddellik die volgende probleem, naamlik: Watter taalwetenskaplike kriteria kan aangewend word by die indeling en formulering van werkwoordkategorieë? Gaan al die kriteria gelykberegtig wees of sal een of meer oorheers?

Die term 'werkwoord'

1.2.1 Aangaande die werkwoord in die Bantoetale word verskillende opvattings gehuldig waarvan die meeste prinsipieel ooreenstem. Een van die bekendstes is dié van Doke. Hy sê 'n werkwoord is

A word which signifies an action connected with a substantive or the state in which a substantive is, and is brought into concordial agreement therewith by the subjectival concord.

(Doke, 1935, p. 217)

Hoewel hierdie definisie na die morfologiese hoedanighede van die werkwoord verwys, het Doke hom grotendeels deur semantiese oorwegings laat lei.

1.2.2 Cole weer, hoewel basies baie dieselfde as Doke, verskuif die klem meer na die morfologiese karaktertrekke.

Hy sê:

A verb is a word which signifies the occurrence of an action connected with a substantive, or the state in which a substantive is, and is formed by prefixal and suffixal inflexion from a base which is intrinsically predicative in force, and is brought into concordial agreement with its substantival subject by means of a Subjectival Concord.

(Cole, 1955, p. 63)

In 'n voetnoot op genoemde bladsy sê hy dat hierdie definisie die infinitiewe en imperatiewe noodwendig uitsluit. Tog word genoem dat hulle werkwoordkenmerke bevat en dat eersgenoemde sintakties naamwoordelik is terwyl laasgenoemde interjektiewe is.

1.2.3 Met sy beskrywing van die Zoeloewerkwoord, vind Van Eeden aansluiting by Doke en Cole. Die grootste verskil is egter dat sy uitgangspunt geheel en al op morfologiese gronde gebaseer is. Soos by Cole hierbo, ondervind hy onmiddellike probleme met sy verklaring aangesien die imperatief en die infinitief nie by sy definisie betrek kan word nie (Van Eeden 1956, p. 215).

1.2.4 Wanneer Ziervogel die kenmerke van die Ndebele-werkwoord uitsonder, noem hy eienskappe wat beslis tot die oplossing van die probleem kan bydra.

Basically the verb in Nd. is composed of a stem, i.e. a root plus suffix(es).

(Ziervogel, 1959, p. 78)

Hierdie werkwoordsuffikse omvat onder andere ook 'n kenmerkende werkwoorduitgang. Dié bewering word gestaaf deur Ziervogel se opmerking oor die infinitief in Noord-Sotho:

Die Noord-Sotho werkwoord (verbum) bestaan onder andere uit 'n werkwoordstam wat op sy beurt uit 'n wortel en die uitgang -a opgebou is.

(Ziervogel, 1969, p. 9)

Behalwe die werkwoorduitgang, is die ander suffikse waarna verwys word nie noodsaaklik vir die wesentlike bestaan van die werkwoord nie aangesien hulle ingevoeg of weggelaat kan word. Hieruit word dus duidelik dat die noodsaaklike morfologiese werkwoordkenmerke, dié van wortel en uitgang is. Die vorm van die werkwoord kan wissel na gelang van die kategorie waarin dit voorkom, byvoorbeeld -a in die geval van die infinitief.

1.2.5 In die soeke na 'n beskrywing van die werkwoord in Sotho¹⁾ word dit uit voorafgaande benaderings duidelik dat die aanvaarde taalwetenskaplike prinsipes, naamlik die morfologie, die sintaksis, die semantiek en die fonologie daarin opgeneem moet wees. Hierdie benadering, en die beskrywing daarvan wat hierop volg, is gebaseer op Van Wyk se omvattende doel met woordklasindeling van Noord-Sotho, te wete:

1) Dié term veronderstel Noord-Sotho (NS), Suid-Sotho (SS) en Tswana (Tsw.).

..... 'n sisteem van woordklasse moet aansluit by alle aspekte van woordbeskrywing in alle vlakke van taalbeskrywing.

(Van Wyk, 1961, p. 70)

Eers dan wanneer dié dissiplines gesamentlik ondersoek is, kan 'n verklaring van die werkwoord verteenwoordigend van taalbeskrywing wees. Òf die een òf die ander blyk nie voldoende te wees nie.

1.2.6 Morfologies moet daar minstens onderskei word tussen noodsaaklike, algemene en toevallige werkwoordkenmerke.

Hierdie onderskeid is noodsaaklik omdat gewaak moet word teen herhaling van vorige misverstande. Hier word veral aan die posisie van die infinitief en die imperatief gedink.

1.2.7 Noodsaaklike werkwoordeienskappe is dié eienskappe wat alle werkwoorde met mekaar in gemeen moet hê. Dit veronderstel 'n wortelmorfeem plus een of ander kategoriale uitgangsmorfeem,¹⁾ byvoorbeeld Sotho: nom+a! 'stuur!'.²⁾ Die noodsaaklike kenmerke vorm die werkwoordstam wat ook ander suffigale morfeme kan insluit. Word 'n prefigale morfeem of morfeme bygevoeg, is die werkwoord volledig, byvoorbeeld SS ba+a+mp+ah+el+a 'hulle bou (dit) namens hom'. Hierdie bygevoegde morfeme is dan toevallige morfeme. 'n Aanhaling uit

1) 'n 'Kategoriale uitgangsmorfeem' is 'n morfeem wat verband hou met die kategorie waarin die werkwoord gebruik word.

2) Gedeeltes wat tussen enkel aanhalingstekens getik is, is die semantiese interpretasie van 'n saak of proses. Dié aanhalingstekens word ook vir die vertaalde gedeeltes van Sotho na Afrikaans gebruik.

'n werk van Ziervogel lig die saak verder toe:

Besides the subjectival concord an objectival concord may be employed and also a number of verb prefixes may be attached to the verb root or stem.
(Eie onderstreping).

(Ziervogel, 1959, p. 78)

Vir die doeleindes van hierdie studie word die eenvoudige stam as uitgangspunt geneem en word die toevallige suffigale morfeme dus nie vir beskrywing uitgesonder nie. Daar word egter in die besonder op die pre-stammorfeme gelet aangesien hulle saam met die uitgange kategoriaal bepalend kan wees. Hier word veral aan die onderwerpskakels en die ontkenningmorfeme gedink omdat hulle afwesigheid of teenwoordigheid die betekenis van die werkwoord kan beïnvloed.

1.2.8 Uitgesonder die kategoriale uitgangsmorfeem, is alle prefigale en suffigale morfeme toevallige werkwoordeienskappe, naamlik eienskappe wat slegs by individuele werkwoorde hoef voor te kom. Benewens die feit dat onderwerpskakels by die toevallige kenmerke ressorteer, is die voorkoms daarvan ook 'n algemene kenmerk van die werkwoord aangesien die meeste werkwoordstamme onderwerpskakels neem om die werkwoord te vervolledig. Infinitiewe en imperatiewe werkwoorde maak nou wel nie deel uit van hierdie algemene patroon nie, maar dit impliseer nog nie dat hulle buite die raam van die werkwoord moet val nie, aangesien hulle die vereiste noodsaaklike werkwoordkenmerke bevat.

1.2.9 Addisioneel tot bogenoemde morfologiese beskrywing van die werkwoord, kan sintaktiese besonderhede bygevoeg word. Daar moet in gedagte gehou word dat wanneer die term werkwoord in hierdie paragraaf gebruik word, daar na die volledige morfologies gedefinieerde werkwoord verwys word (vgl. 1.2.7).

Betreffende die sintaktiese eienskappe van die werkwoord, moet tussen noodsaaklike en toevallige valensies¹⁾ of gebruiksmoontlikhede onderskei word. Volgens die noodsaaklike eienskappe het werkwoorde die valensie as kerns van deskriptiewe bepalings met ander woorde, die morfologies vasgestelde werkwoord is sintakties dan werkwoord wanneer dit deur 'n bywoord of bywoorde-like bepaling omskryf kan word. (Beskrywende kopulatiewe in Sotho kan byvoorbeeld ook bywoorde neem, maar dit doen nie afbreuk aan die geldigheid van die definisie nie aangesien die stamme van kopulatiewe en werkwoorde nie morfologies vergelykbare eenhede is nie en dus alreeds op morfologiese vlak mekaar uitgeskakel het. Kopulatiefstamme kan byvoorbeeld nie deur dieselfde toevallige prefigale en suffigale morfeme as werkwoorde uitgebrei word nie.) Wat die toevallige valensies van werkwoorde betref, het dit 'n predikatiewe valensie wanneer die werkwoordstruktuur 'n onderwerpskakel insluit. Eers wanneer

1) Die sintaksis onderskei tussen gebruik en gebruiksmoontlikheid. Die sintaktiese gebruiksmoontlikheid van 'n woord kan sy valensie genoem word, terwyl die gebruik daarvan, gebruik in 'n bepaalde konteks is. Woorde kan dus verskeie valensies hê waarvan slegs een op 'n keer in konkrete gebruik kan voorkom. So byvoorbeeld het die naamwoord monna die gebruiksmoontlikheid om as onderwerp of as voorwerp op te tree, maar in die konteks: Monna o a ruta 'die man gee onderrig', word die naamwoord slegs as onderwerp gebruik.

die onderwerpskakel met die stam in verband tree, bestaan daar 'n onderwerp-predikaatverhouding. Indien dit so is, verklaar dit waarom infinitiewe en imperatiewe nie predikatiewe gebruiksmoontlikheid het nie. Dat hulle sintakties dieselfde noodsaaklike werkwoordeienskappe as die ander werkwoorde bevat, kan nie betwyfel word nie aangesien hulle ook as kerns van deskriptiewe bepaling gebruik kan word, bv.

NS Dira gabotse! 'Werk goed/mooi!' (imperatief)

SS Ho bala jwale. 'Om nou te lees.' (infinitief)

1.2.10 Die semantiek van die Sothowerkwoord beweeg nog op onsekere grond. Weinig is nog in dié verband gedoen, met die gevolg dat die veld vir navorsing nog braak lê. Dit is moontlik daaruit te verklaar dat die semantiek tot dusver nog onbevredigend omskryf is. Voorlopig kan aanvaar word dat die werkwoord 'die verloop en/of aard van 'n proses of handeling' aandui. Die verloop en aard van die proses kan verander na gelang van die kategoriale verband waarin die werkwoord verskyn.

1.2.11 Indien die noodsaaklike vereistes van 'n werkwoord wat dominant behoort te wees as uitgangspunt geneem word, kan die volgende as beskrywing van die werkwoord in Sotho geld: Volgens morfologiese vereistes moet dit minstens 'n wortel bevat. Sintakties moet dit as kern van 'n deskriptiewe bepaling gebruik kan word, terwyl dit na betekenisinhoud 'die aard en/of verloop van 'n proses' moet kan aandui.

1.2.12 Aangaande die fonologiese hoedanighede van die Sothowerkwoord kan niks meer gesê word nie as dat dit deel in die normale fonologiese struktuur wat op die werkwoord van Sotho van toepassing is (vgl. Van Wyk, 1961, p. 71). Hiermee word die fonologie wat die werkwoord betref as afgehandel beskou.

Die begrip 'werkwoordkategorieë'

1.3.1 Die student in 'n Bantoetaal maak vroeg reeds kennis met die sogenaamde 'modi' en 'tye'. By hierdie begrippe kan dié van 'aspek' gevoeg word, sodat die Sothowerkwoordsisteen in minstens drie hoofdelike kategorieë onderskei, te wete 'modus', 'tyd' en 'aspek'. Hierdie kategorieë staan nie op dieselfde vlak nie en elkeen het sy kenmerkende grammatiese reëls. Dié kategorieë word elkeen weer in individuele subkategorieë onderverdeel.

1.3.2 Die aantal subkategorieë verskil aansienlik. Waar sommige kenners minstens sewe subkategorieë onder modus erken, reduceer ander weer die getal aansienlik. Wat party geleerdes onder modus klassifiseer, groepeer ander weer onder aspek (vgl. 1.8.2-6).

1.3.3 Vervolgens dan 'n nadere beskouing van hierdie begrippe:-

'Modus'

1.4.1 Verskillende opvattinge word in verband met modus in die algemeen gehuldig. So byvoorbeeld noem Diver, 'n kenner van die werkwoord in Engels, die volgende in verband daarmee:

The question of 'What is modal?', can thus be referred, in the first place to the test of whether the form in question is combinable with the full set of chronological distinctions.

(Diver, 1964, p. 322)

Namate sy werk verder bestudeer is, het dit duidelik geword dat Diver se benadering hoofsaaklik daarop neerkom dat die werkwoord van Engels deur hulpwerkwoorde gemodifiseer word. Ook Lyons sluit hierby aan:

Mood, like tense, is frequently realized by inflecting the verb or by modifying it by means of 'auxiliaries'.

(Lyons, 1968, p. 307)

1.4.2 Bogenoemde definisies berus hoofsaaklik op morfologiese en sintaktiese gronde. Die semantiek het totaal agterweë gebly. Nida en Meyer de Villiers bring dit egter ter sake. Volgens Nida is modus

The psychological atmosphere of an action interpreted by the speaker.

(Nida, 1964, p. 168)

Meyer de Villiers meen:

Met modaliteit bedoel ons die kwaliteit of karakter van 'n sin in soverre dit 'n feit, 'n begeerte, of 'n veronderstelling, ens. uitdruk. Ons kan dus sê dat 'n bewering, 'n vraag en 'n bevel drie modaliteite verteenwoordig.

(Meyer de Villiers, p. 81)

1.4.3 In die Bantoetaalkunde ontbreek 'n definisie van modus byna geheel en al. Die gebrek aan genoegsame en bevredigende definisies word daaraan toegeskryf dat die term aan 'n vreemde taalstruktuur ontleen is en net so in die Bantoetaalkundige se woordeskat opgeneem is. Watter implikasie dit inhou, word nie oorweeg nie. Nou het dit mode geword om van 'n 'wyse' of 'modus' te praat ook waar daar geen besondere werkwoordvorme van dié aard is nie. Die rede is natuurlik omdat daar nie hersiene definisies van modus en ook van die ander hoofdelike en subkategorieë vir die betrokke taal wat beskrywe word, opgestel is nie. Teen die gebruik van die terme as sodanig, word nie beswaar gemaak nie, mits dit vir die betrokke taal/tale duidelik gedefinieer en geformuleer is.

1.4.4 Hoewel die meeste taalkundiges nie die ander taalwetenskaplike dissiplines summier verwerp nie, laat hulle na om die beginsels as 'n geheel by hulle definisies te betrek. Die aangewese metode sou waarskynlik wees om modus in Sotho in terme van die morfologiese, die sintaktiese en die semantiese taalbeginsels te formuleer. Benewens die feit dat hierdie beginsels individueel by genoemde taalgeleerdes opgemerk word, is dit immers verteenwoordigend van taalbeskrywing.

1.4.5 Die enigste definisie van modus waarby hierdie beginsels inbegrepe is, is dié van Ziervogel. Hy sê:

The mood indicates the form assumed by a predicative to show how the speaker views the relation between subject and predicative.

(Ziervogel, 1959, p. 142)

Die eerste gedeelte van die definisie verwys na die morfologiese, terwyl die tweede na die semantiese hoedanighede van modus verwys. In sy verduideliking verder aan, kom die sintaktiese aangeleentheid ook ter sprake. Voorts word ook aansluiting gevind by sy bewering dat:

In Bantu, form plays a very important part in the whole linguistic set-up, and in the case of moods no less than in other spheres.

(Ziervogel, 1959, p. 142)

In die meeste gevalle gee die vorm dus vir ons 'n direkte aanduiding in watter modus die werkwoord verskyn. In elk geval is die beginnerstudent hoofsaaklik op die vormlike verskille aangewese wanneer hy die verskillende modi probeer onderskei.

'Tyd'

1.5.1 Menige beskouing van tyd het verval in die aanname dat die natuurlike verdeling daarvan in die verlede, teenwoordige en toekomstige in taal weerspieël is. Hierdie aksioma word net so in die Bantoetale opgeneem en is moontlik daaraan toe te skryf dat dit die mees praktiese is. Omdat dié veronderstelling algemeen bekend is, is aanhalings oorbodig.

1.5.2 'n Verdere onderverdeling soos dié van Nida, is nie minder bekend nie:

Past tense may be divided into remote past, regular past, and near past (e.g. in many Bantu Languages) and future time may be divided into near future, regular future and remote future (e.g. in many Bantu Languages).

(Nida, 1949, p. 167)

Ofskoon hierdie benadering nog deur enkele Bantoeïste gehuldig word, is dit stelselmatig besig om prominensie te verloor. Die posisie in Sotho sal uit hierdie proefskrif duidelik word.

1.5.3 Vir SS gee Ferreira die volgende beskrywing van tyd:

Tyd dui slegs aan watter tydstip die handeling geskied, bv. of dit in die teenwoordige of die verlede gebeur het.

(Ferreira, 1964, p. 106)

Doke huldig naastenby dieselfde standpunt. Soos die meeste Bantoetaalkundiges voeg hy egter die toekomstige tyd by (Doke, 1957, p. 187).

1.5.4 Bogenoemde taalgeleerdes waag hulle op onveilige grond wanneer hulle die begrip 'tyd' met sikliese tyd in verband wil bring. Net 'n horlosie of ander instrumentele meetmiddels kan in verband met "tydstip" gebring word. 'n Liniêre verdeling van 'toe', 'nou' en 'dan', blyk ook onbetroubaar te wees. 'n Aanhaling wat Doke uit Webster se woordeboek in verband met "time" gee, sluit hierby aan:

That in which events are distinguished with reference to before and after, beginning and end; the measurable aspect of duration.

(Webster; Doke, 1935, p. 210)

Die verwarring met betrekking tot "tyd" kom klaarblyklik van die vryelike gebruik van "time" en "tense" vir dieselfde begrip. Ter verduideliking word verwys na die aanhaling van Nida hierbo. In die eerste gedeelte verwys hy na "past tense" terwyl hy verder aan van "future time" praat.

1.5.5 Wat gewoonlik byvoorbeeld onder 'teenwoordige tyd', met ander woorde 'nou' of op die moment van uiting ressorteer, kan net sowel afgehandelde handeling of items beteken. Vergelyk byvoorbeeld SS o sêbêtsa (mosêbêtsi) wat kan impliseer dat 'n persoon 'gewoonlik' en nie noodwendig 'nou' werk nie; of dat dit 'n algemeen-geldige verskynsel is dat hy werk (m.a.w. hy is nie altyd ledig nie). Dit blyk dus dat die sogenaamde 'teenwoordige tyd' semanties veel eerder in verband met 'onvoltooidheid' gebring kan word.¹⁾ Ziervogel sluit gedeeltelik by hierdie denkrigting aan. Hy sê:

The tense is usually regarded as an indication of time, of which, basically, there are three: present, past and future. In Nd. this is only partially true for, as in the case of Moods, tenses are often but a formal expression of an action which is not bound up with time.

(Ziervogel, 1959, p. 143)

1.5.6 Hoe dit ookal sy, die begrip 'tyd' in Sotho, net soos modus hierbo, moet aan die hand van die voorgestelde dissiplines hersien word. Eers wanneer dit só benader word kan verseker word dat die algemene oortreding van die verlede, naamlik om die semantiese aspek van tyd te oordryf, hom nie weer herhaal nie.

'Aspek'

1.6.1 Soos later sal blyk vleg die verskillende werkwoordkategorieë só intens inmekaar, dat hulle moeilik geïsoleer kan

1) Vergelyk 4.4.2

word. Ten opsigte van tyd sou 'n persoon byvoorbeeld geneig wees om te sê dat die twee Tswana sinne ba lema tšhemong 'hulle ploeg in die land' en ba sa lema tšhemong 'hulle ploeg nog in die land' eenders is. Dit is egter nie die geval nie. Al is albei handeling in die teenwoordige tyd, lê die verskil daarin dat laasgenoemde 'n voortgesette handeling voorstel terwyl eersgenoemde 'n gewone onvoltooide handeling is. In die taalkunde word daar nou gesê dat die twee handeling ten opsigte van aspek verskil. Kruisinga stel dit so:

Aspect is a term borrowed from Slavic philology to denote the meaning of a verbal form in so far as it expresses whether the speaker looks upon an action in its entirety or with special reference to some part - chiefly the beginning or the end.

(Kruisinga, 1931, p. 221)

1.6.2 Volgens Le Roux en Le Roux sluit aspek alles in wat betrekking het op die duur en graad van voltooiing van die handeling wat deur die werkwoorde aangedui word.

By elke handeling kan ons dink aan die voltooiing of aan die voortdoring daarvan, of dit nou al in die teenswoordige, die verlede of die toekoms plaasvind. Die begrippe voltooidheid en voortdoring bestaan dus onafhanklik van die tyd wanneer die handeling plaasvind. Ons noem sulke begrippe die aspek daarvan.

(Le Roux en Le Roux, p. 213)

'Aspek' is 'n Slawiese linguistiese begrip en die werkwoord in Slawies word daardeur oorheers. Dit word gewoonlik gekenmerk deur 'n gepaarde stel van vorme, byvoorbeeld een wat die blote proses en dikwels die voltooide proses aandui en een wat die ontwikkeling van dié proses aandui. Die belangrikheid van aspek in Slawies word ook deur Van der Merwe onderskryf. Hy sê:

Die studie van Slawies het aan die lig gebring dat die perfektiewe en imperfektiewe aspek in daardie taal nog oorheersend is en dat tydverskil sekondêr voorkom;

(Van der Merwe, 1958, p. 7)

1.6.3 In die nie-Slawiese tale kom daar ook vorme van aspek voor. Oud-Grieks het volgens Meillet 'n duratiewe, 'n momentane en 'n voltooide aspek (Meillet, 1926, p. 183-184). By sommige tale is daar by die werkwoord sintaktiese groepe wat as aspektuele kategorieë beskou word. Ander tale het weer kenmerkende morfologiese kategorieë van aspek en kan reëlmatig morfologies daarvolgens gerealiseer word.

In 'n taal soos Russies word aspek reëlmatig morfologies gerealiseer, dit wil sê vir elke tyd is daar 'n reeks aspek-formatiewe. Boyanus en Jopson sê dat in Russies:

An aspect indicates the manner of the action of a verb.

(Boyanus en Jopson, p. 77)

Die imperfektief van Russies dui aan dat 'n handeling of proses nog nie afgehandel is nie en dus nog voortgaan. Die perfektief daarenteen, veronderstel 'n afgehandelde handeling.

Every Russian verb has, with some exceptions however, the two aspects. Almost every imperfective verb may be perfectivised and vice versa almost every perfective verb imperfectivised.

(Boyanus en Jopson, p. 77)

Daar word dus opgemerk dat die begrippe 'tyd' en 'aspek' só met mekaar ineen vloei dat 'n duidelike skeidslyn kwalik getrek kan word. Trouens, dit behoort onder dieselfde opskrif behandel te word.

1.6.4 Dit is hoofsaaklik op grond van die voorkoms van sulke vorme in bogenoemde tale, dat Endemann die probleem in Sotho intensief begin ondersoek het. In 'n Voorlopige ondersoek na aspekverskynsels in Noord-Sotho; Taalfasette deel 2, p. 54-57, onderskei hy dan ook twee aspekte, te wete die perfektief en die imperfektief. Hierdie twee aspekte kom in die praesens, praeteritum en futurum voor. By 'n latere geleentheid word hierdie saak verder gevoer.

1.6.5 Dit is egter nodig om daarop te wys dat 'n logiese indeling en 'n algemeen geldige definisie van die verskillende aspekte vir alle tale onmoontlik blyk te wees omdat aspek 'n linguale verskynsel is wat by verskillende tale verskillend geïnterpreteer moet word. Aspek moet derhalwe vir elke besondere taal of taalgroep beskrywe word. 'n Beskrywing van aspek in Sotho sal weer eens aan reeds genoemde taalkundige prinsipes verantwoord moet word.

Bevestiging en ontkenning

1.7.1 Positiewe en negatiewe werkwoordvorme is by die meeste tale bekend en verg nie verdere verduideliking nie. Omdat hierdie twee vorme in die Bantoetale dikwels saam met kenmerkende morfologiese, semantiese en sintaktiese kenmerke gaan, is daar Bantoetaalkundiges wat dié verskynsels onder 'n gesamentlike hoof as 'n afsonderlike werkwoordkategorie klassifiseer. Of so 'n kategorie wesentlik noodsaaklik en relevant

is, sal mettertyd vasgestel word. Voorlopig word bevestiging en ontkenning deur die hele studie deur ingevleg omdat al die subkategorieë óf negatiewe-, óf positiewe- óf albei vorme by hulle strukture inbegrepe het. In die Sothotale val die opposisie positief teenoor negatief meesal in dieselfde subkategorie saam.

Bekende indelings van werkwoordkategorieë in Sotho

1.8.1 In verband met die indeling van werkwoordkategorieë in Sotho, word in min van hierdie indelings 'n doelgerigte onderskeid tussen die verskillende kategorieë getref. Daarom word dit geneem net soos dit deur die betrokke persone gestel is.

1.8.2 Cole dui vir Tswana twee nie-beperkte submodale vorme aan, naamlik die infinitief en die imperatief. Eersgenoemde is vir hom sintakties naamwoorde en laasgenoemde is interjektiewe. Die tweede onderverdeling, sê hy, bevat die beperkte modi; dié wat altyd 'n onderwerpskakel veronderstel. Hierdie subverdeling onderskei in 'n primêre en 'n sekondêre tipe. Die primêre modi veronderstel die indikatief en die kondisionalis en het 'n viervoudige verdeling in tyd, naamlik:

principal positive, principal negative, participial positive and participial negative There is only one secondary mood, the subjunctive.

(Cole, 1955, p. 235)

Daar word opgemerk dat Cole vyf subkategoriale modi onderskei en dat die partisipialis of situatief nie as afsonderlike

modus, soos baie ander dit doen, gekenmerk word nie. Verder word opgemerk dat die kondisionalis of potensialis vir hom 'n modus en nie 'n aspek is nie. Belangrik is dat Cole die positiewe en negatiewe vorme as bepaalde werkwoordvorme of kategorieë erken. Hy kenmerk die modi hoofsaaklik volgens morfologiese en sintaktiese hoedanighede. Daarby is dit duidelik dat hy drie basiese tye onderskei, naamlik die "present", "perfect" en die "future" (Cole, 1955, p. 259).

1.8.3 Ferreira maak voorsiening vir sewe modale vorme van die werkwoord, te wete die infinitief, die imperatief, die partisipiale modus, die subjunktief, die potensialis en die habituele modus. Tyd verdeel hy in 'n teenwoordige, 'n verlede en 'n toekomstende (Ferreira, 1964, p. 106).

1.8.4 Ziervogel sluit by Ferreira aan in dié opsig dat hy ook dieselfde modi en tye vir Noord-Sotho kenmerk. Hy onderskei hom egter met die aanduiding van toon vir die betrokke kategorieë. Hiermee word bewys dat werkwoorde met dieselfde morfologiese ooreenkomste, as gevolg van verskil in toon, aan verskillende subkategorieë kan behoort.

Uit die volgende aanhalings word afgelei watter werkwoordkategorieë Doke en Mofokeng vir Suid-Sotho uitsonder:

The Southern Sotho verb system employs two "forms", the Infinitive and Imperative, and four moods, the Indicative, the Potential, the Participial submood and the Subjunctive.

(Doke, 1957, p. 185-186)

Die rede waarom hulle die infinitief en die imperatief as twee "forms" beskou, is waarskynlik omdat hulle dit nie in verband met onderwerpskakels kan bring soos hulle met die ander modi gedoen het nie. Hierdie twee werkwoordvorme was dus vir Doke ook problematies in dié opsig dat hulle nie waterdig by sy modale struktuur wou inpas nie.

1.8.5 Doke gaan verder en sê dat:

Within the indicative and participial moods, tense may be further sub-divided in Sotho according to the implication of the action.

(Doke, 1957, p. 187)

Hy onderskei dan vervolgens 'n progressiewe, 'n eenvoudige en 'n eksklusiewe implikasie; werkwoordvorme waarvan sommige deur ander taalgeleerdes onder die term 'aspek' geklassifiseer word.

1.8.6 Wat die term tyd betref, sê Doke ook heelwat:

There are present, past and future tenses. Typical Bantu languages divide the tenses into Remote Past, Immediate Past, Present, Immediate Future and Remote Future, In Southern Sotho the time division between remote and immediate is not nearly so typical.

(Doke, 1957, p. 187)

Hieruit kan afgelei word dat hy 'n fyner tydsverdeling erken.

1.8.7 Soos Cole, sonder Doke ook 'n gesamentlike kategorie vir positief en negatief uit. Hy sê:

Apart from the conjugational separation of uni-verbal from multi-verbal tense in Sotho, there are two distinct conjugations, the Positive and the Negative.

(Doke, 1957, p. 185)

Voorafgaande opmerkings weerspieël ten minste twee opsigtelike hoofkategorieë vir die Sothowerkwoord, naamlik dié van modus en tyd. Verder is dit duidelik dat 'sekere werkwoordvorme' nie onder hierdie indelings kan kwalifiseer nie. Sulke vorms word dikwels terloops in handboeke behandel terwyl ander geleerdes graag 'n aparte kategorie van 'aspek' daarvoor wil uitsonder. In dié verband word gedink aan terme soos "die werkwoordelike voorvoegsel sa- (nog)" wat Ferreira nie onder sy kategoriale indeling plaas of kan plaas nie (Ferreira, 1964, p. 42). Ook die relatiewe werkwoordvorm neem nie 'n spesifieke plek in die werkwoordsisteem in nie.

1.8.8 Dit blyk voor die hand liggend te wees dat daar verwarring oor die indeling van hoof- en subkategoriale werkwoordvorme in Sotho heers. Tog kan geredelik aanvaar word dat hoofsaaklik drie hoofdelike kategorieë gekenmerk word, te wete modus, tyd en 'n derde wat onder meer as een kan ressonteer, naamlik aspek of implikasie. Verder word ook afgelei dat ten minste die volgende subkategorieë bestaan, of dan moontlik bestaan, naamlik die infinitief, die imperatief/bevelvorm, die indikatief/aantonende wyse, die subjunktief/afhanklike wyse, die partisipialis/situatief/deelwoordmodus, die habitualis, die progressief/persistief, die potensialis/kondisionalis, die futurum/toekomende tyd, die verlede tyd/

perfektum, die teenwoordige tyd/imperfektum en die positiewe en negatiewe vorme van die werkwoord. Nog ander bekende werkwoordvorme is die relatief, die konsekatief/verhalende tyd en die hortatief/ko-hortatief/eks-hortatief.

1.8.9 Om verwarring te voorkom, word op grond van die definisie vir 'n werkwoord in Sotho (vgl. 1.2.11), die volgende beskrywing van die begrip 'werkwoordkategorie' vir die doeleindes van hierdie proefskrif gegee: Dit is morfologies 'n werkwoord of 'n groep werkwoorde met 'n eiesoortige uitgangsmorfeem of morfeme as noodsaaklike kenmerk en 'n bepaalde pre-stammorfeem of morfeme as toevallige eienskap (vgl. 1.2.7-8). Sintakties moet so 'n werkwoord of groep werkwoorde as die kern/s van 'n deskriptiewe bepaling/s gebruik kan word, terwyl dit semanties die aard en/of verloop van 'n proses moet kan aandui (vgl. 1.2.11).

Metode en aanbieding

1.9.1 Uit die onderwerp van die proefskrif word afgelei dat die studie hoofsaaklik die morfologie as objek het. Omdat daar beswaarlik oor 'n taal gepraat en geskryf kan word sonder om semantiese en sintaktiese terme te gebruik, sal daar plek-plek tog van dergelyke terme gebruik gemaak moet word. Daar sal egter gepoog word om by die onderwerp te hou en nie die studiegebied te oortree nie.

1.9.2 Om die term morfologie te omskryf, kan gesê word dat dit die studie is van morfeme of vormelemente (wat vir die

doeleindes van hierdie studie sinoniem gebruik word) binne groter gehele van woorde, woordgroepe en sinne. 'n Morfeem of vormelement is, met Lyons se definisie as uitgangspunt,

the minimal unit of grammatical analysis the units of 'lowest' rank out of which words, the units of next 'highest' rank, are composed.

(Lyons, 1968, p. 181)

Omdat hierdie onderwerp tot die werkwoord beperk is, is die veronderstelling hier dat die morfologie so ver gaan as die studie van morfeme binne die volgende groter gehele, naamlik woorde. Dit blyk dat Lyons se definisie met betrekking tot die Bantoetale aangevul behoort te word aangesien morfeme 'n element van betekenis kan onderskei. Veral die laaste gedeelte van Ziervogel se definisie vul dan die beskrywing van 'n morfeem volledig aan:

Formatives are the component morphological elements of speech, i.e. they are the minimal elements of speech which may assume a given significance or a given function.

(Ziervogel, 1959, p. 45)

In die uitgangsmorfeme -a en -e van die onderskeie Sothowerkwoorde ba bôn+a 'hulle sien' en ba bôn+e 'hulle het gesien', word dan ook duidelik betekenselemente van onder andere onvoltooidheid teenoor voltooidheid waargeneem; 'n kenmerk wat belangrik vir kategoriale onderskeiding is. Om saam te vat: 'n Morfeem is die kleinste taaleenheid wat 'n element van betekenis kan inhou. Aangaande die werkwoord van Sotho gebeur dit soms dat die betekenselemente van twee meegaande

morfeme saam, die betekenis van 'n bepaalde kategorie ver-
volledig. Hier word gedink aan die ontkenningsmorfeem SS
ha/NS en Tsw. ga wat saam met die uitgangsmorfeem -e die
betekenisonderskeiding van ontkenning van die indikatief on-
voltooide vorm konstitueer.

1.9.3 Omdat daar soveel uiteenlopende interpretasies van
die terme vir hoofdelike- en subkategorieë vir die werkwoord-
sisteem in Sotho is, is besluit om genoemde kategorieë (vgl.
1.8.8) slegs vanuit die vormlike kenmerke te benader en selfs
nie eers die terme as sodanig te gebruik nie omdat die noem
daarvan alreeds sekere semantiese en sintaktiese implikasies
veronderstel. Hierdie kategorieë word dus bloot as morfolo-
giese kategorieë binne die morfologiese struktuur van Sotho
beskou en word op grond daarvan beskrywe. Die kategorieë
wat as uitgangspunt geneem word, word met die simbole A, B, C,
ens. aangedui. Indien 'n kleiner indeling van die bestaande
kategorieë gemaak kan word, kan die simbole 1, 2, 3, ens.
gebruik word.

1.9.4 Die metode wat gevolg is om kategorieë vas te stel,
was om 'n inventaris van al die werkwoorde van 'n besondere
taal (in hierdie geval NS), te maak. Hierop is dan vasge-
stel of die geïdentifiseerde kategorieë ook in die ander twee
tale voorkom, en of ander kategorieë dalk bygekom het. Uit
die inventaris is vasgestel dat daar semantiese, sintaktiese
en veral morfologiese ooreenkomste en verskille bestaan.

Hierdie gemeenskaplikhede is deduktief volgens die beskrywing in 1.8.9 in kategorieë gerangskik.

Kategorie A

1.9.5 Die eerste groep werkwoorde wat as kategorie vasgestel is, is dié wat 'n uitgang -a as noodsaaklike vereiste kenmerk, terwyl 'n toevallige prefigale morfeem go- (SS ho-) daarby ingesluit is. Aangesien, volgens die betekenis, 'n ooreenstemmende negatiewe vorm opgemerk is, is dié vorm geïdentifiseer as een met die uitgang -ê (SS -e) as noodsaaklike kenmerk terwyl dit saamgaan met 'n prefigale ontkenningismorfeem -se-. Saam met ander toevallige morfeme wat by die struktuur ingesluit kan word, word die kategorie deur die volgende morfologiese struktuur verteenwoordig.

- (i) prefiks go- (SS ho-).
- (ii) ontkenningismorfeem -se-/morfeme -sa-/-ka-/-tla- (NS-tlê-)
- (iii) voorwerpskakel/refleksiefmorfeem
- (iv) stam (wortel + uitgang) ¹⁾

(Vgl. Hoofstuk 2 vir voorbeelde.)

Kategorie B

1.9.6 Wat morfologies opvallend van 'n volgende groep werkwoorde was, is dat hulle met die afwesigheid van 'n

1) Vergelyk 1.2.7 vir 'eenvoudige stam'.

onderwerpskakel kan funksioneer en nog die volledige betekenisinhoud van 'n werkwoord behou, terwyl die uitgang -a kenmerkend van die positief is en die -ê (SS-e) van die negatief met die meegaande ontkenningismorfeem (-)se- vir laasgenoemde vorm. Verder is die uitgang -ê wanneer 'n voorwerpskakel of refleksiefmorfeem gebruik word, ook opvallend. Die volledige struktuur van werkwoorde met genoemde morfologiese eienskappe, sien soos volg daaruit:

- (i) ontkenningismorfeem se-
- (ii) voorwerpskakel/refleksiefmorfeem/stabiliseerdere-
- (iii) stam (wortel + uitgang)
- (iv) stabiliseerder -a/meervoudsmorfeem -ng

(Vgl. Hoofstuk 3 vir voorbeelde.)

Kategorie C

1.9.7 Kenmerkend van 'n volgende groep werkwoorde was die uitgangsmorfeem -a in die positief en -e in die negatief met 'n onderwerpskakel as noodsaaklike pre-stammorfeem. Die ooreenstemmende negatiewe vorm het ook 'n kenmerkende ontkenningismorfeem ga-/ha-(SS) getoon. Verder is volgens die betekenis vasgestel dat hierdie groep werkwoorde gemodifiseer kan word deur bepaalde agtervoegsels, wat toevallig 'n bepaalde uitgangsmorfeem -e/-ê kenmerk, om sodoende 'n voltooide vorm aan te dui. Die volledige morfologiese struktuur wat werkwoorde in hierdie kategorie kan aanneem, word soos volg aangedui:

- (i) ontkenningstuk
- (ii) onderwerpskakel
- (iii) morfeme -a-/-sa-/-ka-/-tla-(NS -tlō-)
- (iv) voorwerpskakel/refleksiefmorfeem
- (v) stam (wortel + uitgang)

(Vgl. Hoofstuk 4 vir voorbeelde.)

Kategorie D

1.9.8 'n Volgende groep werkwoorde met 'n eiesoortige betekenis en 'n bepaalde sintaktiese verband, word gekenmerk deur 'n uitgang -a in die positief en -e in die negatief, met 'n ontkenningsmorfeem -sa- wat laasgenoemde morfeem veronderstel. Wat verder kenmerkend van hierdie werkwoorde is, is dat 'n morfeem -ng (NS) (-go) suffigaal aangewend kan word, terwyl die skakelelement 'n inleidende lid kan veronderstel (vgl. 5.1.7). Die volgende dien as morfologiese patroon vir werkwoorde in hierdie groep:

- (i) skakelelement
- (ii) ontkenningsmorfeem -sa-
- (iii) morfeme -sa-/-ka-/-tla-(NS -tlō-)
- (iv) voorwerpskakel/refleksief/stabiliseerder e-
- (v) stam (wortel + uitgang)
- (vi) morfeem -ng(NS -go)

(Vgl. Hoofstuk 5 vir voorbeelde.)

Kategorie E

1.9.9 Die belangrikste morfologiese kenmerke van 'n ander groep werkwoorde uit die inventaris, is die uitgangsmorfeem -ê in die positief sowel as in die negatief. Die ontkenningsmorfeem -se- was ook baie opvallend. Die volledige morfologiese struktuur van werkwoorde met hierdie eienskappe, word soos volg saamgevat:

- (i) skakelelement
- (ii) ontkenningsmorfeem -se-
- (iii) morfeme -tla-(NS -tlô-) en -a-
- (iv) voorwerpskakel/refleksief
- (v) stam (wortel + uitgang)

(Vgl. Hoofstuk 6 vir voorbeelde.)

Kategorie F

1.9.10 Werkwoorde in hierdie groep het die uitstaande kenmerk van uitgang -e in die positief sowel as in die negatief getoon. Die onderwerpskakel neem deurgaans 'n lae toon, terwyl die ontkenningsmorfeem -se- opvallend is. Die subkategorieë kan ook nie by hierdie werkwoorde opgeneem word nie. Die volgende is die morfologiese struktuur van hierdie groep werkwoorde:

- (i) onderwerpskakel
- (ii) ontkenningsmorfeem -se-

(iii) voorwerpskakel/refleksief

(iv) stam (wortel + uitgang)

(Vgl. Hoofstuk 7 vir voorbeelde.)

1.9.11 Met hierdie proefskrif word hoofsaaklik deduktief te werk gegaan. Daar word dus vanaf die Sothotale uitgegaan en via die tale tot beskrywing. Omdat hierdie 'n morfologies-vergelykende studie van die werkwoordkategorieë van Sotho is, word die drie Sothotale bekend as NS, Tsw. en SS vergelykenderwys beskrywe. Dialektiese verskille word so ver moontlik aangetoon. Omdat NS by my die beste bekend is, word dit as uitgangspunt geneem. Waar woordbetekenisse nie in al drie tale ooreenstem nie, sal bykomstige voorbeelde uit die betrokke taal gegee word.

1.9.12 Hoewel die taak hoofsaaklik volgens sinchroniese beskrywingsmetode aangedurf word, kan die diachroniese hulpmiddele nie absoluut verwerp word nie. Daar word graag by Lyons aangesluit as hy sê:

There are many different factors, both within a language and external to it, which may determine its development from one synchronic 'state' to another.

En dan verder aan:

..... one must bear in mind that the notion of diachronic development (language-change) is most usefully applied macroscopically - that is to say, in the comparison of 'states' of a language relatively far removed from one another in time.

(Lyons, 1968, p. 49)

'n Groot fout sou begaan word as aangeneem sou word dat 'n taal van 'n betrokke gemeenskap op 'n sekere tydstip volledig eenvormig is. Daar kan nie aanvaar word dat 'n homogene taalsisteem deur 'n ander homogene sisteem op 'n bepaalde tydstip vervang kan word nie. Dit bly in elk geval 'n moeilike probleem om lynreg te onderskei tussen diachroniese taalverandering en sinchroniese variasie.

1.9.13 Toonkriteria word hoofsaaklik vir kontrole doeleindes en ter staving van morfologiese bewysmateriaal aangewend, omdat 'n verskil in toon soms as addisionele bewysstuk kan dien om twee morfologies eenderse werkwoorde in afsonderlike kategorieë of subkategorieë te klassifiseer.

1.9.14 Saamgestelde werkwoordvorme word, soos reeds genoem, nie in aanmerking geneem nie omdat dit nie woorde is nie, maar woordgroepe is (vgl. 1.9.2). Saamgestelde ontkennings wat uit gekose werkwoordvorms voortvloei, geniet egter besondere aandag.

1.9.15 Vir die insameling van materiaal is hoofsaaklik van hand- en grammatikaboeke gebruik gemaak. Verder is letterkundige werke in die besondere tale geraadpleeg. Die stof is aangevul deur veldwerk wat in die Oranje Vrystaat en in die omgewing van Pretoria gedoen is. Al die gegewens is met mnre. J.M. Lenake (Suid-Sotho, vroeër van Frankfort), A.T. Malepe (Tswana, vroeër van Hammanskraal) en

C.K. Nchabeleng (Noord-Sotho, vroeër van Groblersdal) gekontroleer. Eersgenoemde twee persone is professionele assistente in die departement Bantoe-tale aan die Universiteit van Suid-Afrika, terwyl laasgenoemde 'n klerk in dieselfde departement is.

1.9.16 In hoofstukke 2-7 word al die voorgestelde werkwoordkategorieë behandel. In 'n betrokke hoofstuk word alle literatuur oor 'n bepaalde vorm, byvoorbeeld kategorie A, opgeneem en bespreek. Daarna volg vergelykenderwys 'n beskrywing van die morfologiese kenmerke van die drie Sotho-tale. Voortvloeiend hieruit volg 'n eie interpretasie en samevatting. Bevestiging en ontkenning word oral ingeweef en word nie as afsonderlike kategorieë behandel nie. In die finale hoofstuk word die bevindinge van die vorige hoofstukke saamgevat. 'n Gevolgtrekking word hieruit gemaak en moontlike sisteme vir werkwoordkategorieë word vasgestel.

HOOFSTUK 2

KATEGORIE A

Inleiding

2.1.1 In die Bantoetaalkunde word algemeen aanvaar dat woorde in hierdie kategorie (gewoonlik met die term 'infinities' aangedui) tweeslagtige woorde is en wel in dié opsig dat hulle sowel naamwoordelike as werkwoordelike eienskappe bevat. Vergelyk Ziervogel se opmerking in dié verband:

The Bantu infinitive is also a noun. Its verbal and its substantival forms and functions are hardly to be separated.

(Ziervogel, 1959, p. 143)

Watter een van die twee kenmerke die prominentste is, bly 'n ope vraag. Cole sê die volgende in verband met die woordkenmerke van die 'infinities' en dit wil voorkom asof die naamwoordkenmerke vir hom deurslaggewend is:

Although possessing certain verbal features and characteristics which are not found in other nouns, infinitives function as nouns rather than as verbs.

(Cole, 1955, p. 96)

Dit lyk of Doke ook die identiteit van die 'infinities' as werkwoord, maar veral as modus, bevraagteken:

This form of the verb is not to be regarded as a mood; it has no subjectival concord in its formation The verbal nature of such nouns, however, must not be overlooked.

(Doke, 1957, p. 188)

2.1.2 Dit is waarskynlik op grond van die afwesigheid van onderwerpskakels dat Doke van die 'infinitief' as 'n "form" praat. Dat onderwerpskakels ontbreek, neem nou wel van sy egte werkwoordkenmerke weg, maar dit bly nog werkwoord omdat dit by geen ander woordklas, behalwe natuurlik die naamwoordklas, inpas nie. Wanneer die voorvoegsel aan die stam as klasprefiks geïdentifiseer word, is so 'n woord 'n naamwoord terwyl dit origens 'n werkwoord is. Omdat die 'infinitief' net soos ander werkwoordvorme ontken kan word, verbuig kan word en dieselfde algemeen sintaktiese werkwoordgebruike kan hê, bestaan daar nie rede om dit nie as een van die werkwoordkategorieë te aanvaar nie. Aangesien die 'infinitief' nie suiwer werkwoordelik is nie, maar ook naamwoordelike kenmerke vertoon, word dit as naamwoord en as werkwoord afsonderlik behandel.

Kategorie A as naamwoord

2.2.1 As naamwoord het kategorie A kenmerkende morfologiese eienskappe wat hom sodoende van die werkwoord onderskei.

2.2.2 Die naamwoord word gekenmerk deur 'n klasprefiks gò-, SS hò- en net soos ander naamwoorde neem die klasprefiks basies 'n lae toon, bv.

NS en Tsw.	<u>gò</u> bōna	'om te sien'
SS	<u>hò</u> bōna	

Naamwoorde in hierdie kategorie het nie soos baie ander naamwoorde 'n ooreenstemmende meervoudsprefiks nie.

2.2.3 Die naamwoordstam val toonmorfologies in twee klasse uiteen, nl. 'n hoogtoonklas (H-kl.), dit is stamme waarvan die basiese toonpatroon of H (´) begin, en 'n laagtoonklas (L-kl.), dié waarvan die basiese toonpatroon op L (`) begin.¹⁾ Slegs enkel-, twee- en drielettergrepige stamme word deur die hele proefskrif as voorbeeldstamme gebruik. Die redes hiervoor is eerstens, omdat daar hoofsaaklik in die aanvangstone belanggestel word soos dit in bogenoemde twee klasse uiteen val en tweedens, omdat voorbeelde van basiese vier- en meerlettergrepige stamme (m.a.w. dié sonder uitbreidings) baie skaars is. Die volgende is voorbeeldstamme:

H-kl.: Enkellettergrepig

-nwa 'drink', -ja 'eet', -fa 'gee'

Tweelettergrepig

-bõna 'sien', -ruta 'leer/onderrig', -roma
'stuur'

Drielettergrepig

-bolaya 'doodmaak'

L-kl.: Enkellettergrepig

-ya 'gaan', -tla 'kom', -na 'reën'

Tweelettergrepig

-lema 'ploeg'

Drielettergrepig

-rõbala 'slaap'

1) Die basiese toonpatroon is verkry van die 'infinitief' soos dit in isolasie optree. Hierdie toonpatroon geld ook as basis vir die werkwoordvorme wat hierna bespreek word.

Stamme wat nie in aldrie tale ooreenkom nie maar wat as voorbeeldstamme gebruik word, is die volgende:

H-kl.:	NS	<u>-kwa</u> 'hoor', <u>-buša</u> 'regeer', <u>-sepela</u> 'loop'
	Tsw.	<u>-busa</u> 'regeer'
	SS	<u>-busa</u> 'regeer', <u>-sébâtsa</u> 'werk'
L-kl.:	NS	<u>-wa</u> 'val', <u>-tšwa</u> 'uitgaan', <u>-apea</u> 'kook'
	Tsw.	<u>-tswa</u> 'uitgaan', <u>-batla</u> 'soek', <u>-apaya</u> 'kook', <u>-tsamaya</u> 'loop'
	SS	<u>-tswa</u> 'uitgaan', <u>-batla</u> 'soek', <u>-tebêla</u> 'wegjaag', <u>-apêha</u> 'kook', <u>-tsamaya</u> 'loop'

2.2.4 Om die 'infinitief' se bestaansreg as naamwoord verder toe te lig, kan genoem word dat dit net soos ander naamwoorde deur naamwoordagtervoegsels uitgebrei kan word. Sô byvoorbeeld word die lokatiewe agtervoegsel daarmee gebruik:

NS	<u>go</u> <u>boeng</u>
Tsw.	<u>go</u> <u>boeng</u> 'met/by die terugkoms'
SS	<u>ho</u> <u>boyeng</u>

2.2.5 'Infinitiefstamme' kan ook geredupliseer word. By enkellettergripige stamme word 'n addisionele lettergreep -e- by NS en SS en 'n -a- by Tsw. tussen die stamme ingevoeg terwyl die klasprefiks nie herhaal word nie, dit wil sê

NS	<u>go jaeja</u>	
Tsw.	<u>go jaaja</u> / <u>go jaja</u>	'die ware (grootskaalse) etery'
SS	<u>ho jaeja</u>	

Die dubbeltoon (^) op Tsw. se alternatiewe voorbeeld, is aan die samesmelting van die twee a's toe te skryf. Twee- en meerlettergrepige stamme word volledig herhaal. Die verandering in toonpatroon by hierdie stamme is opsigtelik. Waar die finale lettergreep van basiese H-stamme altyd L is, verander dié lettergreep nou na H sodat al die lettergrepe van die eerste stam H is. Dié van die geredupliseerde stam is almal L. Reduplikatiewe stamme in die L-kl. bly deurgaans L, bv.

NS	<u>-ruta</u>	:	<u>go rutaruta</u>	
Tsw.	<u>-ruta</u>	:	<u>go rutaruta</u>	'die leenderytjie'
SS	<u>-ruta</u>	:	<u>ho rutaruta</u>	

maar:

NS	<u>-lema</u>	:	<u>go lemalema</u>	
Tsw.	<u>-lema</u>	:	<u>go lemalema</u>	'die ploërytjie'
SS	<u>-lema</u>	:	<u>ho lemalema</u>	

2.2.6 Kenmerkend van naamwoorde, het die 'infinities' 'n absolute voornaamwoord wat selfstandig in die plek van die naamwoord kan optree, daarom:

NS	<u>(go bina) /gôna go lapiša basadi</u>	'dit (die gedans) maak die vrouens moeg'
----	---	--

Tsw.	(<u>gò</u> <u>ithuta</u>) / <u>gôna</u> / <u>gò</u> <u>thabisa</u> <u>bana</u> '(studie) dit verbly die kinders'
SS	(<u>hò</u> <u>tsamaya</u>) / <u>hôna</u> / <u>hò</u> <u>lapisa</u> <u>batho</u> '(die geloop) dit maak die mense honger'

2.2.7 Hoewel die meeste Bantoetaalkundiges nie voorbeelde van kwantitatiewe, aanwysende- en besitlike voornaamwoorde vir die 'infinities' in Sotho gee nie, word dit tog soos vir ander naamwoorde onderskei. Die demonstratief staan nie soos by ander naamwoorde direk met die klasprefiks in verband nie. Hier lyk die demonstratief soos dié vir die lokatiefklasse. Dit is nog 'n probleem of die pronominale afleidings dié van klas 15 of van klas 17 is.¹⁾ 'n Diepgaande studie van die naamwoord as sodanig bly 'n noodsaaklikheid. In elk geval is die kenmerkende kongruensie sisteem hier in 'n mate versteur, bv.

Kwantitatief

NS	<u>gò</u> <u>ôpêla</u> / <u>gôhlê</u> / <u>gò</u> <u>a</u> <u>lapiša</u>	
Tsw.	<u>gò</u> <u>ôpêla</u> / <u>gôtlhê</u> / <u>gò</u> <u>a</u> <u>lapisa</u>	'die hele gesing maak moeg'
SS	<u>hò</u> <u>bina</u> / <u>hôhlê</u> / <u>hò</u> <u>a</u> <u>kgathatsa</u>	

Possessief

NS	<u>moputsô</u> <u>wa</u> / <u>gôna</u> / <u>ke</u> <u>lehu</u>	
Tsw.	<u>tuêlô</u> <u>ya</u> / <u>gôna</u> / <u>ke</u> <u>losô</u>	'die resultaat daar- van (bv. van die stelery) is die dood'
SS	<u>moputsô</u> <u>wa</u> / <u>hôna</u> / <u>ke</u> <u>lefu</u>	

1) Meinhof se nommering word gebruik.

Demonstratief

NS	<u>go</u> <u>ithuta</u> / <u>mô</u> / <u>go</u> <u>a</u> <u>nthabiša</u>	
Tsw.	<u>go</u> <u>ithuta</u> / <u>gô</u> / <u>go</u> <u>a</u> <u>nthabisa</u>	'hierdie leerdery verbly my'
SS	<u>ho</u> <u>ithuta</u> / <u>hōna</u> / <u>ho</u> <u>a</u> <u>nthabisa</u>	

In die laaste voorbeeld kan gesien word dat die demonstratiewe van die drie tale onderskeidelik mô, gô en hōna is. Hulle lyk dus soos dié van die lokatiefklasse. Vergelyk ook die toonverskil van die absolute voornaamwoord van SS in 2.2.6 met dié van die demonstratief hierbo.

Kategorie A as werkwoord

2.3.1 Soos reeds genoem, behels hierdie kategorie, behalwe vir die kenmerkende naamwoordelike eienskappe, ook werkwoordelike kenmerke. Die morfologiese struktuur van werkwoorde in hierdie kategorie lyk soos volg:

- (i) prefiks go- (SS ho-)
- (ii) ontkenningismorfeem -se-/morfeme -sa-/-ka-/-tla- (NS -tlô-)
- (iii) voorwerpskakel/refleksiefmorfeem
- (iv) stam (wortel + uitgang)

Vervolgens dan 'n beskrywing van hierdie struktuur:

2.3.2 Soos by die naamwoorde, word hier ook tussen enkel- en meerlettergrepige stamme onderskei. Werkwoordstamme in

hierdie kategorie neem basies ook dieselfde toonpatroon as die naamwoordstam (vgl. 2.2.3). Dit verander egter in die volgende morfologiese verbande:

Enkellettergrepige H-stamme verander na L wanneer 'n voorwerp- of refleksiefmorfeem ingevoeg word. Dié verandering geld ook in die negatief, bv.

NS	<u>g</u> o d <i>í</i> j <i>á</i>	
Tsw.	<u>g</u> o d <i>í</i> j <i>á</i>	'om dit te eet'
SS	<u>h</u> o d <i>í</i> j <i>á</i>	

NS	<u>g</u> o se d <i>í</i> j <i>ê</i>	
Tsw.	<u>g</u> o se d <i>í</i> j <i>ê</i>	'om dit nie te eet nie'
SS	<u>h</u> o se d <i>í</i> j <i>ê</i>	

2.3.3 Twee- en meerlettergrepige H-stamme bly in sowel die negatief as in die positief, deurgaans H, bv.

NS	<u>g</u> o i <th>u</th> t <i>á</i>	u	
Tsw.	<u>g</u> o i <th>u</th> t <i>á</i>	u	'om te studeer'
SS	<u>h</u> o i <th>u</th> t <i>á</i>	u	

NS	<u>g</u> o se i <th>u</th> t <i>ê</i>	u	
Tsw.	<u>g</u> o se i <th>u</th> t <i>ê</i>	u	'om nie te studeer nie'
SS	<u>h</u> o se i <th>u</th> t <i>ê</i>	u	

Hierdie neiging is by aldie die tale dieselfde, maar ons volstaan by voorbeelde uit SS:

hò lèta thòjane 'om die hele nag op te sit', maar
hò ithòka 'om self te prys'
hò apêha 'om te kook', maar
hò dì apêha 'om dit te kook'

2.3.6 Soos die geval by ander werkwoordstamme, kan die werkwoordstam deur enige werkwoordagtervoegsel, behalwe -ilê, uitgebrei word. Die gedrag van die werkwoordstamme se toonpatrone met die ekstensies by aldie tale is eenders, naamlik stamme in die L-kl. met ekstensies bly deurgaans L oor al die lettergrepe, bv.

-lèma 'ploeg'
-lèméla 'ploeg vir/namens'
-lèmélana 'ploeg vir/namens mekaar'

Drie- en meerlettergrepige H-stamme se eerste twee lettergrepe neem altyd H, terwyl die res deurgaans L is, bv.

-bolaya 'doodmaak'
-bolayana 'mekaar doodmaak'
-bolaêlana 'namens mekaar doodmaak'

2.3.7 In die positief is die uitgangsmorfeem van die werkwoordstam -a en in die negatief -ê (SS -e). Die ontkennings-

morfeem -se- veronderstel altyd die uitgang -ê/-e en vice versa. Dié morfeem kan in sekere Tsw. (vgl. Cole, 1955, p. 97) en noordelike NS-dialekte (vgl. Ziervogel, 1969, p.75) 'n -sa- wees met die daarmee gepaardgaande uitgangsmorfeem -e. Die toon van die ontkenningismorfeme is konsekwent L en word nie deur ander morfologiese faktore beïnvloed nie, dus

NS	<u>gò se bônagalê</u>	/	<u>gò sà bônagale</u>
Tsw.	<u>gò se bônagalê</u>	/	<u>gò sà bônagale</u>
SS	<u>hò se bônahale</u>		

'om nie vir (iemand) sigbaar te wees nie'

Dat die uitgangsmorfeem in SS -e, d.w.s. meer geslote is as Tsw. en NS se -ê, kan aan Nguni-invloed toegeskryf word. Vgl. Zoeloe ukungafiki 'om nie aan te kom nie'; angiboni 'ek sien nie'. Die nouer -e van SS neig beslis na die nog nouer -i van Nguni.

2.3.8 In paragrafe 2.3.2-4 hierbo word opgemerk dat die werkwoord 'n voorwerpskakel of 'n refleksiefmorfeem kan neem. Indien die toon in genoemde paragrafe vergelyk word, sal opgemerk word dat dit in alle morfologiese omstandighede H is. Dit verander egter na L wanneer die morfeme -ka-, -sa- en -tla-/~tlô- dit vooraf gaan soos in 2.3.9 hieronder opgemerk kan word.

2.3.9 Die morfeme -ka- ('potensialis'), -sa- ('persistief/progressief'), -tla-/-tlô- ('futuratief'), kan ook by die werkwoord geïnkorporeer word. Die ooreenstemmende negatiewe vorme is nie gebruiklik nie. Hoewel die vorm -sa- in NS en SS nie meer so aktief in die werkwoord gebruik word nie, is dit by Tsw. nog algemeen gebruiklik, bv.

go sa ithuta go tla mo thusa 'om nog te studeer sal
hom help'

Na aanleiding van hierdie voorbeeld kan moontlik beweer word dat die go- nie die prefiks is nie, maar wel die onpersoonlike onderwerpskakel. Dit is egter nie die geval nie. Indien dit laasgenoemde was, sou die toon daarvan H gewees het.

Voorbeelde waar ka geïnkorporeer is, is die volgende:

NS	<u>go ka bōna go tlō nthabiša</u>	
Tsw.	<u>go ka bōna go tla nthabisa</u>	'om te kan/mag sien, sal my verbly'
SS	<u>ho ka bōna ho tla nthabisa</u>	

In die SS voorbeeld word opgemerk dat die toon van die morfeem -ka- L is.

Die volgende is voorbeelde waar die -tla-/-tlô- by die infinitief ingesluit is:

NS	<u>ke</u> <u>tlilê</u> <u>mô</u> <u>go</u> <u>tlô</u> <u>bôna</u> <u>selô</u> <u>sê</u>
Tsw.	<u>ke</u> <u>tlilê</u> <u>mô</u> <u>go</u> <u>tla</u> (go) <u>bôna</u> <u>selô</u> <u>sê</u>
SS	<u>ke</u> <u>tlilê</u> <u>môna</u> <u>ho</u> <u>tla</u> <u>bôna</u> <u>nthô</u> <u>êna</u>

'ek het hierheen gekom om hierdie ding te kom sien'

2.3.10 Cole gee 'n voorbeeld vir Tswana waar -sa- as die "perfektum negatief" ook ingevoeg kan word. Hy sê naamlik:

There are also negative forms of the infinitive, as well as progressive positive, future positive, conditional positive, and perfect negative forms, all of which may have nominal function.

gosákwala (to still be writing) (progressive positive)

gosàkwala (not to have written) (perfect negative).

(Cole, 1955, p. 97)

Hy dui die 'persistiewe' -sa- met hoogtoon aan terwyl die negatiewe een 'n lae toon het. Hiermee word klaarblyklik verduidelik dat dit twee verskillende morfeme is. Sy bewering word betwyfel aangesien dit 'n aanvaarde feit is dat werkwoorde in hierdie kategorie nie 'n tydvorm onderskei nie. Na herkontrolering kon dié vorm ook nie by die informante verkry word nie.

Samevatting

2.4.1 Wanneer die morfologiese kenmerke van 'n bepaalde werkwoordstruktuur saamgevat word, moet tussen noodsaaklike en toevallige kenmerke van die struktuur van die bepaalde

kategorie onderskei word. Die noodsaaklike kenmerke bepaal of sodanige kategorie 'n eiesoortige kategorie vorm al dan nie.

2.4.2 Kategorie A bevat morfologies sowel naamwoord- as werkwoordkenmerke. Die minimale struktuur van die woord bestaan uit klasprefiks + stam wat dan ook die noodsaaklike eienskappe vir die kategorie is. 'n Onderwerpskakel kan dus nie aan die werkwoordstam gekoppel word nie. Die toon van die klasprefiks is basies L, terwyl dié van die stamme hoofsaaklik in twee klasse uiteen val (vgl. 2.2.2-3).

2.4.3 Die voorkoms van toevallige morfeme soos -se-/-sa- (ontkenningsmorfeme) en die uitgangsmorfeme -ê/-e in die negatief en -a in die positief, is kenmerkend, in ag geneem dat die toon van die ontkenningsmorfeem basies juis L is. Ook die morfeme -ka-, -sa- en -tla-/ -tlô- kan toevallig by die werkwoord geïnkorporeer word (vgl. 2.3.9). Die agtervoegsel -ilê is nie met die wortelmorfeem kombineerbaar nie en werkwoorde in hierdie kategorie onderskei derhalwe nie 'n tydvorm nie.

2.4.4 Samevattend kan die algemene toonpatroon van stamme in hierdie kategorie soos volg weergegee word: Op individuele uitsonderings word nie gewys nie, omdat daarop breedvoerig in die hoofstuk ingegaan is. Aangesien dit hoofsaaklik die voorwerpskakel en refleksief is wat die toonpatrone

van stamme beïnvloed, word net sodanige beïnvloeding aangedui, dus:

<u>Positief</u>	<u>Negatief</u>
1 ¹⁾ bly H; met v.s. 2) L	bly H
2 ¹⁾ bly H	bly H; met v.s. L
3 ¹⁾ bly H	bly H

<u>L-stamme</u>	
1 bly L	word H; met v.s. L
2 bly L	bly L; met v.s. H
3 bly L	bly L; met v.s. H

2.4.5 By wyse van vergelyking word die volgende morfologiese verskille ten opsigte van die drie Sothotale opgemerk:

- (a) Die klasprefiks is in SS nie gò- nie, maar hò- (vgl. 2.2.2).
- (b) By die reduplisering van enkellettergrepige stamme word by NS en SS 'n addisionele lettergreep -e- bygevoeg terwyl Tsw. 'n -a- gebruik (vgl. 2.2.5).

-
- 1) 1, 2 en 3 staan vir enkel-, twee- en drielettergrepige stamme.
 - 2) v.s. staan vir voorwerpskakel of refleksief.

- (c) Die gebruik van die 'persistiewe' -sa- in die werkwoord van Tsw. is nog algemeen gebruiklik (vgl. 2.3.9).
- (d) Wanneer die morfeem -ka- ('potensialis') by die werkwoord geïnkorporeer word, is die toon daarvan in Suid-Sotho, anders as in die ander twee tale, L (vgl. 2.3.9).

--- oOo ---

HOOFSTUK 3

KATEGORIE B

Inleiding

3.1.1 Indien alle noodsaaklike en toevallige morfeme daarby ingesluit word, word werkwoorde in kategorie B deur die volgende morfologiese struktuur gekenmerk:

- (i) Ontkenningsmorfeem (-)se-.
- (ii) Voorwerpskakel/refleksief/stabiliseerder e-.
- (iii) Stam (wortel + uitgang).
- (iv) Stabiliseerder -a/meervoudsmorfeem -ng.

Na hierdie struktuur word gewoonlik deur Bantoetaalkundiges met die term 'imperatief/bevelvorm' verwys en is sy benaming waarskynlik aan semantiese oorwegings toe te skryf. Tog word die morfologie of vorm pertinent as kenmerkend uitgesonder.

3.1.2 Doke voor dan ook sy definisie vir werkwoorde in hierdie kategorie semanties aan. Hy sê dit is:

Expressive of command or exhortation.

(Doke, 1935, p. 121)

Direk hierna volg 'n morfologiese uiteensetting soos dit in verskillende Bantoetale opgemerk word, gevolg deur 'n

sintaktiese een waarin verduidelik word waarom dit as 'n bepaalde of beperkte werkwoordvorm beskou moet word (vgl. 4.1.3).

3.1.3 Wanneer 'n persoon hierdie kategorie bestudeer, val dit hom onmiddellik op dat daar twyfel by Bantoetaalkundiges bestaan oor die bestaansreg daarvan as 'modus'. Vergelyk Doke se opmerking in dié verband:

Syntactically the Bantu imperative is an interjection, and cannot be considered as belonging to a regular mood, i.e. to a finite mood It is better, then, to use the term "imperative" than "imperative mood" in Bantu.

(Doke, 1935, p. 121)

Eintlik hang Doke se definisie vir hierdie woordkategorie in die lug. Hy wil dit eerder as 'n tussenwerpsel sien as 'n spesifieke werkwoordvorm. Tog sal dit moeilik gaan om hierdie woordvorm buite die kategorie van werkwoorde te klassifiseer aangesien die struktuur daarvan, en veral die noodsaaklike morfologiese kenmerke, duidelik met dié van werkwoorde ooreenkom, naamlik wortel + uitgang (vgl. 1.2.7 en 3.1.1).

3.1.4 Vir sover dit hierdie onderwerp aangaan, is bogenoemde nie problematies nie aangesien daar nie met die term 'modus' gewerk kan word nie omdat geen aanneembare definisie daarvan vir die Bantoetale vasgestel kon word nie (vgl. 1.4.1-5). Met die term 'werkwoordkategorie' word die probleem dus oorbrug omdat 'n definisie vir die term

'werkwoord' gegee is (vgl. 1.2.11), waarby kategorie B dus ingesluit kan word aangesien dit aan die noodsaaklike morfologiese vereistes van die definisie voldoen, naamlik dié van wortel + uitgang.

3.1.5 Dat 'imperatiewe' volgens Doke se terminologie ook interjektiewe kan wees, word nie betwyfel nie, maar dan moet daar verduidelik word watter soorte woordkategorieë onder tussenwerpsels kan klassifiseer. In hierdie geval blyk dit dus dat werkwoorde ook daarby ingesluit kan word. In feite kom dit soms voor dat dieselfde woordsoort in meer as een woordkategorie kan inpas. Vergelyk byvoorbeeld die 'infinities' wat sowel naamwoord as werkwoord kan wees (hoofstuk 2).

3.1.6 Indien die morfologiese struktuur van kategorie B soos in 3.1.1 hierbo uiteengesit, van nader beskou word, word die volgende opgemerk:

Afwesigheid van onderwerpskakel

3.2.1 In teenstelling met kategorie A wat in hoofstuk 2 behandel is en die kategorieë wat hierna volg, kenmerk kategorie B nie 'n pre-stammorfeem soos 'n infinitiefprefiks of 'n onderwerpskakel nie. Soos in die volgende hoofstukke duidelik word en soos in hoofstuk 2 reeds opgemerk is, is hierdie vormelemente noodsaaklike morfeme wat aan elkeen van hierdie kategorieë kenmerkend is. Dit dien vermeld te word

dat 'n onderwerpskakel by die ontkenning van werkwoorde in hierdie kategorie gebruik kan word (vgl. 3.7.1), maar in gedagte moet gehou word dat dit nie 'n noodsaaklike morfeem vir werkwoorde in kategorie B is nie, aangesien die gebruik van 'n onderwerpskakel opsioneel is. Trouens, dit is hoofsaaklik in SS waar die twee alternatiewe vryelik met mekaar kan wissel.

3.2.2 Hoewel daar geen onderwerpskakel in die morfologiese struktuur opgemerk word nie (vgl. 3.1.1 en 3.3.1), is dit moontlik dat 'n onderwerpskakel by implikasie veronderstel word aangesien 'n bevel gewoonlik aan die tweede persoon of aangesprokene/s beveel word. Omdat in bevele altyd die tweede persoon as onderwerp geld, hetsy enkel- of meervoud, kan dit gesien word as sou die Sothosprekende die gebruik van die onderwerpskakel oorbodig ag. Die morfologiese onderskeid tussen 'n bevel aan 'n aangesprokene enersyds, teenoor dié aan die aangesprokenes andersyds, is dié van die afwesigheid teenoor die aanwesigheid van die meervoudsmorfeem -ng (vgl. 3.7.1).

3.2.3 Na aanleiding van bogenoemde betoog kan bewyse aan-gevoer word dat onderwerpskakels vir kategorie B wel kon bestaan het. Volgens die sinchroniese metode moet dié moontlikheid verwerp word aangesien die morfologiese struktuur van hierdie kategorie nie onderwerpskakels as noodsaaklike morfeme veronderstel nie.

Die stam

3.3.1 Die stam bestaan uit 'n wortel en 'n uitgangsmorfeem. Die uitgangsmorfeem vir werkwoorde in kategorie B kan in die positief -a of -ê wees vir al drie Sothotale. In die negatief is dit vir NS en Tsw. -ê terwyl SS 'n -e neem, bv.

	<u>Positief (uitgang -a)</u>		<u>Negatief</u>
NS	<u>bolaya!</u>		<u>se bolayê!</u>
Tsw.	<u>bolaya!</u> 'maak dood!'		<u>se bolayê!</u>
SS	<u>bolaya!</u>		<u>se bolaye!</u>

	<u>Positief (uitgang -ê)</u>		
NS	<u>di bônê!</u>		<u>se di bônê!</u>
Tsw.	<u>di bônê!</u> 'sien hulle!'		<u>se di bônê!</u>
SS	<u>di bônê!</u>		<u>se di bône!</u>

(Vgl. 3.5.1-2 vir die positiewe uitgang -ê).

(Vir die voorkoms van die uitgangsmorfeem -e by die negatief van SS, vgl. 3.6.1.)

Die stabiliseerders

3.4.1 By meerlettergrepige stamme in Sotho kan die stam as sodanig die volledige woordinhoud van die bevelsin vorm, bv.

NS	<u>dula!</u>		<u>bolaya!</u>	
Tsw.	<u>dula!</u>	'sit!'	<u>bolaya!</u>	'maak dood!'
SS	<u>dula!</u>		<u>bolaya!</u>	

3.4.2 Hoewel enkellettergrepige werkwoordstamme in NS en SS in hulle eenvoudige vorm kan voorkom om bevelsinne uit te druk, is dit nie baie gebruiklik nie en moet dit van 'n addisionele lettergreep, hetsy pre- of suffigaal, voorsien word. Dié elemente is e- of -a, bv.

NS	<u>enwa</u> / <u>nwaa!</u>	'drink!'
SS	<u>enwa</u> / <u>nwaa!</u>	

Hierdie elemente maak enkellettergrepige stamme meer bestendig en kan stabiliseerders genoem word.¹⁾ Die bestendigheid word daaraan toegeskryf dat die stam nou 'n addisionele lettergreep bygekry het. Dit blyk dat tweelettergrepige woorde in Sotho beter in die patroon van 'n lengte op die tweede laaste lettergreep inpas as enkellettergrepiges. Wanneer hy 'n bevel wil gee, kan die spreker èjá! 'eet!' met meer 'krag' of 'klem' uitspreek as byvoorbeeld já!

1) Die term 'stabiliseerder' is aan Cole ontleen (Cole, 1955, p. 67) en hy definieer dit soos volg:

Stabilizers are prefixal or suffixal elements which have no intrinsic significance or concordial function, their sole purpose being to provide an additional syllable for words which, generally speaking, would otherwise be monosyllabic, and thus to accommodate the characteristic penultimate accent.

3.4.3 Wanneer die NS- en SS-sprekende enkellettergrepige werkwoordstamme as bevelsinne gebruik, maak hy hulle volgens genoemde wyse tweelettergrepig en dan is hy tevrede. Die minimum van twee lettergrepe blyk verkieslik te wees vir werkwoorde in kategorie B aangesien die voorbeelde in 3.4.2 genoem, wanneer hulle in die meervoud gebruik word en van 'n meervoudsmorfeem -ng voorsien word, sonder die stabiliseerders gebruik kan word omdat die minimum vereiste van tweelettergrepigheid nog steeds geld - hoewel hulle tog gebruik word, blyk die stabiliseerders nou oorbodig te wees, bv.

NS en SS nwang/nwaang/enwang! '(julle) drink!'

Die toon van die stabiliseerders is soos volg: Die è- neem altyd L terwyl -á deurgaans H is. Vergelyk paragrawe 3.4.2-3.8.6 vir voorbeelde.

3.4.4 Tsw. is die uitsondering aangesien enkellettergrepige stamme, net soos die meerlettergrepiges in 3.4.1 hierbo, in hulle basiese vorm as die volledige inhoud van bevelsinne gebruik kan word, bv.

nwá! 'drink!'
já! 'eet!'

Alhoewel enkellettergrepige stamme in hul basiese vorm voorkom, is dit tog meer gebruiklik om die stabiliseerders soos

vir NS en SS, te gebruik en voorkeur word aan die stabiliseerder -a gegee, dus:

efá / faa! 'gee!'
eyá / yaa! 'gaan!'

3.4.5 Cole sê dat daar in Tsw. 'n derde stabiliseerder voorkom, naamlik prefigale element n-. Hy sê:

Monosyllabic verb stems may remain unchanged in the formation of singular imperatives, or they may assume a suffixal element -a, or a prefixal element e- or n- (homorganic nasal).

(Cole, 1955, p. 240)

Voorbeelde met n- kan die volgende wees:

nja! 'eet!'
nnwá! 'drink!'

Hierdie stabiliseerder kan gebruik word voor stamme wat op alveolêre eksplosiewe, affrikate of nasale begin maar moet as uitsonderlik beskou word aangesien die gebruik daarvan dialekties gebonde is. Op die aangehaalde bladsy sê Cole in 'n voetnota dat:

The use of the prefixal nasal consonant as stabilizer has been noted only in Ngwato, and is a variant of prefixal e-.

Samevattend kan genoem word dat Tsw. morfologies op vier verskillende maniere enkellettergrepige werkwoordstamme as

bevelsinne onderskei, t.w. die stam in sy eenvoudige vorm, die voorvoeging van 'n stabiliseerder e- of n- en die aanvoeging van 'n stabiliseerder -a, bv.

nwa / enwa / nnwa / nwaa! 'drink!'

3.4.6 As uitsondering kan genoem word dat die enkellettergrepige werkwoordstam -re in Sotho nie met die stabiliseerder -a gebruik kan word nie, maar slegs met e-, bv.

NS	<u>ere</u> !	
Tsw.	<u>ere</u> !	'sé!'
SS	<u>ere</u> !	

Die gevolgtrekking word gemaak dat die -a nie soseer 'n afsonderlike stabiliseerder is nie, maar veel eerder 'n verlenging van die normale werkwoorduitgang is. As -a 'n afsonderlike stabiliseerder was, sou geen beswaar teen die vorm 'rea!' ingebring kon word nie. Daar is egter vasgestel dat so 'n vorm nie in Sotho gebruiklik is nie.

3.4.7 Voorts word genoem dat ook die enkellettergrepige werkwoordstanne -ya 'gaan' en -ba 'wees' in SS, slegs die prefigale stabiliseerder e- gebruik en nie -a nie. Hedendaags kom dit tog voor dat -a gebruik word maar dit is nie standaard SS nie en kan aan Tsw.-invloed toegeskryf word, bv.

eya / ya(a)! 'gaan!'

eba / ba(a) motho! 'wees 'n mens!'

3.4.8 As alternatief vir Tsw. tla/tlaa/etla/ntla!, en noodsaaklik vir SS, het die enkellettergrepige werkwoordstam -tla die vorm tlô/tlôô/etlô(SS)/ntlô(Tsw.) wanneer dit as 'n bevelsin gebruik word. (tlô en tlôô is variante van dieselfde vorm). Of dit die gevolg is van sametrekking tussen byvoorbeeld tla (o bônê) of tla (ho/go bôna), kan nie met sekerheid gesê word nie maar dit blyk dat dié vorm die resultaat is van sametrekking tussen twee werkwoorde. Die komplementêre werkwoord word nie genoem nie omdat die handeling/proses, bv. 'sien' hierbo, veronderstel word.

3.4.9 Dit skyn tog of dit eersgenoemde tipe sametrekking kan wees aangesien die vorm tlô/etlô/ntlô! veral in Tsw. vir 'n gemoedeliker bevel of meer as 'n familiêre aanspreekvorm gebruik kan word; 'n vorm wat meesal deur die 'subjunktiewe' werkwoord uitgedruk word, bv.

tlô/etlô/ntlô ngwanaka! 'kom (asseblief) my kind/
kom tog my kindjie.

Nog 'n rede waarom dit nie die tweede moontlikheid kan wees nie, is omdat die toon van die saamgetrokke vorm dan LL sou gewees het, d.w.s. tlô/etlô, aangesien die infinitiefsprefiks altyd L is bv.

eya ho/go bôna! 'gaan om te sien/gaan en sien'

Dit is onverklaarbaar dat slegs die werkwoordstam -tla van SS en Tsw. hom tot hierdie moontlikheid leen. Behalwe die hulpwerkwoordstamme -tswa en -hla van SS wat ook so gebruik kan word, kon nêrens soortgelyke werkwoordvorms vasgelê word nie. Vergelyk 3.4.10 vir voorbeelde.

Die uitgangsmorfeme -a en -ê

3.5.1 Hierdie uitgange kom in die positief van die werkwoord as bevelsin voor. Die uitgang -a is die vorm wat deurgaans gebruik word behalwe wanneer 'n voorwerpskakel of refleksiefmorfeem by die werkwoord geïnkorporeer is. In hierdie geval is die uitgang -ê in aldrie die Sothotale, bv.

NS	<u>bolaya!</u>	
Tsw.	<u>bolaya!</u>	'maak dood!'
SS	<u>bolaya!</u>	

maar:

NS	<u>ipolayê!</u>		<u>re bônê!</u>	
Tsw.	<u>ipolayê!</u>	'maak jouself dood!'	<u>re bônê!</u>	'sien ons!'
SS	<u>ipolayê!</u>		<u>re bônê!</u>	

Die uitgangsmorfeem -ê/-e

3.6.1 Wanneer werkwoorde in hierdie kategorie ontken word, neem hulle deurgaans die uitgang -ê in NS en Tsw. en -e in SS.

Die verskil in uitgang tussen SS en die ander twee tale is nie 'n morfologiese nie, maar wel 'n fonetiese een en kan aan Nguni-invloed toegeskryf word aangesien Zoeloe by een van sy ontkenningsvorme van die 'imperatief' van die uitgang -i (wat 'n nouer vokaal as ê is) gebruik maak, bv.

ungahambi! '(jy) moenie loop nie!'

ungaboni! '(jy) moenie sien nie!'

Voorbeelde uit Sotho is die volgende:

SS (o) se rutê!

Tsw. (o) se rutê! '(jy) moenie leer nie!'

SS (o) se rute!

NS (le) se bolayêng!

Tsw. (le) se bolayêng! '(julle) moenie doodmaak nie!'

SS (le) se bolayeng!

Die meervoudsmorfeem -ng

3.7.1 Uit die voorbeelde in 3.6.1 word opgemerk dat die ontkenning in hoofsaak ooreenkom met dié van die 'subjunktief' (vgl. hoofstuk 6). Ziervogel sê dan ook dat

die imperatief word net soos die subjunktief se teenwoordige tyd ontken, maar slegs met die skakels van die tweede persoon.

(Ziervogel, 1969, p. 77)

Hiermee word saangestem. Nou kan 'n persoon vra: Waarom kan die onderwerpskakel dan by werkwoorde in kategorie B weggelaat word en waarom die meervoudsmorfeem -ng wat nie by die 'subjunktief' opgemerk word nie? Die antwoord is voor die hand liggend. Die onderwerpskakel kan as oorbodig beskou word aangesien die bevel altyd aan die tweede persoon gerig word. Betreffende die meervoudsmorfeem -ng, kan genoem word dat werkwoorde in kategorie B, net soos werkwoorde in die 'subjunktief' (vgl. 3.7.2), daarsonder gebruik kan word, bv.

NS lé se jê!
 Tsw. lé se jê! '(julle) moenie eet nie!
 SS lé se je!

Belangrik is egter om daarop te wys dat dit beswaarlik daarsonder kan funksioneer as die onderwerpskakel nie gebruik word nie. In bostaande voorbeelde is dit slegs die onderwerpskakel wat daarop dui dat die bevel in die pluralis is.

3.7.2 Voorts kan genoem word dat die SS informant, mnr. Lenake, die versekering gee dat selfs die 'subjunktief' die meervoudsmorfeem -ng kan neem, bv.

ké rata hore lé jêng 'ek wil hê julle moet eet'

Wanneer die voorbeelde in 3.7.1 vergelyk word, stem die vorme honderd persent ooreen met dié van die 'subjunktief'-vorm en toon inkluis, bv.

Kategorie B: SS le se jeng! '(julle) moenie eet nie!'
 Subjunktief: SS (hore) le se je(ng) '(sodat) julle nie
 moet eet nie'

Omdat onderwerpskakels by werkwoorde in kategorie B weggelaat kan word en verwarring by bevele aan die tweede persoon of persone kan ontstaan, is die gebruik van die morfeem -ng 'n goeie onderskeidingsteken tussen bevele aan 'n enkele persoon en dié aan meer as een persoon.

Aangaande die toon van hierdie morfeem kan opgemerk word dat dit deurgaans L is. Vergelyk 3.8.1-6 vir verdere voorbeelde.

Die toonmorfologie van stamme

3.8.1 Wanneer 'n toonmorfologiese studie van die stamme soos in 2.2.3 opgeneem, in kategorie B gemaak word, word die volgende opgemerk:

In die positief bly enkellettergrepige H-stamme H, terwyl L-stamme ook H word, d.w.s.

NS nwang!

Tsw. nwang! '(julle) drink!' (stam was basies H)

SS nwang!

NS eya!

Tsw. eya! 'gaan!' (stam was basies L)

SS eya!

3.8.2 Hierdie patroon word egter versteur indien die stabiliseerder -a (L.W. nie in die geval van die stabiliseerder e- nie, vlg. 3.8.2) aangewend word. In dié geval verander die toon van sowel die stamme in die H- as in die L-klas, na L, bv.

NS	<u>jaa</u> !		
Tsw.	<u>jaa</u> !	'eet!'	(stam basies H)
SS	<u>jaa</u> !		
NS	<u>yaa</u> !		
Tsw.	<u>yaa</u> !	'gaan!'	(stam basies L)
SS	<u>yaa</u> !		

Die toon verander ook na L wanneer òf 'n voorwerpskakel van die derde persoon òf die refleksief geïnkorporeer word, en wel wanneer die bevel in die singularis gegee word, bv.

NS	<u>ejê</u> !		<u>ejêng</u> !	
Tsw.	<u>ejê</u> !	'eet dit!'	<u>ejêng</u> !	(meervoud)
SS	<u>ejê</u> !		<u>ejêng</u> !	

3.8.3 In die negatief is albei klasse se stamme H, behalwe wanneer 'n voorwerpskakel of refleksiemorfeem ingesluit word en indien die bevel in die enkelvoud is. Sodra die meervoudsmorfeem aangevoeg word, verander die toon weer na H, d.w.s.

NS (ò) sè yē!
 Tsw. (ò) sè yē! 'moenie gaan nie!'
 SS (ò) sè yē!

maar:

NS (ò) sè ré jê!
 Tsw. (ò) sè ré jê! '(jy) moet ons nie kul nie!'
 SS (ò) sè ré jê!

maar:

NS (le) sè ré jêng!
 Tsw. (le) sè ré jêng! '(julle) moet ons nie kul nie!'
 SS (le) sè ré jêng!

3.8.4 Twee- en drielettergrepige H-stamme bly deurgaans

H, bv.

NS	<u>ruta!</u>		<u>rutang!</u>
Tsw.	<u>ruta!</u>	'leer!'	<u>rutang!</u> '(julle) leer!'
SS	<u>ruta!</u>		<u>rutang!</u>

NS	<u>sè ré bônê!</u>		<u>sè ré bônêng!</u>
Tsw.	<u>sè ré bônê!</u>	'moet ons nie sien nie!'	<u>sè ré bônêng!</u> (meervoud)
SS	<u>sè ré bone!</u>		<u>sè ré bôneng!</u>

Voorbeelde met drielettergrepige stamme:

NS	<u>bolaya!</u>		<u>se mpolayêng!</u>
Tsw.	<u>bolaya!</u> 'maak dood!'		<u>se mpolayêng!</u> '(julle)
SS	<u>bolaya!</u>		<u>se mpolayeng!</u> moenie my dood- maak nie!'

Let op dat die laaste lettergreep wat in die enkelvoud L was, met die aanvoeging van die meervoudsmorfeem wat altyd L is, nou H word.

3.8.5 Die toon van twee- en drielettergrepige L-stamme is ook baie reëlmatig in dié opsig dat hulle konsekwent L bly, dus:

NS	<u>lema!</u>		<u>lemang!</u>
Tsw.	<u>lema!</u> 'ploeg!'		<u>lemang!</u> '(julle) ploeg!'
SS	<u>lema!</u>		<u>lemang!</u>

NS	<u>se rôbalê!</u>		<u>se rôbalêng!</u>
Tsw	<u>se rôbalê!</u> 'moenie		<u>se rôbalêng!</u> (meervoud)
SS	<u>se rôbale!</u> slaap		<u>se rôbaleng!</u>
	nie!'		

Let op dat (vgl. 3.8.4) indien die meervoudsmorfeem -ng aangevoeg word, die voorlaaste lettergreep van die bevelsin altyd H is, ongeag die toonklas waartoe die stam behoort.

Die voorwerpskakel en refleksief

3.9.1 Die opmerking wat in 4.9.1 gemaak word, is ook hier van toepassing. Behalwe die ontkenningmorfeem se-, die

stabiliserende e-, 'n voorwerpskakel of 'n refleksief, kan geen ander prefigale morfeme soos byvoorbeeld -ka-, -sa-, -tla-, ens. by werkwoorde in kategorie B geïnkorporeer word nie. Net soos by kategorie A die geval was, kan twee voorwerpskakels of 'n voorwerpskakel en 'n refleksief nie saam gebruik word nie. Die uitsondering is by Tsw., bv.

e itšélê! 'eet dit self!'
e mo jêlê! 'eet dit namens hom!'

Sekere SS-sprekendes gebruik egter 'n voorwerpskakel en refleksief saam, maar nie twee voorwerpskakels soos Tsw. nie, bv.

e itjêllê! 'eet dit self!'

Hierdie moontlikheid is waarskynlik aan Tsw.-invloed te wyte aangesien die vorm itjêllê yóná! meer gebruiklik is.

3.9.2 Die voorwerpskakels van die tweede persoon enkel- sowel as meervoud, kan glad nie in kategorie B gebruik word nie. Wanneer 'n bevel op die tweede persoon betrekking het, kan slegs die refleksiefmorfeme in Sotho gebruik word, daarom:

NS íthutê!
 Tsw. íthutê! 'leer jousef!'
 SS íthutê!

Die ontkenningismorfeem -se-

3.10.1 In 3.7.1-2 word die ooreenkoms tussen die ontkenningismorfeem van kategorie B en die 'subjunktief' aangetoon. Slegs die ontkenningismorfeem -se- bly oor. Ook hierdie morfeem is morfologies sowel as toonmorfologies identies aan dié van die 'subjunktief' (vgl. hoofstuk 6).

3.10.2 Alhoewel selfs die toon daarvan in sowel die 'subjunktief' as in kategorie B ooreenkom (dit is in alle morfologiese verbande L), kan die bewering tog nie gemaak word dat die ontkenningismorfeem van dié twee werkwoordkategorieë in alle opsigte identies is nie, aangesien werkwoorde in kategorie B beperk is tot onderwerpskakels van die tweede persoon alleen, terwyl die 'subjunktief' onderwerpskakels van alle klasse en persone neem. Nog 'n rede vir die onvergelykbaarheid van die ontkenningismorfeem in genoemde twee kategorieë, is dat die onderwerpskakels van kategorie B sinchronies toevallige morfeme is. Vir voorbeelde, vergelyk die ontkenningismorfeem van hierdie hoofstuk met dié van hoofstuk 6.

Samevatting

3.11.1 Kenmerkend van kategorie B is dat dit nie tyd onderskei nie en dat die vorms -tla-/ -tlô-, -ka- en -sa- nie hierby geïnkorporeer kan word nie. Voorts kan ook genoem word dat die ontkenning baie met dié van die 'subjunktief'

ooreenkom, maar dat dit nie daarmee gelyk gestel kan word nie (vgl. 3.10.2). Onderwerpskakels is nie noodsaaklike morfeme vir werkwoorde in hierdie kategorie nie. Verder onderskei kategorie B singularis en pluralis. Hierdie onderskeiding word bewerkstellig deur die aanvoeging van die morfeem -ng. Enkellettergrepige werkwoordstamme neem gewoonlik stabiliseerders om hulle sodoende meerlettergrepig en meer bestendig te maak. Die voorwerpskakels van die tweede persoon kan glad nie in kategorie B gebruik word nie. Kategorie B het die kenmerkende ontkenningmorfeem se- wat sonder uitsondering 'n lae toon neem.

3.11.2 Die toonpatroon van stamme word soos volg saamgevat:

Positief

Negatief

H-stamme

1 bly H; met stab. ¹⁾ <u>-a</u> of v.s. 3de pers. L	bly H; met v.s. L
2 bly H	bly H
3 bly H	bly H

L-stamme

1 word H; met stab. <u>-a</u> of v.s. 3de pers. L	word H; met v.s. L
2 bly L	bly L
3 bly L	bly L

1) stab. staan vir stabiliseerder

3.11.3 Die stabiliseerder e- neem altyd L terwyl stabiliseerder -á deurgaans H is. Die toon van die meervoudsmorfeem -ng is konsekwent L. Die toon van werkwoordstamme in kategorie B is baie reëlmatig in dié opsig dat hulle, met uitsondering van meerlettergrepige L-stamme, H is. Hierdie reëlmaat kan egter deur die stabiliseerder -á, die voorwerpskakel en die refleksief versteur word (vgl. 3.8.3-4). Met uitsondering van die eerste persoon in die positief, is die toon van alle voorwerpskakels sowel as dié van die refleksief, H.

3.11.4 Die vernaamste verskille tussen die drie tale is:

- (a) Enkellettergrepige werkwoordstamme in Tsw. kan in hulle eenvoudige vorm gebruik word om bevelsinne te vorm terwyl die ander twee tale normaalweg van stabiliseerders gebruik maak (vgl. 3.4.4)
- (b) Tsw. ken 'n derde stabiliseerder, hoewel dialekties, naamlik prefigale n- en die gebruik daarvan hang met fonetiese faktore saam (vgl. 3.4.5).
- (c) Die werkwoordstamme -tla, -tswa en -hla van SS het besondere vorme wanneer dit as bevelsinne optree. Dié vorme is respektiewelik tlǝ!, tsǝ! en hlǝ! (vgl. 3.4.8-10).

HOOFSTUK 4KATEGORIE CInleiding

4.1.1 Kategorie C is dié werkwoordstruktuur wat tot dusver onder die term 'indikatief' geklassifiseer is (vgl. 4.2.1). Hoewel die meeste Bantoeïste 'n semantiese sowel as 'n sintaktiese beskrywing van werkwoorde in hierdie kategorie gee, word daar nie 'n spesifieke plek vir die morfologiese hoedanigheid as sodanig by hulle definisies ingeruim nie en tog word hierdie aspek in die verloop van hulle grammatikas tot in die fynste besonderhede verduidelik. 'n Paar aanhalings sal die algemene gang van die probleem verduidelik.

4.1.2 Die aanhef van Doke se betoog begin op 'n semantiese toon en gaan oor in 'n sintaktiese een:

The indicative mood is used to state what was, is or will be, and deals with fact. It is sub-divided according to implication, into simple, progressive and exclusive forms. Tenses occur in both the positive and the negative conjugation. According to time, the broad division of past, present and future obtains, though there is an immediate past tense and a time differentiation in the case of the future.

(Doke, 1957, p. 196)

Ook by Cole word die morfologie nie uitgesonder nie en kom sy beskrywing in die breë op dieselfde as dié van Doke neer.

Albei onderskei drie hoofte te wete die verlede tyd, die teenwoordige tyd en die toekomstige tyd, terwyl Cole 'n partisipiële vorm tot hierdie kategorie toevoeg.

..... each tense has at least four forms, principal positive, principal negative, participial positive, participial negative The participial forms are used only in subordinate constructions,

(Cole, 1955, p. 242)

Uit Van Eeden se Zoeloe Grammatika, p. 244 word dit duidelik dat sy uitgangspunt hoofsaaklik op die lees van die vorige twee grammatici geskoei is en aanhalings is dus oorbodig.

4.1.3 Daar ontbreek dus 'n morfologiese identiteit binne die gehele definisies van kategorie C, terwyl daar tog opsigtelike morfologiese kenmerke in dié werkwoordvorm waarneembaar is. Soos uit die laaste sin van die volgende aanhaling duidelik word, betrek Ziervogel egter die morfologie ook by sy beskrywing van werkwoorde in hierdie kategorie. Hierop kan dus voortgebou word en verdere besonderhede kan toegelig word.

The indicative mood simply states a fact, and is not dependent on other statements, nor does it indicate a potentiality The indicative mood is much less formal than most moods.

(Ziervogel, 1959, p. 142)

4.1.4 Wat verder met betrekking tot kategorie C duidelik waarneembaar is, is dat byna alle grammatici dit een is dat hierdie werkwoordvorm 'n groot aantal sogenaamde tydvorms

insluit waarvan die bekendste die teenwoordige, die verlede en die toekomstige tye is. Soos reeds uit die aanhaling in 4.1.2 hierbo bekend, gaan Cole verder en verdeel die tye in Tswana in 'n paar addisionele vorms in. Of hierdie verskeidenheid tye wel in die morfologiese struktuur van die werkwoord voorkom en of almal daarvan as tye binne die kategorie geïdentifiseer kan word, bly 'n vraag. Hier word veral aan die morfeem -tla-/-tlô- en die vorm met -a- (lang vorm) van dié kategorie gedink. Nietemin, 'n oorsig oor die grondliggende morfologiese kenmerke, kan moontlik lig op die probleem werp.

Die morfologiese struktuur

4.2.1 Vanaf die onderwerpskakel tot en met die uitgangsmorfeem van die werkwoord (uitgesonder die gewone werkwoord-agtervoegsels wat eintlik deel van die stam uitmaak (vgl. 1.2.7)), die verskillende prefigale morfeme in ag genome, kan die volgende morfeme, hoewel nie noodwendig gelyktydig nie, in die struktuur van kategorie C gerealiseer word:

- (i) ontkenningstuk
- (ii) onderwerpskakel
- (iii) morfeme -a-/-sa-/-ka-/-tla-(NS -tlô-)
- (iv) voorwerpskakel/refleksiefmorfeem
- (v) stam (wortel + uitgang)

(Vgl. ook Ziervogel, 1969, p. 44 in dié verband.)

4.2.2 Die vraag kan nou ontstaan waarom die saamgetrokke vorme fô en nô (diô in sommige dialekte) van NS in bv. di fô gataka 'hulle trap sommer aanhoudend' nie ook onder (iii) hierbo ingesluit is nie want hulle tree immers in dieselfde posisie met betrekking tot die werkwoord as die betrokke morfeme op. Die antwoord is naamlik dat hulle werkwoordelike karakter nog te veel behoue gebly het soos byvoorbeeld in die 'imperatief' duidelik gesien kan word: efô sepelang! 'loop sommer!' Hier is die addisionele element e- wat tot enkel-lettergrepige stamme in die 'imperatief' bygevoeg word, nog te vars in die geheue. Dat die werkwoordelike eienskappe van dié vorme moontlik met verloop van tyd so kan afstomp dat hulle wel in hierdie kategorie geklassifiseer kan word, is nie onwaarskynlik nie.

4.2.3 Vervolgens 'n beskrywing van die individuele morfeme van kategorie C se werkwoordstruktuur (vgl. 4.2.1).

Die onderwerpskakel

4.3.1 Behalwe die onderwerpskakel vir die tweede persoon meervoud wat in Tswana lô is, is dié van die eerste en tweede persone (enkel- en meervoud) in die positief vir aldie die Sothotale dieselfde, t.w.

Eerste persoon:	<u>kê-</u> 'enkelvoud'	<u>rê-</u> 'meervoud'
Tweede persoon:	<u>ô-</u> 'enkelvoud'	<u>lê-/lô-</u> 'meervoud', bv.

NS	<u>ke a nwa</u>	'ek drink'
Tsw.	<u>o rutilê</u>	'jy het geleer'
SS	<u>le bôna pela</u>	'julle sien die dassie'

Die toon van die onderwerpskakels van hierdie persone is almal L en verander na H slegs wanneer die werkwoord ontken word, bv.

NS	<u>ga ké nwe</u>	'ek ^{drink} eet nie'
Tsw.	<u>ga o bône</u>	'jy sien nie'
SS	<u>ha le a bôna pela</u>	'julle het nie die dassie gesien nie'

4.3.2 Die vorm van die onderwerpskakels van die ander klasse word reëlmatig van die verskillende klasprefikse afgelei. Die onderwerpskakel toon ooreenkoms met die klas-prefiks behalwe waar laasgenoemde morfeem 'n nasaal bevat. Hier is die onderwerpskakel klasprefiks minus nasaal. In die geval van sub-klas 2(a) word klas 2 se onderwerpskakel, naamlik bá- gebruik. Die lokatiefklasse, te wete 16, 17 en 18 neem die onderwerpskakel gô- in NS en Tsw. en hó- in SS. Die toon van die onderwerpskakels is hoog en bly in die meeste morfologiese verbande onveranderd, bv.

NS	<u>ga bá je</u>	'hulle eet nie'
Tsw.	<u>dí mpônê</u>	'hulle het my gesien'
SS	<u>ha a a apêha morôhō</u>	'hulle het nie groente gekook nie'

ga se ka bōna 'ek het nie gesien nie'

ga se tšā fula 'hulle het nie gaan wei nie'

Die stam

4.4.1 Die werkwoordstam bestaan uit 'n wortel en 'n uitgangsmorfeem. Laasgenoemde morfeem kan -a, -e of -ê/-e wees, afhangende daarvan of die werkwoord in die onvoltooide, die voltooide, die positiewe of die negatiewe vorm is (vgl. 4.5-7). So byvoorbeeld is die uitgangsmorfeem -a wat kategorie C betref, kenmerkend van die onvoltooide vorm bevestiging en van die voltooide vorm ontkenning vir aldie die tale (vgl. 4.5.1). Die morfeem -e verwys na die onvoltooide vorm se ontkenning terwyl die uitgang -ê 'n variante vorm vir die voltooide vorm bevestiging is (vgl. 4.7.1). Die aandag word daarop gevestig dat alhoewel die uitgangsmorfeem -a twee subkategorieë naamlik dié van onvoltooidheid bevestiging en van voltooidheid ontkenning behels, dit in feite afsonderlike morfeme met eiesoortige betekenis-elemente is, naamlik elemente van 'kategorie C onvoltooidheid, bevestiging' en van 'kategorie C voltooidheid, ontkenning'. Dieselfde argument geld vir uitgang -e. Die voltooide uitgangsvorme -e/-ê word as variante beskou (vgl. 4.7.1). Daar word op gewys dat die volgende opskrifte een morfeem kan noem, byvoorbeeld uitgangsmorfeem -a, maar dan meer as een morfeem kan veronderstel (vgl. 4.5.1, 4.6.1, ens.).

4.4.2 Oor die terme 'onvoltooidheid' en 'voltooidheid' wat in die vorige paragraaf gebruik is, kan moontlike twyfel bestaan. Die keuse van die terme is hoofsaaklik Meinhof geïnspireerd. Volgens hom druk die agtervoegsel -ilê (B. -fle), wat as normvariant vir die voltooide vorm in hierdie werk gebruik word en wat ook die variante uitgangsmorfeme -e en -ê veronderstel, nie soseer 'n tyd uit soos algemeen aanvaar word nie, maar is dit veel eerder 'n soort 'modus' van 'voltooidheid'.

Als Ausdruck der Volendung dient das Suffix B. -fle.

(Meinhof, 1906, p. 101)

Hierdie, sowel as die term 'onvoltooidheid' wat die vorm met uitgang -a van kategorie C benoem, word dan voortaan gebruik; die term 'vorm' vervang Meinhof se term 'tyd'. Dit sal hoofsaaklik die taak van die semantiek wees om uitsluitel oor geskikte terme te gee. Hier word dit slegs as kenmerkende vorms binne die werkwoordstruktuur gesien.

Die uitgangsmorfeem -a

4.5.1 Hierdie morfeem kom in die onvoltooide vorm bevestiging van kategorie C voor, bv.

NS	<u>bana</u>	<u>ba romêlwa</u>	<u>sekôlwanêng</u>	<u>motsêng</u>	<u>wôo</u>
Tsw.	<u>bana</u>	<u>ba romêlwa</u>	<u>sekôlwanêng</u>	<u>motsêng</u>	<u>wôo</u>
SS	<u>bana</u>	<u>ba romêlwa</u>	<u>sekôlwanêng</u>	<u>motsêng</u>	<u>ôo</u>

'die kinders word na die skooltjie by daardie stat gestuur'

Voorts kom dit ook in die ontkenning van die voltooide vorm voor, bv.

NS	<u>gá</u> <u>dí</u> <u>a</u> <u>é</u> ma, <u>dí</u> <u>dú</u> tšé	
	of <u>gá</u> <u>tšá</u> <u>é</u> ma, <u>dí</u> <u>dú</u> tšé	
	of <u>gá</u> <u>se</u> <u>tšá</u> <u>é</u> ma, <u>dí</u> <u>dú</u> tšé	'hulle het nie gestaan
	of <u>gá</u> <u>se</u> <u>dí</u> <u>é</u> me, <u>dí</u> <u>dú</u> tšé	nie, hulle sit'
Tsw.	<u>gá</u> <u>dí</u> <u>a</u> <u>é</u> ma, <u>dí</u> <u>dú</u> tšé	
SS	<u>há</u> <u>dí</u> <u>a</u> <u>é</u> ma, <u>dí</u> <u>dú</u> tse	

Dit blyk dat NS hier drie verskillende ontkenningsvorme het waarby die uitgang -a betrokke is. Hoewel die eerste voorbeeld van NS hierbo 'n dialekties variantevorm is, kom dit nie vreemd voor nie aangesien die tweede vorm uit die eerste ontstaan het deur samestelling van die onderwerpskakel en die morfeem -a- wat kenmerkend van werkwoorde in kategorie E is (vgl. 6.7.1)¹).

Die uitgangsmorfeem -e

4.6.1 Meinhof bring hierdie uitgang hoofsaaklik met die negatiewe vorm in die Bantoetale in verband (Meinhof, 1906, p. 98). Dit skyn dan ook waar te wees vir die meeste negatiewe vorme in Sotho. So byvoorbeeld is dié uitgang kenmerkend van die ontkenning van kategorie C in die onvoltooide vorm, nl.

1) Sommige Tsw. dialekte gebruik ook gá tšá éma in plaas van gá dí a éma hierbo

NS	<u>ga</u> <u>ba</u> <u>bolêle</u> <u>bjalo</u>	
Tsw.	<u>ga</u> <u>ba</u> <u>bue</u> <u>jalo</u>	'hulle praat nie so nie'
SS	<u>ha</u> <u>ba</u> <u>bue</u> <u>jwalo</u>	

In NS bestaan daar een negatiewe voltooide vorm wat ook die uitgang -e neem maar dit hoort nie heeltemal hier tuis nie aangesien dit 'n ontkenning is waar die 'habituele' werkwoord op ga se volg (vgl. 4.5.1 hierbo), bv.

<u>ga</u> <u>se</u> <u>le</u> <u>lôre</u>	'julle het nie gedroom nie'
<u>ga</u> <u>se</u> <u>ba</u> <u>gôtšê</u> <u>mollô</u>	'hulle het nie vuur gemaak nie'

Die uitgangsmorfeem -e alhier kan dus nie met bogenoemde uitgang in verband gebring word nie aangesien die twee morfeme verskillende betekeniselemente bevat. In die een geval bevat dit 'n element van gewoontelikheid en in die ander 'n element van onvoltooidheid in die ontkenning.

Die uitgang -e/-ê

4.7.1 Hierdie uitgange wat variante vorme vir dieselfde kategorie is naamlik dié van kategorie C voltooidheid bevestiging, is eintlik nie sulke selfstandige morfeme soos die ander uitgange wat reeds genoem is nie. Die bewering word gemaak omdat die gebruik van hierdie morfeme konkomi-tant is met die voltooide agtervoegsel en vice versa. Die voltooide agtervoegsel veronderstel dus altyd òf 'n uitgang -e óf 'n -ê. Die keuse van die morfeem kan aan fonetiese

faktore toegeskryf word aangesien die fonetiese eienskappe van die voorlaaste vokaal bepalend by die keuse van die uitgang kan wees. So kan 'n middel of hoë voorlaaste vokaal die uitgang -ê vereis, terwyl 'n lae of neutrale een die gebruik van -e veronderstel, bv.

Sotho: <u>-bala</u> 'tel, lees'	NS: <u>-badilê</u> ,	Tsw. en SS: <u>-badilê</u>
<u>-lesa</u> 'los'	<u>-lesitšê</u>	<u>-lesitsê</u>
<u>-senya</u> 'verniel'	<u>-sentšê</u>	<u>-sentsê</u>
<u>-rōbala</u> 'gaan slaap'	<u>-rōbêtšê</u>	<u>-rōbêtse</u>
<u>-tlala</u> 'vol word'	<u>-tlêtšê</u>	<u>-tlêtse</u>
<u>-fênya</u> 'oorwin'	<u>-fêntšê</u>	<u>-fêntsê</u>

Daar bestaan egter voorbeelde in SS waar die uitgang -ê op 'n lae of neutrale vokaal volg maar dit is net waar 'n sillabiese nasaal dit vooraf gaan. Hier word gedink aan die alternatiewe vorms van werkwoorde wat op -na en -ma eindig, bv.

-bōne/-bōnnê 'het gesien'
-rēmīlê/-rēmīmmê 'het gekap'

Hier sou die argument ook deurgevoer kon word dat die uitgang met voorafgaande fonetiese faktore verband hou as in gedagte gehou word dat byvoorbeeld -rēmīmmê soos volg kon ontwikkel het: -rēmīlê >^{*}rēmīmē > rēmīmmē. Konsonantassimilasie kon dus plaasgevind het en daarna vokaalassimilasie en die resultaat - 'n sillabiese nn of mm waartussen voorheen 'n hoë vokaal i gewees het wat 'n uitgang -ê vereis.

Die toonmorfologie van stamme

4.8.1 Toonmorfologies word werkwoordstamme net soos by kategorie A in twee klasse verdeel. Enkellettergrepige H-stamme bly hoofsaaklik H, bv.

NS	<u>o</u> <u>a</u> <u>ja</u>	
Tsw.	<u>o</u> <u>a</u> <u>ja</u>	'jy eet'
SS	<u>o</u> <u>a</u> <u>ja</u>	

NS	<u>ga</u> <u>ke</u> <u>a</u> <u>nwa</u>	
Tsw.	<u>ga</u> <u>ke</u> <u>a</u> <u>nwa</u>	'ek het nie gedrink nie'
SS	<u>ha</u> <u>ke</u> <u>a</u> <u>nwa</u>	

behalwe in twee gevalle by die onvoltooide vorm. Dit is naamlik

- (i) waar 'n werkwoordstam in sy ontkenende vorm is en
- (ii) waar 'n voorwerpskakel of refleksief in die bevestigende vorm geïnkorporeer is, dus:

NS	<u>ga</u> <u>ke</u> <u>nwe</u>	
Tsw.	<u>ga</u> <u>ke</u> <u>nwe</u>	'ek drink nie'
SS	<u>ha</u> <u>ke</u> <u>nwe</u>	
NS	<u>ba</u> <u>a</u> <u>e</u> <u>ja</u>	
Tsw.	<u>ba</u> <u>a</u> <u>e</u> <u>ja</u>	'hulle eet dit'
SS	<u>ba</u> <u>a</u> <u>e</u> <u>ja</u>	

In die voltooide vorm verander die toon na L wanneer 'n voorwerpskakel of refleksief gebruik word, bv.

NS	<u>ga</u> <u>di</u> <u>a</u> <u>mpha</u> <u>morôgô</u>	
Tsw.	<u>ga</u> <u>di</u> <u>a</u> <u>mpha</u> <u>morôgô</u>	'hulle het my nie groente gegee nie'
SS	<u>ha</u> <u>di</u> <u>a</u> <u>mpha</u> <u>morôhô</u>	

4.8.2 By twee- en drielettergrepige H-stamme bly die toon deurgaans dieselfde behalwe in die voltooide vorm positief na 'n onderwerpskakel in die derde persoon. Hier verander dit na L, bv.

NS	<u>ba</u> <u>romilê</u>	
Tsw.	<u>ba</u> <u>romilê</u>	'hulle het gestuur'
SS	<u>ba</u> <u>romilê</u>	

NS	<u>di</u> <u>bolailwê</u> <u>ke</u> <u>batsomi</u>	
Tsw.	<u>di</u> <u>bolailwê</u> <u>ke</u> <u>batsomi</u>	'hulle is deur die jagters gedood'
SS	<u>di</u> <u>bolailwê</u> <u>ke</u> <u>batsomi</u>	

4.8.3 Enkellettergrepige L-stamme in die onvoltooide vorm bly meesal L, bv.

NS	<u>ga</u> <u>ke</u> <u>ye</u>	
Tsw.	<u>ga</u> <u>ke</u> <u>ye</u>	'ek gaan nie'
SS	<u>ha</u> <u>ke</u> <u>ye</u>	

L verander egter in die ontkenning na H wanneer 'n voorwerpskakel of refleksiefmorfeem ingesluit word of wanneer 'n ander woord op die werkwoord volg, bv.

NS ga a ntšwe
 Tsw. ga a ntswé 'hy laat my nie in die steek nie'
 SS ha a ntswé

NS ga ke tšwe motse
 Tsw. ga ke tswé motse 'ek gaan nie uit die stat nie'
 SS ha ke tswé motse

In die bevestiging verander L na H indien die stam ná 'n onderwerpskakel in die derde persoon volg en terselfdertyd deur 'n woord wat op L begin, gevolg word, dus

NS o tšwa motse
 Tsw. o tswa motse 'hy verlaat sy ouerhuis'
 SS o tswa motse

maar,

NS o ya kua
 Tsw. o ya gōna 'hy gaan daarheen'
 SS o ya mane

4.8.4 Enkellettergrepige L-stamme in die voltooide vorm positief bly L, behalwe wanneer 'n voorwerpskakel of refleksiefmorfeem ingevoeg word, bv.

NS ke ilê go mo thušetša malomé 'ek het gegaan
 Tsw. ke ilê go mo thusêtsa malomé om namens oom te
 SS ke ilê ho mo thusêtsa malomé help!,

maar,

NS le ntšwilê
 Tsw. lo ntswilê 'julle het my in die steek gelaat'
 SS le ntswilê

In die negatief verander die stam na H behalwe in die gevalle waar 'n voorwerpskakel of refleksief gebruik word, daarom

NS ga ba a tšwa mōno
 Tsw. ga ba a tswa mōno 'hulle het nie hier uitgegaan
 nie'
 SS ha ba a tswa mōno

maar,

NS ga le a ntšwa
 Tsw. ga lo a ntswa 'julle het my nie in die steek
 gelaat nie'
 SS ha le a ntswa

4.8.5 In die onvoltooide vorm is die gedrag van twee- en drielettergrepige L-stamme eenders, naamlik dat dit hoofsaaklik L bly, dus

NS ga ba apee dijō
 Tsw. ga ba apaye dijō 'hulle kook nie die kos nie'
 SS ha ba apêhe dijō

Dié toon verander in die volgende twee omstandighede in die positief na H, naamlik:

Wanneer 'n voorwerpskakel of refleksief gebruik word, bv.

NS le a ntemêla
 Tsw. lo a ntemêla 'julle ploeg namens my'
 SS le a ntemêla

en wanneer die stam ná 'n onderwerpskakeel in die derde persoon volg en terselfdertyd nie aan die einde van 'n sin voorkom nie, dus

NS ba nyaka motse
 Tsw. ba batla motse 'hulle soek die stat'
 SS ba batla motse

maar na 'n onderwerpskakeel anders as dié van die derde persoon,

NS ke apea dijô
 Tsw. ke apaya dijô 'ek kook kos'
 SS ke apêha dijô

4.8.6 In die voltooide vorm bly twee- en drielettergrepige L-stamme L, behalwe waar 'n voorwerpskakeel of refleksief in die positief gebruik word, bv.

NS ga ba a nnyaka
 Tsw. ga ba a mpatla 'hulle het my nie gesoek nie'
 SS ha ba a mpatla

maar,

NS le nnyakilê
 Tsw. lo mpatlilê 'julle het my gesoek'
 SS le mpatlilê

Die voorwerpskakel en refleksief

4.9.1 Hoewel die morfologiese gedrag of spreiding van hierdie twee morfeme in 'n groot mate ooreenstem, moet hulle tog as verskillende morfeme beskou word aangesien hulle vorm en hul betekenis-elemente nie eenders is nie. Die voorwerpskakel lyk met uitsondering van klas 1 wat mo en nie o is nie, en die eerste en tweede persoon enkelvoud n(i)- en go onderskeidelik, net soos die onderwerpskakel behalwe vir SS waar die voorwerpskakel van die tweede persoon enkelvoud o en nie ho (soos verwag n.a.v. die ander twee Sothotale) is nie, bv.¹⁾

NS	<u>o</u> <u>a</u> <u>go</u> <u>thuša</u> <u>gore</u> <u>o</u> <u>bônê</u>	
Tsw.	<u>o</u> <u>a</u> <u>go</u> <u>thusa</u> <u>gore</u> <u>o</u> <u>bônê</u>	'hy help jou dat jy kan sien'
SS	<u>o</u> <u>a</u> <u>o</u> <u>thusa</u> <u>hore</u> <u>o</u> <u>bônê</u>	

Die refleksiefmorfeem is vir alle klasse en persone dieselfde, naamlik i.

4.9.2 Wat die gebruik van voorwerpskakels en die refleksiefmorfeem betref, kan gemeld word dat meer as een voorwerpskakel of 'n refleksief en 'n voorwerpskakel of twee refleksiewe nie gelyktydig voor die werkwoordstam van NS en SS gebruik kan word nie. Die moontlikheid van dergelike kombinasies bestaan egter in Tsw. Die volgende is voorbeelde van werkwoorde met drie voorwerpskakels:

1) Die verskil kan daaraan toegeskryf word dat SS [h] 'n sagter klank as [x] is en dus maklik in spraak wegge laat kan word.

ke a mo ba di jésa 'ek help haar om hulle dit te laat
 eet'
malomé o rêmisa batlhanka setlhare mme nna ke a mo ba
se rêmisa 'oom laat die bediendes die boom afkap en
 ek laat hom hulle dit afkap'

4.9.3 Die toonpatroon van voorwerpskakels en refleksiewe
 word baie reëlmatig afgelei. Voor meerlettergrepige stamme
 in die H-klas is die toon konsekwent L, bv.

NS o a ipôna
 Tsw. o a ipôna 'hy sien homself'
 SS o a ipôna

NS ga a mpône
 Tsw. ga a mpône 'hy sien my nie'
 SS ha a mpône

NS ga le a mpôna
 Tsw. ga le a mpôna 'julle het my nie gesien nie'
 SS ha le a mpôna

4.9.4 Voor meerlettergrepige stamme in die L-kl. is die
 toon van hierdie morfeme in die positief L, terwyl dit in die
 negatief H is, d.w.s.

NS ba nnyakilê
 Tsw. ba mpatlilê 'hulle het my gesoek'
 SS ba mpatlilê

NS	<u>ga ba a nnyaka</u>	
Tsw.	<u>ga ba a mpatla</u>	'hulle het my nie gesoek nie'
SS	<u>ha ba a mpatla</u>	

4.9.5 By enkellettergrepige stamme in sowel die H- as die L-kl. is die gedrag van die morfeme eenders in dié opsig dat hulle voor stamme in die onvoltooide vorm positief H en in die negatief L is, terwyl dit voor stamme in die voltooide vorm positief L en in die negatief H is. Voorbeelde uit SS spreek ook vir die ander tale, d.w.s.

Onvoltooid

Voltooid

	<u>H-kl.</u>	
<u>di a ntja</u>	'hulle eet my'	<u>di ntjilé</u>
<u>ha di ntje</u>	'hulle eet my nie'	<u>ha di a ntja</u>
	<u>L-kl.</u>	
<u>o a ntswa</u>	'hy laat my in die steek'	<u>o ntswilé</u>
<u>ha a ntswe</u>	'hy laat my nie in die steek nie'	<u>ha a a ntswa</u>

Die morfeem -a-

4.10.1 Hierdie morfeem wat kenmerkend is van een van die vorme van kategorie C se onvoltooide vorm, is deur Bantoe-taalkundiges baie oorvereenvoudig. Hulle sê gewoonlik dat die onvoltooide vorm van hierdie kategorie twee alternatiewe vorms het te wete die sogenaamde 'lang vorm' (waarby die gebruik van die morfeem -a- betrokke is) en die 'kort vorm'

(dié sonder -a-). Die aan- of afwesigheid van die morfeem word dan gewoonlik eenvoudig aan sintaktiese faktore toegeskryf.

4.10.2 Doke sowel as Cole sê dat die gebruik daarvan al dan nie, deur sintaktiese faktore geregeer word. Doke sê byvoorbeeld dat die vorm sonder -a-

..... is used when the verb is followed by an object, or by some adverbial adjunct

Die vorm sonder -a-

..... is used when the verb ends the sentence and when it embodies an objectival concord.

(Doke, 1957, p. 199)

Wat Sotho betref vertel Doke in eersgenoemde aanhaling net die halwe waarheid aangesien die 'lang vorm' ook gebruik kan word wanneer 'n adverbiale bepaling volg, bv. Tsw.

ke a rēma tshimong/ke rēma tshimong 'ek kap in die tuin'

Uit navorsing het dit duidelik geword dat die verskil tussen die twee vorms die volgende is: By eersgenoemde voorbeeld lê die nuwe informasie by die werkwoord as sodanig terwyl dit by die tweede voorbeeld die adverbiale bepaling is wat die nuwe informasie inhou; m.a.w. in die een geval word die werkwoord 'gespesifiseer' en in die ander is daar ander informasie wat belangriker geag word naamlik dié van 'in die tuin'. Sommige kenners praat hier van 'n verskil in klem

maar dié term kan verwarring skep aangesien dit een is wat in verband met die prosodiek gebring kan word. Op hierdie stadium word dus voorgestel dat die morfeem -a- die spesifiserende -a- genoem word. In elk geval bly hierdie 'n probleem wat 'n studie op sigself regverdig.

4.10.3 Cole voer die saak verder as Doke deur die semantiek by te bring. Hy verklaar naamlik dat

..... the two forms of the present tense are virtually identical in significance, thus Kearuta (I teach, I am teaching) and Keruta bana (I teach/I am teaching children).

(Cole, 1955, p. 244)

Ziervogel reken dat daar tog 'n semantiese verskil tussen die twee vorms is. Hy noem dus vervolgens die vorm in Ndebele sonder -ya- "the simple aspect" en die een met -ya- "the continuous aspect" van die voltooide vorm, bv.

nkhambha (I walk) : ndiyakhambha (I am walking)

(Ziervogel, 1959, p. 87)

4.10.4 In Sotho word die twee vorms nie heeltemal op dieselfde manier as in Ndebele aangewend nie. Die SS kan byvoorbeeld se:

ditau di ja nama 'die leeus is besig om vleis te eet' of '(die) leeus eet vleis' en

ditau di a ja 'die leeus is besig om te eet'

Hieruit word dus opgemerk dat albei handeling e we 'voortdu-
 rend' kan wees. Dit blyk veel eerder dat hier ook sprake
 van 'n verskil in informasie is (vgl. 4.10.2). In die eerste
 voorbeeld word geïmpliseer dat die leeus juis besig is om
 vleis te eet en nie byvoorbeeld pap nie. Verder veronderstel
 dit dat leeus wanneer hulle sou eet, gewoonlik vleis eet
 m.a.w. vleisetende diere is. Die tweede voorbeeld kan
 beteken dat hulle juis eet en nie byvoorbeeld drink of dalk
 jag nie, óf dat terwyl oor hulle gepraat word, hulle aan die
 eet is. Hierdie sienswyse kom in 'n groot mate ooreen met
 dié van Ziervogel vir Noord-Sotho (Ziervogel, 1969, p. 46).

4.10.5 Dat die gebruik van die vorm met -a- teenoor die
 vorm sonder -a- met sintaktiese faktore verband hou is wel
 waar, maar daar is ook ander faktore soos die semantiese wat
 klaarblyklik 'n bepalende rol speel. Die morfologiese kom-
 bineerbaarheid of spreiding is die resultaat van die sintak-
 tiese en semantiese bedoelinge wat deur die taalgebruiker
 tot uiting kom.

4.10.6 'n Morfologiese verklaring vir die voorkoms van die
 morfeem -a- skyn dus onmoontlik te wees. Wat wel genoem
 kan word is dat die spreiding daarvan met betrekking tot die
 werkwoord in 'n groot mate met die morfeme -ka-, -sa- en
-tla-/ -tlô- vergelyk kan word in dié opsig dat dit plek direk
 voor die stam inneem behalwe wanneer 'n voorwerpskakeel of
 refleksief ingeskuif word. In Sotho veronderstel die gebruik

van 'n voorwerpskakel in die onvoltooide vorm dan ook meesal die gebruik van die morfeem -a-. Genoemde vergelyking het uiteraard net betrekking op werkwoorde in kategorie C in die onvoltooide vorm aangesien dit slegs in hierdie kategorie is waarin die morfeem -a- voorkom.

4.10.7 Voorts is dit opvallend dat die toon daarvan hoofsaaklik met dié van die morfeme -tla-/-tlô- en -sa- (4.11) ooreenkom naamlik dat dit L is, behalwe wanneer dit ná onderwerpskakels in die derde persoon volg en terselfdertyd deur 'n lettergreep met L-toon gevolg word. Vergelyk byvoorbeeld:

NS	<u>ba a bōna</u>	
Tsw.	<u>ba a bōna</u>	'hulle sien' <u>teenoor</u>
SS	<u>ba a bōna</u>	

NS	<u>ba a mmōna</u>	
Tsw.	<u>ba a mmōna</u>	'hulle sien hom'
SS	<u>ba a mmōna</u>	

NS	<u>di a bolaya</u>	
Tsw.	<u>di a bolaya</u>	'dit maak dood' <u>teenoor</u>
SS	<u>di a bolaya</u>	

NS	<u>se a lema</u>	
Tsw.	<u>se a lema</u>	'dit ploeg'
SS	<u>se a lema</u>	

4.10.8 Uit voorafgaande betoog lyk dit of die werkwoordvorm met -a- na aanleiding van die morfologiese spreiding en gedrag 'n subkategorie vorm wat gelyk gestel kan word aan die subkategorieë van -tla-/-tlô-, -ka- en -sa- (vgl. 4.11), met die uitsondering dat die kategorie met -a- slegs tot een hoofdelike kategorie beperk is terwyl die ander ook in ander hoofkategorieë kan optree. Die vorm met -a- kan gerieflikheids-halwe subkategorie 1 genoem word (vgl. subkategorieë 2, 3 en 4 in 8.4.1). (1966)

Die morfeme -ka-, -sa- en -tla-/-tlô-

4.11.1 Aldrie hierdie morfeme kan in die onvoltooide vorm van kategorie C optree, bv.

NS	<u>ba ka se bōne</u>	'hulle kan / mag nie sien nie'
Tsw.	<u>ba sa tsamaya</u>	'hulle loop nog' ¹⁾
SS	<u>re tla e rēka</u>	'ons sal dit koop'

Die -sa- en -tla-/-tlô- kan ook in die voltooide vorm gebruik word met die voorbehoud dat die 'toestandsaspek' van dié vorm gerealiseer word wanneer eersgenoemde gebruik word. Dit kom byvoorbeeld nie saam met die 'voltooidheidsaspek' voor nie, d.w.s.

NS	<u>ke sa namētše pērē</u>	
Tsw.	<u>ke sa palame pērē</u>	'ek is nog op die perd'
SS	<u>ke sa palame pērē</u>	

1) As alternatief van -sa- het Tsw. die vorm -santse- wat dan as volwaardige hulpwerkwoord gebruik word, bv. ba santse ba tsamaya.

4.11.2 In die geval van -tla-/-tlô- is dit nie die komplementêre werkwoord wat in die voltooid vorm verskyn nie, soos by -sa- die geval was nie, maar wel -tla- self; 'n bewys van dié morfeem se sterk werkwoordelike inslag, bv.

Sotho: ba tli[́]lô ba bolaya < ba tli[́]lê go/ho ba bolaya
 'hulle het hulle kom doodmaak'/'hulle sou hulle doodgemaak het'

Die ontkenning hiervan is 'n saamgestelde vorm wat met die ontkenningmorfeem ga/ha van kategorie C gevorm word, bv.

NS	<u>ga</u> <u>ba</u> <u>a</u> <u>tlô</u> <u>ba</u> <u>bolaya</u>	
Tsw.	<u>ga</u> <u>ba</u> <u>a</u> <u>tla</u> (go) <u>ba</u> <u>bolaya</u>	'hulle het hulle nie kom doodmaak nie'
SS	<u>ha</u> <u>ba</u> <u>a</u> <u>tla</u> <u>ba</u> <u>bolaya</u>	

4.11.3 Genoemde drie morfeme kan ook onderling kombineer. Daar is egter geen voorbeelde gevind waar -sa- en -ka- kan kombineer nie. 'n Kombinasie van -sa- en -tla-/-tlô- kan die volgende wees:

NS	<u>ba</u> <u>sa</u> <u>tlô</u> <u>phakgama</u>	
Tsw.	<u>ba</u> <u>sa</u> <u>tla</u> <u>phaphama</u>	'hulle sal nog wakker word'
SS	<u>ba</u> <u>sa</u> <u>tla</u> <u>phaphama</u>	

Ook -ka- kan met -tla-/-tlô- kombineer, bv.

NS	<u>re</u> <u>ka</u> <u>tlô</u> <u>rutha</u>	
Tsw.	<u>re</u> <u>ka</u> <u>tla</u> (go) <u>thuma</u>	'ons sal mag swem'
SS	<u>re</u> <u>ka</u> <u>tla</u> <u>sêsa</u>	

4.11.4 Hoewel volle besonderhede in hoofstuk 8 gegee word, kan hier net genoem word dat die toon van hierdie morfeme heel eenvoudig is. Soos uit bogenoemde voorbeelde blyk is die toon van -ka- deurgaans H. Dié van -sa- is ook H behalwe

na onderwerpskakels van die derde persoon wanneer die lettergreep wat -sa- opvolg ook H is. Dit blyk dus dat twee hoë tone weerskante van -sa- dié morfeem na L toe afdruk; 'n proses van toondissimilatie, dus

NS bá sà ja
 Tsw. bá sà ja/bá sántse bá ja 'hulle eet nog'
 SS bá sà ja

Wanneer 'n voorwerpskakel, wat dan laagtonig is, egter ingevoeg word, keer die -sa- weer terug na H, bv.

NS ó sà re ruta
 Tsw. ó sà re ruta/ó sántse a re ruta 'hy leer ons nog'
 SS ó sà re ruta

Die toon van -tla-/-tlô- assimileer aan dié van die voorafgaande onderwerpskakel, bv.

NS ke/re tlô ruta
 Tsw. ke/re tla ruta 'ek/ons sal leer'
 SS ke/re tla ruta

maar,

NS dí tlô ya
 Tsw. dí tla ya 'hulle sal gaan'
 SS dí tla ya

Die ontkeningsmorfeem

4.12.1 Die morfeem ga (NS en Tsw.) en ha (SS)¹⁾ is kenmerkend van die ontkenende vorm van kategorie C en neem

1) Hierdie is nie 'n morfologiese verskil nie maar 'n fonologiese een.

deurgaans 'n lae toon. Konkomitant met hierdie morfeem is die uitgang -e in die onvoltooide en -a in die voltooide vorm. By die basiese voltooide vorm negatief, volg 'n addisionele morfeem -a- op die onderwerpskakel. In NS word hierdie morfeem soms by die onderwerpskakel opgeneem sodat dit saam een morfeem vorm (vgl. 4.5.1). Die toon van hierdie morfeem is L behalwe wanneer dit 'n laagtonige lettergreep vooraf gaan, bv.

Onvoltooid

NS	<u>ga ke sepele</u>	
Tsw.	<u>ga ke tsamaye</u>	'ek loop nie'
SS	<u>ha ke tsamaye</u>	

Voltooid

NS	<u>ga ke a nwa</u>	
Tsw.	<u>ga ke a nwa</u>	'ek het nie gedrink nie'
SS	<u>ha ke a nwa</u>	

maar,

NS	<u>ga ke a apea</u>	
Tsw.	<u>ga ke a apaya</u>	'ek het nie gekook nie'
SS	<u>ha ke a apêha</u>	

Behalwe genoemde ontkenings vir die voltooide vorm, het NS nog drie alternatiewe vorms wat in feite variante van dieselfde vorm is (vgl. 4.5.1 en 4.6.1).

Samevatting

4.13.1 Wat kenmerkend van kategorie C as geheel is, is dat dit tye onderskei en dat subkategorieë 2, 3 en 4 (vgl. 8.4.1 vir subkategoriale indeling) by dié werkwoordkategorie geïnkorporeer kan word. Verder kan genoem word dat die onderwerpskakel van klas 1 in sekere morfologiese verbande nie o is nie maar a. Dit word opgemerk by die ontkenning, onvoltooid sowel as voltooid, en wanneer dit voor die morfeem -ka- te staan kom (vgl. 4.3.3). In 4.3.3 word ook opgemerk dat die onderwerpskakel van die eerste persoon enkelvoud nie ke is nie maar n-. Subkategorie 1 is kenmerkend van hierdie hoofkategorie alleen en word dus nie in ander hoofkategorieë aangetref nie (4.10). Daar kan ook genoem word dat kategorie C die kenmerkende ontkenningismorfeem ga-/ha- het wat sonder uitsondering 'n lae toon neem (4.12.1).

4.13.2 Vervolgens 'n samevatting van die toonpatroon van stamme:

Onvoltooide vormPositiefNegatiefH-stamme

1 bly H; met v.s. L

word L

2 bly H

bly H

3 bly H

bly H

L-stamme

1 bly L; na o.s. ¹⁾ 3de pers. H ²⁾	bly L
2 bly L; met v.s. H	bly L
3 bly L; na o.s. 3de pers. H ³⁾	bly L

Voltooide vormPositiefH-stamme

1 bly H; met v.s. L
2 bly H; na o.s. 3de pers. L
3 bly H; na o.s. 3de pers. L

Negatief

bly H; met v.s. L
bly H
bly H

L-stamme

1 bly L; met v.s. H	word H; met v.s. L
2 bly L; met v.s. H	bly L
3 bly L; met v.s. H	bly L

4.13.3 Wat die toonreëls betref kan genoem word dat die onderwerpskakels van die eerste en tweede persone L neem in die positief en H in die negatief (4.3.1). Dié van die derde persoon is deurgaans H (4.3.2). H-werkwoordstamme bly hoofsaaklik H en L-stamme L. Die toon kan verander wanneer voorwerpskakels en die refleksief ingevoeg word en wanneer

-
- 1) o.s. staan vir onderwerpskakel.
 - 2) Lees bybepaling in 4.8.3.
 - 3) Lees bybepaling in 4.8.5.

werkwoorde ontken word (4.8.1-6). Die toon van voorwerpskakels en refleksiewe morfeme is baie reëlmatig. Voor meerlettergrepige stamme in die H-klas neem dit in die positief L terwyl dit in die negatief H is (4.9.4). Die toon van -ka- is altyd H terwyl -sa- hoofsaaklik H is. Die toon van -tla-/ -tlô- word assimilatief aan dié van die onderwerpskakel bepaal (4.11.4).

4.13.4 By vergelyking van die drie tale word die volgende verskille opgemerk:

- (a) Die onderwerpskakel van die tweede persoon meervoud is in Tsw. lò terwyl dit in die ander twee tale lê is (4.3.1).
- (b) NS het drie alternatiewe ontkenningsvorme vir die voltooide vorm terwyl SS en Tsw. hoofsaaklik een het (4.5.1).
- (c) Hoewel nie vir alle stamme nie, het werkwoorde wat op -na eindig in die voltooide vorm twee variante vorms in al drie die tale, t.w. -ne en -nnê. Behalwe vir Tsw. ken die ander twee tale ook -me en -mmê vir -ma (vgl. 4.7.1).
- (d) Die voorwerpskakel van die tweede persoon enkelvoud is in SS o en nie ho soos verwag sou word nie (4.9.1).
- (e) Anders as die ander twee tale kan Tsw. twee of meer voorwerpskakels in dieselfde werkwoord tegelykertyd opneem (4.9.2).

HOOFSTUK 5KATEGORIE DInleiding

5.1.1 Die volgende morfologiese struktuur wat vasgelê kon word, kan 'n eiesoortige werkwoordkategorie kenmerk:

- (i) skakelelement
- (ii) ontkenningismorfeem -sa-
- (iii) morfeme -sa-/-ka-/-tla-(NS -t1ô-)
- (iv) voorwerpskakel/refleksief/stabiliseerder e-
- (v) stam (wortel + uitgang)
- (vi) morfeem -ng(NS -go)

Al bogenoemde elemente is nie noodsaaklike eienskappe vir kategorie D nie. Dit is egter elemente wat binne die struktuur van hierdie kategorie geïnkorporeer kan word. In die samevatting aan die einde van hierdie hoofstuk word die noodsaaklike kenmerke van hierdie kategorie uig^esonder.

5.1.2 Volgens hierdie struktuur kan twee bestaande 'modi' wat tot dusver as die 'situatief/partisipialis/deelwoordmodus' en die 'werkwoordrelatief/werkwoordskrywing/relatiefmodus' bekend was, opgemerk word - twee 'modi' wat deur die meeste Bantoetaalkundiges saam gegroep^eer word óf die een as 'n uitvloeisel van die ander beskou óf albei as 'n uitvloeisel

van die 'indikatief' beskou, met die voorbehoud van 'n paar uitsonderings of onreëlmatighede.

5.1.3 Doke is een van die persone wat die 'partisipialis' met die 'indikatief' in verband wil bring en hy sê naamlik die volgende oor die 'partisipialis':

This is termed a "sub-mood" because it has forms corresponding to tenses of the indicative mood and the potential mood; it has no tenses corresponding to the subjunctive mood.

(Doke, 1957, p. 219)

Dit kom vreemd voor dat hy dié verband sien aangesien hy verder aan noem dat daar toon- en vormverskille by die twee werkwoordvorme opgemerk word. So byvoorbeeld sê hy:

The formation of the negative tenses, too, is distinctive, infixed -sa- taking the place of the indicative prefixed ha-.

(Doke, 1957, p. 219)

Sy laasgenoemde opmerking is belangrik aangesien genoemde twee morfeme noodsaaklike pre-stammorfeme is wat kategoriaal bepalend vir die negatiewe vorm is (vgl. 1.2.7).

5.1.4 Om nog teenargumente vir Doke se opmerking by te bring, kan genoem word dat enkellettergripige stamme by die 'partisipiale vorm' gewoonlik van 'n stabiliserende e-voorsien word terwyl die 'indikatief' dit nie so ken nie (vgl. hoofstuk 4 en paragraaf 5.5.1). Voorts kan bygevoeg word

dat daar vormverskille by veral die onderwerpskakels, wat noodsaaklike morfeme is, bestaan (vgl. 5.3.3). Doke het dan ook later hierdie vormverskille pertinent uitgesonder (vgl. 5.1.5). Laastens kan genoem word dat daar ook belangrike toonverskille by genoemde skakels bestaan (vgl. 5.3.3).

5.1.5 'n Opmerking van Doke waarin hy hom in 'n mate self korrigeer ten opsigte van sy uitlating oor SS in 5.1.3 hierbo, kan ter staving van my argument dien:

Though the positive tenses of the participial mood closely resemble the corresponding tenses of the indicative mood in form, they are radically different in tone. In the 3rd person Class 1 singular and plural and Class 3 plural they differ also in the form of the subjectival concord.

(Doke, 1961, p. 190)

In gedagte moet gehou word dat, soos in die inleidende hoofstuk genoem is, dit soms baie moeilik is om die verskillende kategorieë in waterdigte kompartemente te plaas. Deursy-peling na ander kompartemente is dikwels opsigtelik. Niete-min moet gepoog word om die kategorieë morfologies sover moontlik duidelik af te baken.

5.1.6 Geleerdes wat die 'participialis' en die 'werkwoord-relatief' as verwante vorms beskou, is die volgende:

Doke:

The relative concord agreeing with the antecedent is prefixed to the verb, which, basically participial, in most cases assumes the relative suffix -ng.

(Doke, 1957, p. 422)

Van Eeden:

En wat betref die verbum in 'n relatiefkonstruksie, is belangrik: (1) die feit dat die relatiefsuffiks -ng meesal daaraan gevoeg word en (2) dat dit altyd die participiale modus is wat gebruik word (maar met die relatiefskakels - in plaas van die skakels van die participiale modus -).

(Van Eeden, 1941, p. 167)

Cole:

Direct relatives and relative clauses are formed from participial verb tenses It is important to note that relatives are based on the participial forms of the verb tenses, not on the principal forms.

(Cole, 1955, p. 178)

Ziervogel:

It is to be noted that the relative construction is basically a participial mood form.

(Ziervogel, 1952, p. 104)

In hierdie werk, p. 184, behandel Ziervogel dan ook dié twee werkwoordvorme saam onder dieselfde opskrif, t.w. "Relative and Participial Mood."

5.1.7 Soos uit die morfologiese struktuur in 5.1.1 duidelik word, word daar aangesluit by diegene soos bogenoemde vier persone wat genoemde twee werkwoordvorme as verwante vorme beskou. Alvorens met die probleem voortgegaan kan word, moet egter duidelik gestel word dat die 'relatief modus/relatiefkonstruksie/werkwoordrelatief' volgens definisie streng gesproke buite die bestek van hierdie studie val. Dit is in feite nie 'n woord nie, maar 'n woordgroep met die

demonstratief as inleidende lid en die komplement 'n werkwoord, wat die morfologiese struktuur soos in 5.1.1 genoem, kenmerk (vgl. 1.9.15). Die 'relatiewe' werkwoord kom gewoonlik nie sonder die inleidende lid, dit is die demonstratief, voor nie en daarom is dit beter om dit 'n 'relatiewe konstruksie' te noem (vgl. 5.1.8). Indien die werkwoord wel daarsonder voorkom, het ons met die gewone 'partisipialis/situatief' te make, bv.

NS	<u>sé</u> / <u>se bônago</u>	
Tsw.	<u>sé</u> / <u>se bônang</u>	'dit wat sien'
SS	<u> </u> / <u>sé bônang</u>	

(Vgl. 5.3.4 vir meer besonderhede oor SS wat hier verskillend van die ander twee tale voorkom.)

5.1.8 Ziervogel het reg gekies met die term "relatiewe konstruksie" (Ziervogel, 1969, p. 56) aangesien ons hier nie volgens die voorbeelde hierbo met 'n werkwoordkategorie of 'modus' te doen het nie maar met 'n konstruksie waarby 'n werkwoord inbegrepe is. (Vgl. ook genoemde werk, p. 137, waar die modi van Noord-Sotho aangestip word. Hierin word nie voorsiening vir die relatief as modus gemaak nie.) Die konstruksie is 'n woordgroep waarby 'n komplement ingesluit is en dit kan as 'n bepaalde werkwoordkategorie geklassifiseer word. Omdat die werkwoord as komplement van die demonstratief (m.a.w. die sogenaamde 'relatiewe' werkwoord) volgens party van die aangehaalde kenners van die sogenaamde 'situatiewe' werkwoord blyk te verskil, sal breedvoerig op die moontlike verskille ingegaan word.

Die morfeem -ng (NS -go)

5.2.1 Dit is op grond van die teenwoordigheid van hierdie morfeem waar menige verwarring en verskil ontstaan het. Die meeste kenners skei die 'relatief' van die 'situatief' omdat eersgenoemde die -ng/-go as kenmerkende morfeem neem terwyl laasgenoemde nie daarmee gebruik word nie, bv.

'Relatief'

NS tšê/ di bônago
 Tsw. tsê/ di bônang '(hulle wat sien'
 SS ___ / tsê bônang 1)

'Situatief'

NS ba rutilê
 Tsw. ba rutilê 'in die omstandigheid dat/as/terwyl
 hulle geleer het'
 SS ba rutilê

So byvoorbeeld merk Cole die volgende ten opsigte van Tsw. op:

Direct relatives and relative clauses are formed from participial verb tenses by substituting the relative concord for the subjectival concord, and suffixing -ng to the verb.

(Cole, 1955, p. 178)

Volgens die opmerking van Doke in 5.1.6 hierbo, geld dieselfde morfologiese reël ook vir SS. In die plek van SS en Tsw. se

1) Vgl. 5.3 vir die dubbeltoon HH (´´).

-ng, neem NS gewoonlik -go alhoewel die -ng ook in sekere NS-dialekte gebruiklik is.

5.2.2 Oor die ontstaan van hierdie morfeem heers daar baie twyfel. So byvoorbeeld sê van Eeden t.o.v. Zoeloe dat:

Die relatiefsuffiks -yo, wat in baie gevalle as 'n enklitiese formatief aan die verbum in 'n relatiewe konstruksie geheg word, is ongetwyfeld die verkorte vorm van die absolute pronomens yona van klas 5 sing.

(Van Eeden, 1956, p. 610)

In 'n voetnoot verwys Van Eeden na Shambala waar die absolute voornaamwoorde van die verskillende klasse nog reëlmatig na die werkwoorde gebruik word. Cole weer, maak 'n heeltemal teenstrydige bewering en haal sy voorbeelde uit Tsw. self. Hy sê naamlik:

There is some evidence to indicate that -ng may originally have been a participial tense formative. It occurs in certain formations, e.g. the verbal conjunctives ebōng (namely, that is; lit. it-being) and eseng (not; lit. it-not-being), which can hardly be construed as relative forms, though this possibility cannot be ruled out altogether.

(Cole, 1955, p. 285)

5.2.3 Betreffende Van Eeden se uitlating kan niks meer gesê word as dat dit vir Sotho nie sinchronies kontroleerbaar is nie. Dit mag wees dat NS se -go volgens Van Eeden verband kan hou met gōna wat die absolute voornaamwoord van die lokatiefklasse is. Waarom die agtervokaal fonetiese veranderinge ondergaan het, bly egter onverklaarbaar (vgl. [xo] : [xo:na]). Hierteenoor is die opmerking van Cole baie belangrik en insig-

gewend en daarop kan uitgebrei word. Belang word dááaraan geheg dat die morfeem -ng/-go ook elders as net by die 'relatief' kan voorkom, al is dit dan net sporadies (vgl. 5.2.4-5). Dit, en voorbeelde in die volgende paragraaf, kan as bewys dien dat die 'relatief' en die 'situatief' nie so ver vankemekaar verwyder is nie en dat dit ook wat die morfeem -ng/-go betref, een en dieselfde kategorie kan wees.

5.2.4 Behalwe dat Cole dit by bogenoemde konjunktiewe (vgl. 5.2.2) opgemerk het, kom die -ng/-go ook by negatiewe hulpwerkwoordstamme voor wat 'n 'partisipiale' betekenis inhou, bv.

NS	<u>n̄thušē</u> <u>gō</u> <u>sego</u> <u>bjalo</u> <u>ke</u> <u>tlō</u> <u>ipolaya</u>
Tsw.	<u>n̄thusē</u> <u>gō</u> <u>sa</u> <u>nne(ng)</u> <u>jalo</u> <u>ke</u> <u>tla</u> <u>ipolaya</u>
SS	<u>n̄thusē</u> <u>hō</u> <u>seng</u> <u>jwalō</u> <u>ke</u> <u>tla</u> <u>ipolaya</u>

'help my, anders maak ek myself dood'

lett. 'help my, dit nie so synde nie, sal ek myself doodmaak'

Voorts kom dit soms ook in die ontkenning van die 'situatiewe' werkwoord voor, trouens, SS kan oral in sy ontkenning van dié werkwoordvorm, van die morfeem -ng gebruik maak alhoewel voorkeur aan die vorm sonder -ng gegee word, bv.

NS	<u>lē</u> <u>sa</u> <u>bolelego</u> <u>bjalo</u> , <u>re</u> <u>tlō</u> <u>swarwa</u>
Tsw.	<u>lō</u> <u>sa</u> <u>bueng</u> <u>jalo</u> , <u>re</u> <u>tla</u> <u>tshwarwa</u>
SS	<u>lē</u> <u>sa</u> <u>bueng</u> <u>jwalō</u> , <u>re</u> <u>tla</u> <u>tshwarwa</u>

'as julle nie so praat nie, sal ons gevang word'

5.2.5 Hoewel dit uit bogenoemde voorbeelde blyk dat die morfeem -ng/-go in die 'situatief' hoofsaaklik in die ontkenning kan voorkom, kan voorbeelde gegee word waar dit in die positief ook gebruiklik is. Dié moontlikheid is byvoorbeeld ná die voegwoord mohla/motlha 'dag/tyd/geleentheid', bv.

NS	<u>mohla/</u> <u>a bônago</u>	
Tsw.	<u>motlha/</u> <u>a bônang</u>	'die dag/keer as hy sien'
SS	<u>mohla/</u> <u>a bônang</u>	

Hoewel sporadies, is hierbo bewyse aangevoer dat -ng/-go nie net in die 'relatief' gebruiklik is nie, maar ook in die 'partisipialis'. Die rede waarom dit in die een geval minder, en in die ander meer gebruiklik is, kan nie sonder meer gegee word nie en verg 'n diepgaande sintakties-diachroniese studie.

5.2.6 Aangesien die werkwoordvorm wat met die antesedent (vgl. 5.3.2 vir besonderhede oor hierdie term) in verband staan, dit is die sogenaamde 'werkwoordrelatief', as 'n reël die morfeem -ng/-go neem en die ander vorm, dit is die sogenaamde 'situatief', gewoonlik daarsonder funksioneer, sal deur die hele hoofstuk voorbeelde van elke vorm gegee word om sodoende aan te toon dat hulle origens morfologies eenders is.

5.2.7 Die toon van die morfeem -ng/-go is in NS en SS in alle morfologiese verband L, bv.

NS	<u>mohla/ a bōnago</u>	'(die keer) as hy sien'
Tsw.	<u>mohla/ a bōnang</u>	
NS	<u>ge/ le sa boleleago</u>	'(as) julle nie praat nie'
SS	<u>ha/ le sa bueng</u>	
NS	<u>yō/ a lemago</u>	'(hy) wat ploeg'
SS	<u>___/ ya lemang</u>	
NS	<u>tšê/ di sa rōbalego</u>	'(hulle) wat nie slaap nie'
SS	<u>___/ tsê sa rōbaleng</u>	
NS	<u>lê/ le bolailago</u>	'(julle) wat doodgemaak het'
SS	<u>___/ le bolaileng</u>	
NS	<u>ba/ ba sa bolayago</u>	'(hulle) wat nie doodgemaak
SS	<u>___/ ba sa bolayang</u>	het nie'

5.2.8 Tsw. volg egter 'n eiesoortige toonpatroon en kom ook baie reëlmatig voor. Na lae lettergrepe is ng H, terwyl dit L is wanneer die voorlaaste lettergreep H is, bv.

<u>yō/ o se bolayang</u>	'(hy) wat dit doodmaak'
<u>ê/ e sa re bolayang</u>	'(hulle) wat ons nie doodgemaak het nie'
<u>motlha/ a bōnang</u>	'(die keer/dag) as hy sien'

maar:

NS	<u>(batho)</u> <u>ba/</u> <u>ba sa bolayago</u>	
Tsw.	<u>(batho)</u> <u>ba/</u> <u>ba sa bolayang</u>	'(die mense) wat nie doodmaak nie'
SS	<u>(batho)</u> <u>/</u> <u>ba sa bolayang</u>	

NS	<u>basadi</u> <u>ba/</u> <u>a ba romago</u>	
Tsw.	<u>basadi</u> <u>ba/</u> <u>a ba romang</u>	'die vrouens wat hy stuur'
SS	<u>basadi</u> <u>ba/</u> <u>a ba romang</u>	

5.3.3 In NS en Tsw. lyk die skakelelement soos die onderwerpskakel van kategorie C maar die toon daarvan is konsekwent H (vgl. 4.3.1-2), bv.

NS	<u>ke sa apee</u>	'terwyl ek nie kook nie'
Tsw.	<u>ke sa apeye</u>	

NS	<u>yê/ e bušago</u>	'(hy) wat regeer'
Tsw.	<u>(y)ê/ e busang</u>	

Die enigste vormverskil is by klas 1. Hier is die skakel by albei tale a- in plaas van o-, bv.

a rōbala 'as hy slaap',

behalwe by Tsw. wanneer die werkwoord met die antesedent verband hou, bv.

yô/ o sa re bolayang '(hy) wat ons nie doodmaak nie'

Laasgenoemde onreëlmatigheid kan daaraan toegeskryf word dat die onderwerpskakel wat a- moes gewees het, aan die ô van die

demonstratief wat hom vooraf gaan, geassimileer het. Trouens, die oostelike Tsw.-dialekte soos byvoorbeeld Kgatla, gebruik nog a bv.

(y)ô/ á romang '(hy) wat stuur'

5.3.4 By SS lyk die skakelelement soos vir NS en Tsw. hierbo (vgl. 5.3.3) behalwe wanneer die werkwoord met die antesedent verband hou. Op die oog af lyk dit of die skakelelement dan heeltemal uniek is, maar dit is nie die geval nie. By SS het die eerste gedeelte van die demonstratief en die onderwerpskakel waarskynlik tot 'n nuwe skakelelement saamgetrek, waarby die onderwerpskakel by implikasie ingesluit is. Vervolgens 'n paar voorbeelde:

<u>Klas</u>	<u>dem.</u>	+	<u>o.s.</u>	<u>skakelelement</u>
1	é		á	yá ¹⁾
2	ba		ba	ba
5	lê		le	lê
6	a		a	a

5.3.5 Vier redes kan aangevoer word waarom die onderwerpskakel by implikasie by die skakelelement van SS ingesluit is, naamlik:

- (i) dat dié element van klas 1 ya- is, waarby geen ander onderwerpskakel, as juis die a- van die

1) Die kombinasie /e/ plus vokaal gee foneties maklik tot 'n semivokaal aanleiding; daarom ya /ja/.

'partisipialis' ingesluit is nie. Indien die onderwerpskakel nie hierby geïnkorporeer was nie, sou die skakelelement na aanleiding van die voorbeelde in 5.3.4 hierbo, vir klas 1 ê- gewees het;

- (ii) dat die skakelelement langer uitgespreek word as wat gewoonlik met 'n lettergreep in daardie posisie die geval is. Die langer lettergreep word daardeur bekragtig dat 'n dubbeltoon (\widehat{HH}) op dié vormelement waargeneem word. Die toon \widehat{HH} kom ooreen met dié van die demonstratief (H) en die onderwerpskakel (H) in 5.3.3. hierbo;
- (iii) dat onderwerpskakels by NS en Tsw. in hierdie soort konstruksie gebruik word en dit sou vreemd wees indien dit nie in SS, wat 'n verwante taal is, oorspronklik ook die geval was nie aangesien die meeste werkwoordstamme in die Bantoetale 'n onderwerpskakel noodsaak. Dit is ook baie waarskynlik dat die skakelelement onder Nguni-invloed so ontwikkel het, aangesien baie van SS se eienaardighede dikwels met Nguni verband hou;
- (iv) dat die onderwerpskakel weer duidelik na vore tree en die werkwoord met dié van die ander twee tale ooreenkom wanneer die antesedent as voorwerp gebruik word (vgl. voorbeelde in 5.3.2). In genoemde SS voorbeelde word ook opgemerk dat die onderwerpskakel nou na 'n enkeltoon terug-

gekeer het omdat sametrekking nie meer 'n rol speel nie. Die volgende is voorbeelde uit SS waar die werkwoord in kategorie D in verband met die antesedent gebruik word:

ke sa nweng '(ek) wat nie drink nie'
ê re bolayang '(dit) wat ons doodmaak'
ya batlilêng '(hy) wat gesoek het'

Ter staving van bogenoemde argumente, kan Van Eeden aangehaal word. Let op dat hy die skakelelement met 'n dubbelvokaal (aa) skryf. Dat hy dit só gesien het, kan as bewys vir bogenoemde dubbeltoon dien:

Die eaa van kl. 1 sing. bestaan sonder twyfel uit 'n samevoeging van die demonstratief en die subjekskakel a (hier lank uitgespreek) van die partic. modus.

(Van Eeden, 1941. p. 167)

5.3.6 Ten slotte kan genoem word dat, na aanleiding van die voorbeelde in 5.3.1-5, die toon van die skakelelement vir aldie die tale in alle morfologiese verbande, hoofsaaklik H is. Een uitsondering is by Tsw. gevind en dit is naamlik wanneer genoemde element voor enkellettergripige stamme te staan kom wanneer dié stamme sonder die uitgang -ng gebruik word. In hierdie geval het die skakelelement 'n dubbeltoon, naamlik \widehat{HL} (^). Hiervoor blyk 'n redelike verklaring te wees en dit is naamlik dat Tsw. nie soos die ander twee tale, 'n stabiliseerder voor enkellettergripige stamme

aanvoeg nie, maar dat dit by die skakelelement geïnkorporeer is. Hoewel dit nie vormlik waarneembaar is nie, word dit tonologies opgemerk omdat die tweede deel van die dubbeltoon (^), soos die toon van die stabiliseerder, L is, bv.

kē yá 'as ek gaan'
ē nwa 'as hy drink (bv. die dier)'

Die stam

5.4.1 Die stam word deur 'n wortel en 'n uitgangsmorfeem gekenmerk. Die uitgangsmorfeme lyk soos dié van kategorie C naamlik -a, -e en -ê/-e, bv. (vgl. 4.4.1-4.7.1).

NS kē enwá 'terwyl ek drink'
 Tsw. yō/ o lemang '(hy) wat ploeg'
 SS bá sa ré noma 'terwyl hulle ons nie gestuur het nie'
 NS dí sa nwe 'as hulle nie drink nie'
 Tsw. bá/ ba sa nweng '(hulle) wat nie drink nie'
 SS a ré batlilê 'terwyl hulle ons gesoek het'

NS het nog twee ontkenings vir die voltooide vorm wat aan die ander twee tale onbekend is. Hulle is albei woordgroepe wat die 'konsekutiewe' werkwoord as komplement in die een geval neem, en die 'habituele' werkwoord in die ander, bv.

rē se ra bōna
rē se re bōne 'as ons nie gesien het nie'

5.4.2 Omdat die uitgangsmorfeme van kategorie D ooreenkom met dié van kategorie C, kan die vraag gevra word of ons nie hier met een en dieselfde kategorie te doen het nie (vgl. Dokes opmerking in 5.1.3). Hierop moet ontkennd geantwoord word aangesien dit nie net die uitgangsmorfeme is wat kategoriaal bepalend is nie, maar wel hierdie morfeme tesame met die pre-stammorfeme (vgl. 1.2.7). Dit is juis hierdie morfeme wat hierdie werkwoordvorm in 'n afsonderlike kategorie plaas. Behalwe vir die vormverskille, word duidelike toonverskille ook opgemerk (vgl. 4.10, 5.2, 5.5, 5.3 met 4.3 en 5.7).

5.4.3 Die toonmorfologie van stamme kom onreëlmatig en ingewikkeld voor. Duidelike toonverskille word tussen die onvoltooide en die voltooide vorm opgemerk en daarom word dit afsonderlik behandel. Verder verander die toon soms ook aansienlik wanneer die werkwoordvorme in die negatief geplaas word. Aangesien die toon van twee- en meerlettergrepige stamme redelik eenvormig is, en 'n mate van patroon daaruit afgelei kan word, sal dié stamme eerste bespreek word.

5.4.4 Onvoltooide vorm:

In die H-klas bly die toon van tweelettergrepige stamme in die positief sowel as in die negatief H, bv.

NS	<u>ba</u> <u>buša</u>	'terwyl hulle regeer'
Tsw.	<u>ba</u> <u>sa</u> <u>re</u> <u>buse</u>	'terwyl hulle ons nie regeer nie'
SS	<u>ya</u> <u>re</u> <u>batlang</u>	'(hy) wat ons soek'

5.4.5 Voltooide vorm:

In die H-klas is die gedrag van twee- en meerlettergrepige stamme eenders en bly naamlik in alle morfologiese verbande H, bv.

NS yô/ a bušitšego '(hy) wat regeer het'

Tsw. ke bōne 'as ek gesien het'

SS a bolailê 'as hy doodgemaak het'

NS yô/ a sa bušago

Tsw. ke sa bōna (ontkenning)

SS a sa bolaya

Twee- en meerlettergrepige L-stamme bly deurgaans L, dus

NS ba/ ba lemilêgo '(hulle) wat ploeg'

Tsw. ba di batlilê 'terwyl hulle dit gesoek het'

SS re apêhilê 'terwyl ons gekook het'

NS ba/ ba sa lemago

Tsw. ba sa di batla (ontkenning)

SS re sa apêha

5.4.6 Die toonpatroon van enkellettergrepige stamme is ingewikkeld en onreëlmatig. Waar die werkwoord in verband met die antesedent staan, is die gedrag van enkellettergrepige H- sowel as L-stamme in die onvoltooide vorm dieselfde. In SS en NS neem die stam 'n dubbeltoon, naamlik \widehat{LH} in die

positief, behalwe wanneer 'n voorwerpskakel of refleksief geïnkorporeer word (vgl. 5.5 vir dubbeltoon). Indien genoemde morfeme ingevoeg word, verander die dubbeltoon na H, bv.

NS yô/ á nwágo ' (hy) wat drink'
 SS ___/ yá tswäng ' (hy) wat uitkom'

maar:

NS yô/ á a nwágo ' (hy) wat dit drink'

Hoewel dit by sekere noordelike Tsw.-dialekte ook die geval is, is dit hoofsaaklik L, bv.

yô/ ó nwäng ' (hy) wat drink'

By aldrie die tale is dit H in die negatief, dus

NS tšê/ di sa nwego
 Tsw. tsê/ di sa nweng ' (hulle) wat nie drink nie'
 SS ___/ tsé sa nweng

5.4.7 By die voltooide vorm bly enkellettergripige stamme in die H-klas deurgaans H, daarom

NS yô/ a nwelêgo
 Tsw. yô/ ó noleng ' (hy) wat gedrink het'
 SS ___/ yá nwelêng

NS	<u>yô/</u> <u>a sa nwago</u>	
Tsw.	<u>yô/</u> <u>o sa nwang</u>	(ontkenning)
SS	<u> /</u> <u>ya sa nwang</u>	

Enkellettergrepige L-stamme bly L in die positief maar word H in die negatief, dus

NS	<u>ba/</u> <u>ba tlilêgo</u>	
Tsw.	<u>ba/</u> <u>ba tlilêng</u>	'(hulle) wat gekom het'
SS	<u> /</u> <u>ba tlilêng</u>	

maar:

NS	<u>ba/</u> <u>ba sa tlogo</u>	
Tsw.	<u>ba/</u> <u>ba sa tlang</u>	(ontkenning)
SS	<u> /</u> <u>ba sa tlang</u>	

5.4.8 By enkellettergrepige werkwoordstamme wat nie in verband met 'n antesedent gebruik word nie, word ook 'n groot mate van onreëlmatigheid opgeval. In die onvoltooide vorm bly H-stamme H, behalwe wanneer dit met 'n voorwerpskakel of refleksief gebruik word, bv.

NS	<u>ke enwa</u>	'terwyl ek drink'
Tsw.	<u>ke nwa</u>	'terwyl ek drink'
SS	<u>ke sa nwe</u>	'terwyl ek nie drink nie'
NS	<u>a ntša</u>	'as hy my kul'
Tsw.	<u>dí a nwa</u>	'as hulle dit drink'
SS	<u>dí sa a nwe</u>	'as hulle dit nie drink nie'

By NS en Tsw. is die gedrag van enkellettergrepige L-stamme dieselfde as by H-stamme hierbo. By SS bly dit egter L in die positief maar word H in die negatief, bv.

ke eya 'terwyl ek gaan'
ke sa ye 'terwyl ek nie gaan nie'

5.4.9 In die voltooide vorm bly enkellettergrepige H-stamme deurgaans H in die positief, maar word L in die negatief alleen wanneer 'n voorwerpskakeel of refleksief gebruik word, bv.

NS ba nwele
 Tsw. ba nole 'terwyl hulle gedrink het'
 SS ba nwele

maar:

NS ba sa a nwa
 Tsw. ba sa a nwa 'as hulle dit nie gedrink het nie'
 SS ba sa a nwa

L-stamme bly L in die positief, maar word H in die negatief behalwe wanneer 'n voorwerpskakeel of refleksief ingevoeg word, bv.

NS le tlile 'terwyl julle gekom het'

maar:

NS ba sa tla 'terwyl hulle nie gekom het nie'

Die stabiliseerder

5.5.1 In NS en SS word 'n stabiliseerder e- in die positiese vorm vooraan enkellettergrepige stamme gevoeg. Indien 'n voorwerpskakel of refleksief gebruik word, verval hierdie element egter, bv.

NS	<u>ke enwa</u>	'terwyl ek drink'
SS	<u>ke enwa</u>	

maar:

NS	<u>ke di nwa</u>	'terwyl ek dit drink'
SS	<u>ke di nwa</u>	

Na aanleiding van laasgenoemde voorbeelde word beweer dat 'n stabiliseerder tog by implikasie opgemerk word wanneer 'n voorwerpskakel of refleksief gebruik word. Dit is waarskynlik by laasgenoemde morfeme betrek en daarom die dubbeltoon $\hat{L}H$ (*); met die veronderstelling dat die stabiliseerder H neem wanneer 'n voorwerpskakel gebruik word. In die ander morfologiese verbande is die toon van die stabiliseerder deurgaans L.

5.5.2 Wat Tsw. betref, bestaan die opvatting dat dit nie 'n stabiliseerder e- vooraan enkellettergrepige stamme neem nie. In feite is hierdie element nie vormlik sigbaar nie, maar is dit oënskynlik ook in die onderwerpskakel of in die voorwerpskakel inbegrepe. Vergelyk die volgende voorbeelde met dié in 5.5.1 hierbo:

ké nwá 'terwyl ek drink'

ké dí nwá 'terwyl ek dit drink'

Die tweede gedeelte van die dubbeltoon (^) in die eerste voorbeeld hierbo, kom ooreen met dié van die stabiliseerder è-. Die tweede voorbeeld stem ooreen met NS en SS en volg dieselfde patroon.

5.5.3 By NS bly die stabiliseerder e- behoue wanneer die enkellettergrepige stam nie aan die einde van 'n woordgroep of sin staan nie, bv.

gê bá eja mabêlê 'as hulle graan eet'

By SS egter, het dit 'n alternatiewe vorm waar die e- wegge-
laat kan word, indien 'n woord of woordgroep na die enkel-
lettergrepige stam volg, daarom:

há bá (e)ja mabêlê 'as hulle graan eet'

In die voltooide vorm verval die stabiliseerder uiteraard, omdat die stam meerlettergrepig word as gevolg van die aan-
voeging van die voltooide morfeem -ilê, dus

NS bá nwelê

Tsw. bá nole 'terwyl hulle gedrink het'

SS bá nwelê

5.5.4 Wanneer enkellettergrepige stamme in verband met 'n antesedent staan, is die gedrag daarvan effens anders. As

gevolg van die aanvoeging van die uitgangsmorfeem -go/-ng, is die stam nou reeds tweelettergeregig en is 'n stabiliseerder dus nie meer noodsaaklik nie, dus

NS	<u>yô</u> / <u>a</u> <u>nwago</u>	
Tsw.	<u>yô</u> / <u>o</u> <u>nwang</u>	'(hy) wat drink'
SS	<u> </u> / <u>ya</u> <u>nwang</u>	

Soos uit die NS en SS voorbeelde duidelik is, blyk dit dat daar tog sprake van 'n stabiliseerder is. As gevolg van die dubbeltoon (˘) op die stammorfeem, wil dit voorkom of die stabiliseerder -a in die stam opgeneem is (vgl. ook stabiliseerder -á in 3.4.1-3 waar die toon onder andere ook H is). Mens sou kon redeneer dat dit maar die gewone lengte is wat die voorlaaste lettergreep van woorde gewoonlik kenmerk. Hier is dit klaarblyklik nie die geval nie aangesien die NS en SS voorbeelde met beslis langer lengte uitgespreek word as die Tsw. voorbeeld, wat as 'n reël nie van 'n stabiliseerder in hierdie kategorie gebruik maak nie. Trouens, Van Eeden het selfs voorgestel dat enkellettergeregige stamme in SS met 'n dubbelvokaal geskryf behoort te word. Hy sê:

In die relatiefkonstruksie word die slotvokaal van die verbum besonder lank uitgespreek. Dit is veral opvallend in die geval van monosillabiese stamme, sodat dit bepaald meer presies sou wees om byvoorbeeld in die eerste voorbeeld noang in plaas van noang te skryf.

(Van Eeden, 1941, p. 168)

Daar kan dus met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat hierdie stamme ook 'n stabiliseerder in die vorm van

uitgang -a geken het, en dat dit nie net die sogenaamde 'partisipialis' is wat van stabiliseerders gebruik maak nie. Soos wat die stabiliseerder by Tsw. in die 'partisipialis' al weggeslyt het, kan dit ook hier die geval wees.

Die voorwerpskakel en refleksief

5.6.1 Die vorm wat hierdie morfeme in kategorie C aanneem (vgl. 4.9.1-2), geld ook vir kategorie D en verg nie verdere verduideliking nie. Wat die toon betref, word die volgende opgemerk:

5.6.2 Behalwe wanneer twee- en meerlettergrepige H-stamme in die onvoltooide vorm nie in verband met 'n antesedent staan nie, is die toon van hierdie twee morfeme in die negatief deurgaans H, bv.

NS	<u>a sa ntse</u>	'as hy my nie kul nie'
Tsw.	<u>e sa re bolayeng</u>	'(dit) wat ons nie doodmaak nie'
SS	<u>re sa ba batlang</u>	'(ons) wat hulle nie gesoek het nie'

maar:

NS	<u>ba sa re bōna</u>	
Tsw.	<u>ba sa re bōna</u>	'as hulle ons nie sien nie'
SS	<u>ba sa re bōna</u>	

5.6.3 In die positief is die toon baie onreëlmatig. By werkwoorde wat in verband met 'n antesedent staan, neem die

voorwerpskakel en refleksief deurgaans L, bv.

- NS yô/ a se jago '(hy) wat dit eet'
 Tsw. bā/ bā re batlang '(hulle) wat ons soek'
 SS ___/ bā bo apēhilēng '(hulle) wat dit gekook het'

By die ander werkwoorde neem dié morfeme ook L, behalwe voor enkelletergrepige stamme in die onvoltooide vorm en voor alle werkwoordstamme in die voltooide vorm, L-klas, dus

- NS bā ipōna 'as hulle hulself sien'
 Tsw. a mpatla 'as hy my soek'
 SS le re bolailē 'as julle ons doodmaak'

maar:

- NS a ntšā 'as hy my kul'
 Tsw. bā re tswilē 'terwyl hulle ons verlaat het'
 SS dí o batlilē 'terwyl hulle jou gesoek het'

Soos by die laaste voorbeelde opgemerk word, is dit hoofsaaklik die teenwoordigheid van die stabiliseerder wat verantwoordelik gehou kan word vir die versteuring van die reëlmatige toon, wat voorkom by die stamme wat in verband met 'n antesedent gebruik word. Die uitgangsmorfeme -go/-ng oefen nie tonologies soveel invloed op die stamme uit soos die pre-stammorfeme nie, waaronder ook die stabiliseerder gereken word.

Die ontkenningismorfeem -sa-

5.7.1 Die ontkenningismorfeem vir kategorie D is in al drie die tale -sa- en die toon daarvan is deurgaans L. Die ontkenningismorfem toon ooreenkoms met dié van kategorie C in dié opsig dat die uitgange ooreenkom (vgl. 4.12.1). Ofskoon die uitgangsmorfeme -e en -a ooreenkoms toon, wil dit nog nie sê dat ons hier met dieselfde kategorie te make het nie aangesien die ontkenningismorfeme radikaal verskillend is (vgl. 4.12.1). Dit is onder andere om hierdie rede dat die twee kategorieë nie met mekaar vereenselwig kan word nie. Vervolgens 'n paar voorbeelde:

NS	<u>ke sa leme</u>	'terwyl ek nie ploeg nie'
Tsw.	<u>ba sa mpatle</u>	'terwyl hulle my nie soek nie'
SS	<u>e sa le bōneng</u>	'(dit) wat julle nie sien nie'
NS	<u>re sa sepela</u>	'as ons nie geloop het nie'
Tsw.	<u>a sa apaya</u>	'as hulle nie gekook het nie'
SS	<u>ya sa nwang</u>	'(hy) wat nie gedrink het nie'

Die morfeme -ka-, -sa- en -tla-/-tlō-

5.8.1 Hoewel volle besonderhede oor hierdie morfeme in hoofstuk 8 gegee word, kan hier genoem word dat die morfologie en spreiding daarvan in hoofsaak met dié in kategorie C ooreenkom (vgl. 4.11.1-3). Die toonmorfologie egter, is anderssoortig en geniet aandag:

Die morfeme -ka- en -sa- is hoofsaaklik L, terwyl -tla-/-tlô- H neem, dus

NS	<u>yô/ a ka bônago</u>	'(hy) wat kan sien'
Tsw.	<u>yô/ ô ka se bôneng</u>	'(hy) wat nie kan sien nie'
SS	<u>bá ka bolaya</u>	'as hulle kan doodmaak'
NS	<u>yô/ a sa rutago</u>	'(hy) wat nog leer'
Tsw.	<u>a santse a bolaya</u>	'terwyl hy nog doodmaak'
SS	<u>a sa rôbêtse</u>	'terwyl hy nog aan die slaap is'
NS	<u>bá tlô bôna</u>	
Tsw.	<u>bá tla bôna</u>	'terwyl hulle sal sien'
SS	<u>bá tla bôna</u>	

Samevatting

5.9.1 In 5.2.3-6 word redes aangevoer wat bewys dat die sogenaamde 'partisipialis' en die 'werkwoordrelatief' morfologies een en dieselfde kategorie is. Ofskoon dit hoofsaaklik enkellettergrepige stamme is, wat nie in verband met 'n antesedent gebruik word nie, wat 'n stabiliseerder in die positief neem, kom dit ook by implikasie by die ander werkwoorde voor (vgl. 5.5.4). Die element as sodanig is egter, as gevolg van die meerlettergrepigheid van voltooide stamme, hier heeltemal afwesig.

Betreffende die noodsaaklike kenmerke van kategorie D, word genoem dat die werkwoordstam (vgl. 5.4.1 vir die uitgangsmorfeme -a, -e en -ê/-e) altyd met 'n hoogtonige skakelelement verband moet hou en dat dié skakel (behalwe vir sekere Tsw.-dialekte) in klas 1 altyd a- is in plaas van o- (vgl. ook 5.9.4 (c) vir die verskil in SS), terwyl die ontkenningsmorfeem -sa- is. Kenmerkend van hierdie kategorie as geheel, is dat dit tyd onderskei. Dan kan genoem word dat dit ook 'n naamwoord of voornaamwoord as antesedent kan omskryf, en dat só 'n konstruksie waarby die antesedent of demonstratief ingesluit is, eintlik 'n woordgroep is wat as sodanig nie by hierdie onderwerp inpas nie. Indien die werkwoord só optree, is die uitgangsmorfeem -go/-ng kenmerkend. Wat ook opvallend is, is dat subkategorieë 2 (-ka-), 3 (-sa-) en 4 (-tla-/ -tlô-) by kategorie D geïnkorporeer kan word.

5.9.2 Die algemene toonpatroon van werkwoordstamme in kategorie D word soos volg saamgevat:

Onvoltooide vorm

Positief

Negatief

H-stamme

1 met antesedent:

\widehat{LH} (SS en NS), Tsw. L; met
v.s. H

bly H

daarsonder:

bly H; met v.s. L

bly H; met v.s. L

(Vervolg)

PositiefNegatiefH-stamme

2 bly H

bly H

3 bly H; sonder v.s. L¹⁾

bly H; sonder v.s. L

L-stamme

1 met antesedent:

LH (SS en NS), Tsw. L; met
v.s. H

word H

daarsonder:

word H (NS en Tsw.), SS L;
met v.s. L

word H; met v.s. L

2 word H

bly L

3 word H

bly L

Voltooide vormH-stamme

1 met antesedent:

bly H

bly H

daarsonder:

bly H

bly H; met v.s. L

2 bly H

bly H

3 bly H

bly H

L-stamme

1 met antesedent:

bly L

word H

1) Dit is net die geval by werkwoorde sonder antesedent, m.a.w. die gewone werkwoord.

(Vervolg)

Positief

Negatief

L-stamme

daarsonder:

bly L	word H; met v.s. L
2 bly L	bly L
3 bly L	bly L

5.9.3 Betreffende die toonreëls word genoem dat die toon van die uitgangsmorfeme -ng/-go hoofsaaklik L is (vgl. 5.2.7-8), en dié van die skakelelement H (vgl. 5.3.6). Soos uit 5.9.2 blyk, is die toonmorfologie van stamme baie onreëlmstig en ingewikkeld. Duidelike toonverskille word egter tussen die onvoltooide en voltooide vorms opgemerk. Tog blyk dit dat die stamme in die negatief hoofsaaklik H neem. Die toon van die stabiliseerder is hoofsaaklik L, terwyl dié van die voorwerpskakel en refleksief in die negatief, H is (vgl. 5.6.2). In die positief is die toon van hierdie morfeme baie onreëlmstig, hoewel dit oor die algemeen tot L realiseer (vgl. 5.6.3). Die toon van die ontkenningsemorfem is deurgaans L. Die morfeme -ka- en -sa- is L, terwyl -tla-/~tlô- H neem.

5.9.4 Die drie tale verskil hoofsaaklik ten opsigte van die volgende:

- (a) Vir SS en Tsw. is die uitgangsmorfem -ng, terwyl dit vir NS -go is (vgl. 5.2.1).

- (b) Waar die toon van die morfeme -ng/-go in SS en NS deurgaans L is, neem dit in Tsw. H na lae lettergrepe (vgl. 5.2.8).
- (c) In NS en Tsw. lyk die skakelelement vormlik soos die onderwerpskakel van kategorie C, behalwe dat dit vir klas 1 a- is (in Tsw. soms o-). Indien die werkwoord in verband met 'n antesedent staan, het die demonstratief en onderwerpskakel in SS tot 'n nuwe skakelelement saamgetrek (vgl. 5.3.4-5) waar die dubbeltoon \widehat{HH} (``) kenmerkend is (vgl. 5.3.5).
- (d) NS het drie alternatiewe ontkenningsvorme vir die voltooide vorm (vgl. 5.4.1).
- (e) Tsw. neem nie 'n stabiliseerder voor enkel-lettergrepige stamme nie, maar volgens die toon is s6 'n element by implikasie tog teenwoordig (vgl. 5.5.2).

HOOFSTUK 6KATEGORIE EInleiding

6.1.1 Hoewel nie noodwendig gelyktydig nie, kom die volgende morfeme in die morfologiese struktuur van werkwoorde in kategorie E voor:

- (i) skakelelement
- (ii) ontkenningismorfeem -se-
- (iii) morfeme -tla- (NS -tlô-) en -a-
- (iv) voorwerpskakel/refleksief
- (v) stam (wortel + uitgang)
- (vi) meervoudsmorfeem -ng

Slegs enkeles van bogenoemde morfeme (vgl. samevatting) is noodsaaklike elemente van hierdie kategorie en die res is toevallige eienskappe wat ad hoc tot die struktuur bygevoeg kan word.

Die skakelelement

6.2.1 Om herhaling uit te skakel, word genoem dat hierdie morfeem vormlik soos dié van kategorie C lyk (vgl. 4.3.1-2), behalwe dat dit vir klas 1 nie o- nie, maar a- is. Toon-

morfologies verskil dit ook van genoemde kategorie ten opsigte daarvan dat die toon H en nie L is nie, bv.

NS gore/ ke nwê 'sodat ek drink'
 Tsw. gore/ a se jê 'sodat hy dit eet'
 SS hore/ ba di bolayê 'dat hulle dit/hulle doodmaak'

NS gore/ ke se nwê
 Tsw. gore/ a se se jê (ontkenning)
 SS hore/ ba se di bolaye

NS akê/ re yê 1)
 Tsw. akê/ re yê 1) 'laat/mag ons gaan'
 SS akê/ re yê 1)

Die stam

6.3.1 Die uitgangsmorfeem van werkwoordstamme in kategorie E is -ê. SS verskil van die ander twee tale in dié opsig dat die uitgang in die negatief nie -ê is nie, maar -e. Hierdie is egter 'n fonetiese verskil en word net volledigheidshalwe genoem. Die volgende is voorbeelde om die uitgang te illustreer:

1) Vgl. 6.8.2 vir hierdie vorm.

NS	<u>a</u> <u>buš</u> ē	'sodat hy regeer'
Tsw.	<u>ba</u> <u>lo</u> <u>bōn</u> ē	'sodat hulle julle sien'
SS	<u>ke</u> <u>ba</u> <u>batl</u> ē	'sodat ek hulle sien'
NS	<u>a</u> <u>se</u> <u>buš</u> ē	
Tsw.	<u>ba</u> <u>se</u> <u>lo</u> <u>bōn</u> ē	(ontkenning)
SS	<u>ke</u> <u>se</u> <u>ba</u> <u>batl</u> ē	

Omdat die uitgange van stamme in hierdie kategorie aan bogenoemde morfeme gebonde is, word duidelik opgemerk dat werkwoorde in kategorie E nie in onvoltooidheid en voltooidheid kan onderskei nie. Hierdie eienskap word dan onder andere as rede aangevoer waarom kategorie E as afsonderlike kategorie geklassifiseer moet word.

6.3.2 As alternatief vir bogenoemde ontkenning, het aldrie die tale 'n saamgestelde ontkenningsvorm waarin die hulpwerkwoordstam -ka gebruik word, bv.

NS	<u>o</u> <u>se</u> <u>kē</u> <u>wa</u> <u>bōn</u> a	
Tsw.	<u>o</u> <u>se</u> <u>ka</u> <u>wa</u> <u>bōn</u> a	'sodat jy nie sien nie'
SS	<u>o</u> <u>se</u> <u>ke</u> <u>wa</u> <u>bōn</u> a	

Lett. 'dat jy nie kan jy sien dan'

Daar word opgemerk dat die hulpwerkwoordstam in Tsw. nie ontken is nie maar -ka gebly het. Dit is moontlik dat die uitgangsvokaal van die hulpwerkwoordstam aan die vokaal van die daaropvolgende onderwerpskakel en/of werkwoorduitgang geassimileer het om sodoende weer na -ka terug te keer.

6.3.3 Aangaande die toonmorfologie van stamme word opgemerk dat die gedrag van enkellettergripige H- sowel as L-stamme eenders is. Hierdie stamme is in die positief L, behalwe wanneer 'n voorwerpskakel of refleksief ingevoeg word, bv.

NS	<u>re</u> <u>tlê</u>	
Tsw.	<u>re</u> <u>tlê</u>	'sodat ons kom'
SS	<u>re</u> <u>tlê</u>	

maar:

NS	<u>a</u> <u>se</u> <u>jê</u>	
Tsw.	<u>a</u> <u>se</u> <u>jê</u>	'sodat hy dit eet'
SS	<u>a</u> <u>se</u> <u>jê</u>	

H- sowel as L-stamme is ook H wanneer 'n daaropvolgende woord op L begin, dus

NS	<u>a</u> <u>nwê</u> <u>bjalwa</u>	
Tsw.	<u>a</u> <u>nwê</u> <u>bojalwa</u>	'sodat hy bier drink'
SS	<u>a</u> <u>nwê</u> <u>jwala</u>	

6.3.4 In die negatief neem die stamme H, behalwe met 'n voorwerpskakel of refleksief, bv.

NS	<u>ke</u> <u>se</u> <u>nwê</u>	
Tsw.	<u>ke</u> <u>se</u> <u>nwê</u>	'sodat ek nie drink nie'
SS	<u>ke</u> <u>se</u> <u>nwe</u>	

maar:

NS a se e jê
 Tsw. a se e jê 'sodat hy dit nie eet nie'
 SS a se e je

6.3.5 Twee- en meerlettergrepige H-stamme bly in die positief sowel as in die negatief deurgaans H, dus

NS ba bônê
 Tsw. ba bônê 'sodat hulle sien'
 SS ba bônê

NS dí se bolayê
 Tsw. dí se bolayê 'sodat hulle nie doodmaak nie'
 SS dí se bolaye

6.3.6 Twee- en meerlettergrepige L-stamme word in die positief H, behalwe wanneer 'n voorwerpskakel of refleksief geïnkorporeer word, bv

NS a lemê
 Tsw. a lemê 'sodat hy ploeg'
 SS a lemê

maar:

NS dí dí lemê
 Tsw. dí dí lemê 'sodat hulle dit ploeg'
 SS dí dí lemê

In die negatief bly hierdie stamme egter deurgaans L, daarom:

NS	<u>ba se rôbalê</u>	
Tsw.	<u>ba se rôbalê</u>	'sodat hulle nie slaap nie'
SS	<u>ba se rôbale</u>	

Die voorwerpskakel en refleksief

6.4.1 Hierdie morfeme kan ook by werkwoorde in kategorie E ingesluit word. Morfologies lyk dit soos dié wat in kategorie C behandel is (vgl. 4.9.1-2) en is dieselfde spreidingsreëls ook van toepassing. Toonmorfologies geniet dit egter besondere aandag en is die volgende reëls vasgestel:

By alle H-stamme neem dié morfeme L in die positief en H in die negatief, dus:

NS	<u>a di jê</u>	'sodat hy dit eet'
Tsw.	<u>re ba busê</u>	'sodat ons hulle regeer'
SS	<u>ba di bolayê</u>	'sodat hulle dit doodmaak'

NS	<u>a se di jê</u>	
Tsw.	<u>re se ba busê</u>	(ontkenning)
SS	<u>ba se di bolayê</u>	

6.4.2 Voor enkellettergrepige L-stamme is die toon van die voorwerpskakel en refleksief dieselfde as by die H-stamme hierbo, d.w.s. L in die positief en H in die negatief, dus:

NS	<u>bá n̄tšwē</u>	
Tsw.	<u>bá n̄tswē</u>	'sodat hulle my in die steek laat'
SS	<u>bá n̄tswē</u>	

maar:

NS	<u>bá se n̄tšwē</u>	
Tsw.	<u>bá se n̄tswē</u>	(ontkenning)
SS	<u>bá se n̄tswē</u>	

6.4.3 Voor twee- en meerlettergrepige L-stamme is die toongedrag van hierdie morfeme baie reëlmatig aangesien hulle deurgaans H neem, daarom:

NS	<u>bá e lemē</u>	'sodat hulle dit ploeg'
Tsw.	<u>ó ipatlē</u>	'sodat jy jouself soek'
SS	<u>á le tebêlē</u>	'sodat hy julle wegjaag'

NS	<u>bá se e lemē</u>	
Tsw.	<u>ó se ipatlē</u>	(ontkenning)
SS	<u>á se le tebêlē</u>	

Die ontkenningismorfeem -se-

6.5.1 Behalwe vir die saamgestelde ontkenningvorm wat in 6.3.2 genoem is en waarin die ontkenningismorfeem -se- optree, maak die vorm wat meer gebruiklik is ook van hierdie morfeem gebruik. Die daarmee gepaardgaande uitgangsmorfeme is dan -ê vir NS en Tsw. en -e vir SS. Die hoër gebruiksfrekwensie

aanvaar word dat bogenoemde voorbeelde in NS en SS vroeër ook soos in Tsw. daar uitgesien het en pas subkategorie 5 dus gemaklik by kategorie E in.

Die morfeem -a-

6.7.1 Uit die inventaris is opgemerk dat kategorie E ook 'n pre-stammorfeem -a-, wat met die onderwerpskakel saamsmelt, in sy struktuur kan opneem. Die meegaande uitgangsmorfeem -a word dan ook veronderstel, dus:

NS	<u>ra roma</u>	
Tsw.	<u>ra roma</u>	'dan stuur ons/toe stuur ons/dat ons dan stuur'
SS	<u>ra roma</u>	

Hierdie vorm is al geïdentifiseer as die 'konsekutief/verhandelende tyd/ a-verlede tyd/ die verlede tyd van die subjunktief'.

6.7.2 Hoewel die morfeem -a- nie duidelik as afsonderlike morfeem herkenbaar is nie, word by nadere ondersoek opgemerk dat die skakelelement uit die onderwerpskakel van kategorie E plus die -a- bestaan. Aangesien die toon van die skakelelement 'n dubbeltoon is, naamlik $\hat{H}\bar{L}$ (\sim), bv.

NS	<u>a roma</u>	
Tsw.	<u>a roma</u>	'dan stuur hy'
SS	<u>a roma</u>	

NS	<u>tšá nwa</u>	
Tsw.	<u>tsá nwa</u>	'dan drink hulle'
SS	<u>tsá nwa</u>	

kan met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat hier 'n proses van samesmelting plaasgevind het waar die eerste gedeelte van die dubbeltoon die hoë toon van die onderwerp-skakel in hierdie kategorie verteenwoordig (vgl. 6.2.1) en die tweede gedeelte die klaarblyklike lae toon van -a- is. Na aanleiding hiervan, het die voorbeelde hierbo vroeër waarskynlik soos volg daar uitgesien:

NS	* <u>á á roma</u>	
Tsw.	* <u>a a roma</u>	'dan stuur hy'
SS	* <u>a a roma</u>	
NS	* <u>dí a nwa</u>	
Tsw.	* <u>di a nwa</u>	'dan drink hulle'
SS	* <u>di a nwa</u>	

Aangesien die ontkenningismorfeem van hierdie vorm nog steeds -se- is, soos vir kategorie E, bv.

NS	<u>ká se bolayê</u>	
Tsw.	<u>ka se bolayê</u>	'dan maak ek nie dood nie'
SS	<u>ka se bolaye</u>	

bestaan daar 'n redelike mate van sekerheid dat die vorm met -a- as onderafdeling van kategorie E beskou kan word. Die toonmorfologiese reëlmatigheid van byvoorbeeld die onderwerp-skakel, word as addisionele bewysmateriaal genoem.

6.7.3 Omdat die morfologiese aanwending en spreiding van hierdie subvorm ooreenkoms toon met subkategorieë 1 (-a-), 2 (-ka-), 3 (-sa-) en 4 (-tla-/ -tlô-) soos in 4.10.8 aange-ton en omdat dit tesame met die betrokke uitgangsmorfeem 'n bepaalde betekeniswending binne die betekenis van kategorie E veroorsaak, kan dit voortaan as subkategorie 5 bekend staan. Net soos subkategorie 1 tot een enkele kategorie, naamlik kategorie C, beperk is (vgl. 4.10.6), so is subkategorie 5 tot kategorie E beperk.

6.7.4 Vyf redes word aangevoer om te bewys dat die vorm met -a- as subkategorie van kategorie E geïdentifiseer moet word:

- (a) Die dubbeltoon op die skakelelement bewys dat dié element uit twee gedeeltes, naamlik 'n onderwerpskakel en 'n morfeem -a- moes bestaan het (vgl. 6.7.2).
- (b) Dat die eerste gedeelte van die dubbeltoon juis hoog is, is 'n bewys dat die onderwerpskakel wat saamgesmelt het, dié van kategorie E moet wees aangesien die kenmerkende toon van onderwerpskakels in dié kategorie, deurgaans H is (vgl. 6.2.1).
- (c) Aangesien die skakelelement van klas 1 as resultaat van samesmelting a- (a + a) is en nie wa- (o + a) is nie, kan aanvaar word dat die onderwerpskakel van kategorie E hierby betrek

- is en dat die onderwerpskakels van ander kategorieë uitgesluit kan word. (Die onderwerpskakel van klas 1 vir kategorie E is 'n hoogtonige á- en nie o- nie, vgl. 6.2.1). Hoewel die skakelelement van klas 1 vir kategorie D ook 'n hoogtonige á- is (vgl. 5.3.3, is die moontlikheid dat die skakelelement van kategorie D hierby betrokke is, uitgesluit, aangesien werkwoorde waarby subkategorie 5 ingesluit is, nie in dieselfde sintaktiese verbande as werkwoorde in kategorie D kan optree nie.
- (d) Die morfologiese spreiding van -a- as prestammorfeem, toon ooreenkoms met dié van die ander subkategorieë (vgl. 6.7.3).
- (e) Die ontkenningmorfeem is -se- en gepaardgaande hiermee is die kenmerkende uitgangsmorfeem -ê (SS -e) wat aan kategorie E toegesê word (vgl. 6.5.1).

Kategorie E as deel van 'n woordgroep

6.8.1 Kategorie E kan gebruik word as komplement van sekere hulpwerkwoorde om sodoende 'n wens of begeerte uit te druk. Dié hulpwerkwoorde is vir die onderskeie Sothotale die volgende:

NS ánkê, ákê, á, gá
Tsw. ánkê, ákê, ákô, ánkô, á
SS ánkê, ákê, á, há

byvoorbeeld:

NS ákê/ ke mo thušê
Tsw. ákê/ ke mo thušê 'laat/mag ek hom help'
SS ákê/ ke mo thušê

6.8.2 As komplementêre werkwoord verskil kategorie E van die gewone werkwoord daarin dat dit in 'dualis' (tweevoud) en 'pluralis' (meervoud) kan onderskei deur die aanvoeging van 'n morfeem -ng. Op grond van die voorkoms van hierdie morfeem kan 'n persoon dalk geneig wees om hierdie werkwoorde in 'n afsonderlike hoofdelike kategorie te plaas. Hiermee sou 'n fout begaan word aangesien -ng nie 'n noodsaaklike morfeem is nie maar slegs 'pluralis' aandui, bv.

NS ákê/ re yê
Tsw. ákê/ re yê 'laat ons twee gaan'
SS ákê/ re yê

maar:

NS ákê/ re yêng
Tsw. ákê/ re yêng 'laat ons (meer as twee) gaan'
SS ákê/ re yêng

6.8.3 Voorts word daarop gewys dat die morfeem -ng nie so eie aan die komplementêre werkwoord alleen is nie aangesien dit ook met die gewone werkwoorde in kategorie E gebruik kan word. Vergelyk byvoorbeeld:

NS	<u>ke</u> <u>a</u> <u>go</u> <u>thuša</u> <u>gore</u> <u>o</u> <u>fêtsê</u>	'ek help jou sodat jy
Tsw.	<u>ke</u> <u>a</u> <u>go</u> <u>thusa</u> <u>gore</u> <u>o</u> <u>fêtsê</u>	moet klaarmaak'
SS	<u>ke</u> <u>a</u> <u>o</u> <u>thusa</u> <u>hore</u> <u>o</u> <u>qêê</u>	(een persoon)
NS	<u>re</u> <u>a</u> <u>thušana</u> <u>gore</u> <u>re</u> <u>fêtsê</u>	'ons help mekaar sodat
Tsw.	<u>re</u> <u>a</u> <u>thusana</u> <u>gore</u> <u>re</u> <u>fêtsê</u>	ons moet klaarmaak'
SS	<u>re</u> <u>a</u> <u>thusana</u> <u>hore</u> <u>re</u> <u>qêê</u>	(twee persone)
NS	<u>re</u> <u>a</u> <u>thušana</u> <u>gore</u> <u>re</u> <u>fêtsêng</u>	'ons help mekaar
Tsw.	<u>re</u> <u>a</u> <u>thusana</u> <u>gore</u> <u>re</u> <u>fêtsêng</u>	sodat ons moet klaar-
SS	<u>re</u> <u>a</u> <u>thusana</u> <u>hore</u> <u>re</u> <u>qêêng</u>	maar' (meer as twee persone)

6.8.4 Indien kategorie E as komplement van die hulpwerkwoorde in 6.8.1 optree, kan geeneen van die subkategorieë daarby opgeneem word nie.

Samevatting

6.9.1 Die uitstaande morfologiese kenmerke van werkwoorde in kategorie E is die volgende:

Die uitgangsmorfeem -ê in die positief en negatief en die hoogtonige skakelelement wat vir klas 1 nie o- nie, maar a- is.

Die ontkenningmorfeem is -se-. Na sekere hulpwerkwoorde, maak werkwoorde in hierdie kategorie deel uit van woordgroepe om 'wense' of 'begeertes' in Sotho uit te druk en is die morfeem -ng om 'pluralis' te onderskei, kenmerkend. 'n Nuwe subkategorie, naamlik subkategorie 5, wat tot kategorie E alleen beperk is, verdien ook nadere vermelding, terwyl genoem moet word dat van die ander subkategorieë slegs subkategorie 4 by werkwoorde in kategorie E ingesluit kan word.

6.9.2 Die toon van werkwoordstamme in kategorie E word soos volg saamgevat:

Positief

Negatief

H-stamme

1 word L; met v.s. H

bly H; met v.s. L

2 bly H

bly H

3 bly H

bly H

L-stamme

1 bly L; met v.s. H

word H; met v.s. L

2 word H; met v.s. L

bly L

3 word H; met v.s. L

bly L

6.9.3 Die algemene toonreëls kan soos volg saamgevat word: Soos uit 6.9.2 bekend word, is die toonmorfologie van stamme taamlik reëlmatig en 'n patroon kan vasgelê word. Die addisionele morfeme wat bygevoeg kan word, kan egter die reëlmatigheid versteur. So byvoorbeeld word L-stamme waarby

die subkategoriale morfeem -a- ingevoeg word, H terwyl H-stamme H bly (vgl. die voorbeeld met die enkellettergrepige stam in 6.7.2 wat aanvanklik L was). As gevolg van die reedsgenoemde subkategoriale morfeem, neem die saangestelde skakelelement 'n dubbeltoon naamlik \widehat{HL} (^), terwyl die toon van die skakelelement van kategorie E as sodanig, gewoonlik H is (vgl. 6.4.3). Die toon van die ontkenningmorfeem is L al word subkategorieë 4 en 5 by die werkwoordstruktuur ingevoeg (vgl. 6.5.1, 6.6.1, 6.7.2). Die pre-stammorfeem -a- van subkategorie 5 het aanvanklik waarskynlik 'n lae toon geneem, terwyl die morfeem -tla-/-tlô- van subkategorie 4 'n dubbeltoon, naamlik \widehat{HL} (^) het (vgl. 6.6.1 en die tweede stel voorbeelde in 6.7.2).

6.9.4 Sover dit kategorie E aangaan, is daar min morfologiese verskilpunte ten opsigte van die drie tale:

- (a) Die uitgangsmorfeem van werkwoordstamme in die negatief is in SS -e en nie -ê soos by die ander twee tale nie (vgl. 6.3.1).
- (b) In 'n saangestelde ontkenning met -ka- het Tsw. -ka- gebly, terwyl die ander twee tale -kê- met die kenmerkende uitgang -ê van kategorie E neem (vgl. 6.3.2).
- (c) By die ontkenning met subkategorie 5 het Tsw. se werkwoordstam nog die uitgang -ê van subkategorie E behou, terwyl dit nie meer by NS en SS opgemerk word nie (vgl. 6.6.1).

HOOFSTUK 7KATEGORIE FInleiding

7.1.1 Hierdie werkwoordkategorie met die kenmerkende morfologiese struktuur (vgl. ook 1.9.10)

- (i) onderwerpskakel
- (ii) ontkenningismorfeem -se-
- (iii) voorwerpskakel/refleksief
- (iv) stam (wortel + uitgang)

kom ooreen met Cole se "Habitual Tense" (Cole, 1955, p. 270 en Doke se "Perfect Tense" (Doke, 1957, p. 234) van die "Subjunctive Mood".

7.1.2 Daar word dus opgemerk dat wat in hierdie proefskrif as 'n afsonderlike kategorie, naamlik kategorie F, behandel word, deur genoemde twee persone as tydvorms van 'n werkwoordvorm wat ek onder kategorie E geklassifiseer het, beskou word. Van Eeden was dan ook van die eerste Bantoetaalkundiges wat hierdie werkwoordvorm as 'n afsonderlike 'modus' uitgesonder het. Hy sê:

Hierdie modus word gebruik om 'n handeling (of toestand)aan te dui wat uit gewoonte, of gereeld, of herhaaldelik plaasvind. Kenmerkend omtrent die

vorm daarvan is die uitgangs-e (wat geslote is) van die stam van die verbum.

(Van Eeden, 1941, p. 108)

7.1.3 Met ^{eerstgenoemde} hierdie benadering kan nie saamgestem word nie. Doke self gee morfologiese onderskeidings wat hom weerspreek. Hy sê byvoorbeeld:

In this the same concords as for the present-future subjunctive are used. The stem of the verb is modified by substituting -e for final -a.

(Doke, 1957, p. 234)

Hieruit word die morfologiese verskil tussen die uitgange van hierdie vorm en dié van die sogenaamde 'subjunktief' duidelik. Eersgenoemde neem die uitgang -e (vgl. 7.3.1) terwyl laasgenoemde 'n -ê kenmerk (vgl. 6.3.1).

7.1.4 Nog 'n verskil wat Doke nie raakgesien het nie maar deur Cole opgemerk is en in hierdie proefskrif bevestig word, is dat die toon van onderwerpskakels in hierdie kategorie deurgaans L is (vgl. 7.2.1) terwyl dié van kategorie E 'n hoë toon neem (vgl. 6.2.1). Om Cole aan te haal, die volgende:

The habitual tense is characterized by the change of the terminative vowel of the verb stem to -e, while the subjectival concord is always low-toned and in class 1 singular appears as a- instead of the usual o-.

(Cole, 1955, p. 270)

Hierdie toonmorfologiese onderskeidingsteken dien dus as addisionele bewysmateriaal om aan te voer waarom werkwoorde in hierdie kategorie 'n afsonderlike kategorie regverdig.

7.1.5 Ziervogel, wat 'n groot bydrae vir Noord-Sotho ten opsigte van hierdie werkwoordvorm gelewer het, se standpunt word sterk ondersteun en hierop word voortgebou. Veral sy toonmorfologiese onderskeidings wat hierdie kategorie in die besonder kenmerk, mag nie die aandag ontglip nie. Ook 'n besondere vorm wat hy in Sekoekoenieland vasgestel het, dien vermeld te word. Ten opsigte van hierdie vorm sê hy:

Die onderwerpskakel met 'n vallende toon word gevolg deur 'n werkwoordstam met 'n hoë slotvokaal in die positief, bv. dikgōmo di (d.w.s. dí) fulé thabēng (die beeste wel gewoonlik in die berg), negatief dikgōmo ga di ke di fula thabēng.

(Ziervogel, 1969, p. 78)

Vervolgens 'n nadere beskouing van die struktuur van werkwoorde in kategorie F.

Die onderwerpskakel

7.2.1 Die onderwerpskakel lyk vormlik in alle opsigte soos dié van kategorie E. Die toon daarvan is egter nie H nie, maar L, dus

NS	<u>ke nwe</u>	
Tsw.	<u>ke nwe</u>	'ek drink gewoonlik'
SS	<u>ke nwe</u>	

NS a rōbale
 Tsw. a rōbale 'hy slaap gewoonlik'
 SS a rōbale

NS di bōne motse
 Tsw. di bōne motse 'hulle sien gewoonlik die stat'
 SS di bōne motse

Die stam

7.3.1 Die werkwoordstam neem 'n kenmerkende uitgangsmorfeem -e in al drie die tale. Hierdie morfeem geld vir die positief sowel as die negatief (vgl. 7.4.1 vir negatief van NS). Die toon van stamme is baie reëlmatig. Enkellettergrepige L- sowel as H-stamme neem in die positief sowel as in die negatief H, bv.

H-stamme

NS re je
 Tsw. re je 'ons eet gewoonlik'
 SS re je

NS re se jē 1)
 Tsw. re se je (ontkenning)
 SS re se je

1) Vergelyk 7.4.1 vir die uitgang -ê.

L-stamme

NS a ye
 Tsw. a ye 'hulle gaan gewoonlik'
 SS a ye

NS a se yê
 Tsw. a se ye (ontkenning)
 SS a se ye

Hierdie toon word alleen deur die onderwerpskakel en refleksief beïnvloed. Sodra dié morfeme intree, word die stamme L, bv.

H-stamme

NS ba a nwe
 Tsw. ba a nwe 'hulle drink dit gewoonlik'
 SS ba a nwe

NS ba se a nwê
 Tsw. ba se a nwe (ontkenning)
 SS ba se a nwe

L-stamme

NS a re tšwe
 Tsw. a re tswê 'hulle laat ons gewoonlik in die steek'
 SS a re tswê

NS	<u>a se re tšwê</u>	
Tsw.	<u>a se re tšwe</u>	(ontkenning)
SS	<u>a se re tšwe</u>	

ogenoemde kan ook as voorbeelde dien om aan te toon dat die voorwerpskamel en refleksief in kategorie F altyd 'n hoë toon hê. Hierdie morfeme is dan ook verantwoordelik vir die assimilasie van die stamtone van H na L.

3.2 Twee- en meerlettergrepige L- en H-stamme verskil toon- en morfologies van mekaar en kan as sodanig nie met mekaar vergeleek word nie. Elke klas stamme hou egter by hulle basiese funksionering hetsy dit in die positief of negatief is, of 'n voorwerpskamel of refleksief het, dus

H-stamme

NS	<u>a bušê</u>	
Tsw.	<u>a buse</u>	'hy regeer gewoonlik'
SS	<u>a buse</u>	

NS	<u>di se bolayê</u>	
Tsw.	<u>di se bolaye</u>	'hulle maak gewoonlik nie dood nie'
SS	<u>di se bolaye</u>	

L-stamme

NS	<u>ba se lemê</u>	
Tsw.	<u>ba se leme</u>	'hulle ploeg gewoonlik nie'
SS	<u>ba se leme</u>	

NS	<u>re rōbale</u>	
Tsw.	<u>re rōbale</u>	'ons slaap gewoonlik'
SS	<u>re rōbale</u>	

Dit is opvallend dat tweelettergrepige L-stamme op 'n hoë toon eindig. Hierdie verskynsel geld nie net vir die negatief soos hierbo nie, maar ook vir die positief, bv.

NS	<u>ba</u> <u>lemé</u>	
Tsw.	<u>ba</u> <u>lemé</u>	'hulle ploeg gewoonlik'
SS	<u>ba</u> <u>lemé</u>	

Dié eienaardigheid word opgemerk omdat werkwoorde as 'n reël op L eindig behalwe wanneer woorde op hulle volg. Hoewel nie noodwendig nie, neem hulle in laasgenoemde geval gewoonlik 'n hoë toon.

Die ontkenningmorfeem -se-

7.4.1 Die ontkenningmorfeem vir werkwoorde in kategorie F is -se- en 'n meegaande uitgangmorfeem -e word veronderstel. In NS is die uitgang -ê alhoewel -e dialekties voorkom. Dit kan gebeur dat die uitgang -ê van NS verwar kan word met die -ê van kategorie E (vgl. 6.3.1), maar soos reeds genoem, verskil die onderwerpskakels toonmorfologies en val die twee groepe werkwoorde onder andere om hierdie rede noodwendig in twee verskillende kategorieë uiteen. Die toon van die ontkenningmorfeem is konsekwent L, bv.

NS	<u>ke</u> <u>se</u> <u>di</u> <u>jê</u>	
Tsw.	<u>ke</u> <u>se</u> <u>di</u> <u>je</u>	'ek eet dit gewoonlik nie'
SS	<u>ke</u> <u>se</u> <u>di</u> <u>je</u>	

As alternatief vir bogenoemde ontkenning maar nie algemeen gebruiklik nie, maak SS en Tsw. van 'n saamgestelde ontkenning

gebruik waarin die hulpwerkwoordstam -ka optree. Die hulpwerkwoord sowel as die komplementêre werkwoord is dan werkwoorde soos vir kategorie F, bv.

Tsw.	<u>a se ke a rōbale</u>	'hy slaap gewoonlik nie'
SS	<u>a se kē a rōbale</u>	
Tsw.	<u>ba se ke ba bōne</u>	'hulle sien gewoonlik nie'
SS	<u>ba se kē ba bōne</u>	

Van Eeden gee nog twee alternatiewe vir SS met die gebruik van die hulpwerkwoordstam -ka. In die een geval volg die komplementêre werkwoord in die "participiale modus" en in die ander geval in die "teenwoordige tydvorm van die habituele modus". In albei gevalle word van die ontkenningismorfeem ha gebruik gemaak (vgl. Van Eeden, 1941, p. 127). Hierdie ontkenningismorfeem word nie verder bespreek nie, aangesien dit ontkenningismorfeem van saamgestelde werkwoorde is en dus buite die bestek van hierdie proefskrif val.

7.4.2 Doke gee 'n volgende moontlike ontkenning vir SS. Hy sê:

There is no real negative to this tense; but an equivalent in certain constructions is achieved by means of the present-future subjunctive of -ke followed by the past subjunctive, e.g. kē- sē-ke ka-rēka (that I should not buy at all).

(Doke, 1957, p. 235)

Uit sy eie vertalings van die Sothosin word alreeds opgemerk dat Doke hier met sy "past subjunctive" en "perfect subjunctive" deurmekaar geraak het. Die ontkenningismorfeem wat hy hierbo aandui, is een wat ons vir kategorie E geïdentifiseer het en Doke se vertaling stem daarmee saam (vgl. 6.3.2). Die ontkenningismorfeem wat vir SS in 7.4.1 hierbo aangetoon is, het Doke klaar-

blyklik nie teëgekomp nie want nêrens word daarvan melding gemaak nie en daarom sê hy ook dat "there is no real negative to this tense;".

Die subkategorieë

7.5.1 Geeneen van die vyf subkategorieë kan by werkwoorde in kategorie F geïnkorporeer word nie. Tot dusver is dit die enigste groep werkwoorde wat hierdie bepaalde gedragspatroon inslaan en daarom word dit as 'n uitstaande morfologiese rede beskou waarom hierdie groep werkwoorde 'n afsonderlike kategorie kenmerk. Die afwesigheid van subkategorieë binne die struktuur van kategorie F, word ook as rede aangevoer waarom dit nie met kategorie E geassosieer kan word nie. Kategorie E neem onder andere die morfeem -tla-/-tlô- in sy struktuur op (vgl. 6.6.1).

Samevatting

7.6.1 Van die ses hoofkategorieë wat geïdentifiseer is, kom kategorie F as van die eenvoudigstes voor. Die volgende is die uitstaande morfologiese kenmerke vir werkwoorde in hierdie kategorie:

Die laagtonige onderwerpskakel en die kenmerkende werkwoorduitgang -e. Die gebruik van 'n laagtonige ontkenningmorfeem -sè- en die feit dat pre-stammorfeme nie geïnkorporeer kan word nie, is ook opvallend.

7.6.2 Die volgende is 'n samevatting van die toonreëls wat werkwoordstamme in kategorie F volg:

<u>Positief</u>	<u>Negatief</u>
<u>H-stamme</u>	
1 bly H; met v.s. L	bly H; met v.s. L
2 bly H	bly H
3 bly H	bly H
<u>L-stamme</u>	
1 word H; met v.s. L	word H; met v.s. L
2 bly L	bly L
3 bly L	bly L

7.6.3 Die algemene toonreëls van werkwoorde in kategorie F is maklik interpreteerbaar en 'n eenvoudige stelsel word opgemerk, naamlik:

Enkellettergrepige L- sowel as H-stamme is in die positief en in die negatief H. Indien 'n voorwerpskakel of refleksief ingevoeg word, verander die toon na L. Twee- en meerlettergrepige H-stamme bly in alle opsigte H terwyl L-stamme deurgaans L bly. Die onderwerpskakel en ontkenningmorfeem is albei L, terwyl die refleksief en voorwerpskakel altyd H neem.

7.6.4 Ten opsigte van hierdie kategorie bestaan daar morfologies groot eenvormigheid tussen die drie tale. Die

enigste uitstaande verskil is dat NS 'n uitgang -ê in die negatiewe vorm kan neem, terwyl Tsw. en SS -e het. Die moontlikheid dat hierdie 'n fonetiese verskil is, word in gedagte gehou.

--- oOo ---

HOOFSTUK 8

SAMEVATTING

Die werkwoord as uitgangspunt

8.1.1 Omdat die werkwoord die objek van hierdie proefskrif is, moes 'n beskrywing daarvan met betrekking tot Sotho gevind word. In 1.2.7 is dan ook gemeld dat die noodsaaklike morfologiese kenmerke van die werkwoord dié van wortel plus een of ander kategoriale uitgangsmorfeem moet wees. Hierdie is morfologiese kenmerke wat alle werkwoorde met mekaar in gemeen moet hê en hierdeur word hulle van ander woordsoorte onderskei, byvoorbeeld van naamwoorde wat as noodsaaklike vereiste 'n klasprefiks plus 'n stam moet kenmerk, byvoorbeeld mò+sádì 'vrou'.

8.1.2 Om die werkwoord as taalkundige verskynsel suiwer te kon uitsonder, is die sintaksis (vgl. 1.2.9) en semantiek (vgl. 1.2.10) ook by die definisie betrek, sodat 'n verteenwoordigende taalwetenskaplike beskrywing van die werkwoord in Sotho soos volg saamgevat kan word: Morfologies moet dit minstens 'n wortel plus 'n kategoriale uitgangsmorfeem bevat, terwyl dit sintakties as kern van 'n deskriptiewe bepaling moet kan gebruik word en semanties 'die aard en/of verloop van 'n proses' moet kan aandui.

Morfologiese kenmerke van die kategorieë

8.2.1 Voordat die morfologiese kenmerke van die verskillende werkwoordkategorieë uitgesonder kan word, moet genoem word dat die verskillende werkwoordkategorieë moeilik isoleerbaar is omdat dit só ineen geweef is om die gehele werkwoordsisteen te reali-

